



DE BUSSY SE
LEESBOEK VIR SUID-AFRIKA

DEUR

K. BONSMAS

EN

P. J. KLOPPERS

OPNUUT HERSIEN DEUR


Dr. E. C. PIENAAR

STANDERD V.

NUWE UITGAWE

ELFDE DRUK

Skb
372.412
BON



Die poort van die Kasteel, Kaapstad.

*Aanbeveel deur die V.V.O.Z.A. (nou die Transvaalse Onderwysersvereniging)
en goedgekeur deur die Skoolboeke-kommissie van die Suid-Afrikaanse
Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.*

DE BUSSY SE LEESBOEK VIR SUID-AFRIKA

DEUR

K. BONSMAS,

ONDÊRWYSER AAN DIE NORMAALSKOOL, HEIDELBERG, TRVL.

EN

P. J. KLOPPERS,

INSPEKTEUR VAN SKOLE, TRANSVAAL.

OPNUUT HERSIEN DEUR

Dr. E. C. PIENAAR,

PROFESSOR AAN DIE UNIWERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STANDERD V.

NUWE UITGAWE

ELFDE DRUK

H. A. U. M. v/h JACQUES DUSSEAU & Co., KAAPSTAD
FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA

1930

VOORWOORD.

Toe ons in 1918 die eerste Afrikaanse uitgawe van *De Bussy se Leesboek vir Suid-Afrika* die skoolwêreld ingestuur het, kon ons nie dink, dat die serie so 'n eervolle plek in ons skole sou gaan inneem en so lank die plek sou handhaaf nie.

Die nuwe drukke, wat telkens weer nodig was, het ons die bewys gelewer van hul deugdelikheid, en die getuienis wat ons ongevraag van so baie kante mog ontvang, het ons versterk in die oortuiging, dat die onderwysers reken dat die boekies aan hul doel beantwoord: om die kind sekuur en vaardig te leer lees, 'n goeie leestoon by hom aan te kweek, sy voorraad woorde en idioome te vermeerder, sy algemene kennis uit te brei, sy leeslus op te wek en sy smaak te ontwikkel.

Behalwe enkele klein wysigings hier en daar, en 'n gereelde reviesie om hulle in ooreenstemming te hou met die gangbare spelling, het die boekies in al die tyd nagenoeg onveranderd gebly.

Ons het egter gemeen, dat nou die tyd gekom het om hulle aan 'n deeglike hersiening en omwerking te onderwerp.

Afrikaans is in die laaste tien jaar so ywerig bestudeer en die gebruik daarvan as skryftaal het so sterk toegeneem, dat dit nou baie makliker is om uit te maak, wat werklik Afrikaanse idioom is en wat nie as suiwer Afrikaans erken kan word nie, as toe ons die eerste boekie as 'n probeerslag uitgegee het.

Ons kan nie genoeg dankbaar bly aan dr. W. M. R. Malherbe en „Tannie van die Brandwag” nie, wat

gewillig was om as peetouers op te tree vir die eerste uitgawe, en vir al die belangstelling, moeite en sorg wat hulle steeds getoon het vir hul peetkinders. Graag sou ons gesien het, dat ook hierdie nuwe bewerking deur dr. Malherbe onderneem was, maar sy drukke werksaamhede maak dit onmoontlik. Dat sy belangstelling ewenwel nie verflou is nie, word wel bewys deur die feit, dat hy ons nou weer gehelp het om 'n nuwe peetvader te vind in dr. E. C. P i e n a a r, Professor aan die Uniwersiteit van Stellenbosch.

Ons voel ons gelukkig dat prof. Pienaar hom bereid verklaar het, om ons boekies aan 'n deeglike omwerking en hersiening te onderwerp. Sonder die minste twyfel het hulle daardeur aanmerklik in bruikbaarheid gewen, en ons meen stellig dat die boekies nou, wat taal en styl betref, op die hoogte van hul tyd is, en dat die leesstof in onberispelike Afrikaans aangebied word.

Ons vertrou dan ook, dat hulle nog lank 'n waardige plek sal bly inneem onder ons skoolleesboeke en by voortdurende sal help, om die peil van Afrikaans op ons skole hoog te hou.

Met dank vir die steun en waardering in die verlede, beveel ons die boekies opnuut aan in die belangstelling van ons kollegas. Ook wat die heeltemal hersiene uitgawe betref, sal ons weer dankbaar wees vir wenke en raadgewings in verband met taal, spelling, idioom, geskiktheid van lesse, ens., kortom vir alles wat ons van diens kan wees om ons boekies altyd beter aan hul doel te laat beantwoord.

Heidelberg, }
Johannesburg, } 1927.

DIE SKRYWERS.

I N H O U D.

	Blads.		Blads.
1. Uit die nood gered. I.	9	21. <i>Die Kasteel</i>	101
2. „ „ „ „ II.	13	22. <i>'n Motortog</i>	112
3. 'n Ontmoeting met 'n tier	18	23. <i>Groot Skuur</i>	122
4*. Klaas Vakie	23	24. Die agste plaag. I ..	130
5. <i>Op 'n vrugteplaas</i> I.	25	25. „ „ „ II ..	133
6. „ „ „ II.	28	26*. <i>Dageraad</i>	137
7. „ „ „ III.	31	27. 'n Jong regter. I ..	138
8. Vals beskuldig	34	28. „ „ „ II ..	144
9. 'n Reisiger. I	40	29. <i>Die Museum</i>	146
10. „ „ „ II	45	30. <i>Die mailboot. I</i>	156
11*. Oggendstond op 'n boe- replaas	48	31. „ „ „ II	163
12. <i>In Kaapstad</i>	50	32*. <i>Vergewe en vergeet</i> .	169
13. <i>'n Gelukkige ontmoeting</i>	59	33. <i>Vuurhoutjies</i>	171
14. Waarheid of leuen ...	68	34. 'n Gevaarlike misver- stand	178
15. <i>By die see</i>	69	35. 'n Troue hond	184
16. Ruiter vertel	79	36*. <i>Ag wat, dis maar 'n hond!</i>	191
17. Eerlikheid is beter as rykdom. I	82	37. <i>Aan boord van die skip. I.</i>	195
18. Eerlikheid is beter as rykdom. II	86	38. <i>Aan boord van die skip. II.</i>	207
19*. <i>Oktobermaand</i>	92	39. <i>Willem se brief</i>	212
20. Die lastige Hanslam .	95	40. 'n Geveg met Kaffers.	214

Die lessies, wat met * gemerk is, is gedigte.

	Blads.		Blads.
41*. Vegkop.....	219	49. Wat hulle nog vertel	
42. Muskiete	220	<i>het</i>	272
43. Port Elizabeth en Oos-		50. Die beleëring van	
Londen	228	Kimberley	279
44. In Durban. I	238	51. 'n Vakansie in die	
45. " " II	244	veld	285
46. Dokters	254	52. Die Vroutjie van Sta-	
47*. Aan my ou vrind... 263		voren	296
48. Die end van die reis. 265		53*. Trou	299

Die lessies, wat met * gemerk is, is gedigte.

1. Uit die nood gered. I.

Dit was maar treurig gesteld met oom Karel van Staden. Vroeër was hy 'n welgestelde boer gewees, want sy plaas het hom altyd soveel opgebring, dat hy sy vrou en kinders kon voorsien van alles wat hulle nodig had. Hy het wel sy hele lewe lank hard moes werk, maar solank as hy maar vrug op sy arbeid kon sien, was geen sorg of moeite vir hom te veel gewees nie.

Maar in die laaste jare was dit net of die ongeluk hom agtervolg het. Niks wou hom meer geluk nie. Sy gesaaides het gestaan en verdroog op die lande, of anders het swerms sprinkane dit weer verniel. Die runderpes het onder sy beeste uitgebreek en hom beroof van sy beste osse, en in sy huis was maar byna altyd siekte, sodat die dokter gedurig by hom oor die vloer was.

Hy moes geld leen om weer vee te koop, maar dit het nie te lank geduur nie, of hulle het ook weer gevrek, en so het hy maar gedurig agteruit geboer. Sy bure het vir hom jammer gekry, en hom gehelp waar hulle maar kon; maar hy het hoe langer hoe dieper in die skuld geraak, en was naderhand genoodsaak om 'n stuk van sy plaas te verkoop, om met dié geld sy skuldeisers tevrede te stel.

Dit was geen wonder dat hy eindelijk totaal moed opgegee het nie. So sit hy op 'n goeie dag met die hoof tussen die hande aan tafel en kyk sy vrou en kinders ewe mismoenig aan.

„Ek sien nou geen uitkoms meer nie,” sug hy eindelijk. „Wat help al my werk? Ek raak elke dag meer agter, hoe meer ek spartel om uit die moeilikheid te kom. Ons het nie eers meer geld genoeg om die kinders behoorlik aan te trek nie. As dit so aanhou, sal dit nie meer lank duur nie, of ons laaste stukkie grond moet vir skuld verkoop word, en dan sal ons glo maar moet gaan bedel.”

„Ag, ou man,” sê sy vrou, „jy moet tog nie so praat nie. Hou maar goeie moed. As die nood op sy hoogste is, dan is die uitkoms dikwels ook naby. Die Here het ons darem nog nie verlaat nie.”

Maar hy skud ewe mismoenig sy kop. In stilte het Dawid, die oudste seun, 'n jong man van omtrent twintig jaar, die gesprek aangehoor. Hy het goed geweet, hoe sleg die sake staan, en meer as een nag het die gedagte aan die donker toekoms hom uit die slaap gehou.

„Pa,” sê hy nou ewe ernstig, „só kan dit darem nie langer gaan nie. Ons kan nie almal hier op die plaas genoeg verdien om van te lewe nie. Piet en Jan is al groot en sterk genoeg om Pa met die boerdery te help, en die meisiekinders kan ook al die huiswerk uit Ma se hande neem. Pa sal dus goed hier sonder my kan klaarkom, en daarom wil ek gaan probeer, of ek nie in Pretoria of Johannesburg werk kan kry nie. Miskien is ek nog so gelukkig, dat ek genoeg

kan verdien om iets opsy te sit. As ek 'n klompie geld bymekaar kan maak sal ons altemit weer vorentoe kan boer."

Pa het nie veel gesê nie. Hy het self ingesien, dat Dawid reg was. Maar dit was vir Dawid se moeder bitter swaar om haar oudste seun so ver te laat weggaan. Wie weet, hoe lank dit sou duur, voor sy hom eendag weer sou sien! Die jonger broers en susters wou tog ook nie graag hê, dat hul ouboet moes weggaan nie, maar „as dit moet, dan moet dit", sê die spreekwoord. 'n Paar dae later het Dawid dus afskeid geneem van sy ouers, broers en susters, en die wye wêreld ingetrek.

Sy ouers se harte het gebrand van verlangste om tyding van hom te kry. Daarom was hulle tog alte bly om 'n week na sy vertrek 'n brief uit Pretoria te ontvang, en daaruit te verneem, dat hy goed daar aangekom het en nog gesond was. Verder skryf Dawid, dat hy nog nie daarin geslaag het om werk te kry nie, maar dat hy verneem het, dat daar in Johannesburg beter vooruitsigte vir hom was, en dat hy dus maar daarheen sou gaan.

Sy volgende brief het dan ook uit die goudstad gekom, en dié een daarna uit Krugersdorp. Maar in elke brief staan maar weer dieselfde berig: — „Nog geen werk nie!"

Dawid het darem so af en toe iets verdien, maar dit was skaars genoeg om homself aan die lewe te hou. Daar was glad geen kans om geld huis-toe te stuur nie. Hy het so baie rondgetrek, dat dit partykeer

vir sy ouers onmoontlik was om vir hom te skrywe, omdat hulle nie sy adres geweet het nie.

So het Dawid se briewe ook hoe langer hoe skaarser geword. Hy het glo ook moeg geword om maar altyd weer dieselfde klagtes te stuur. Eindelik het sy ouers 'n kort briefie van hom ontvang, waarin hy hulle vertel, dat hy van plan is om met 'n paar ander mans na Rhodesië te gaan. Hulle het dan gehoor, dat daar weer ryk goudvelde ontdek was, en nou wou hulle die geluk daar gaan seek. En daarna het sy ouers 'n baie lang tyd niks meer van hom gehoor nie.

Met die boerdery op die plaas het dit in die tussentyd maar treurig gegaan. Hulle het wel baie mielies gewen, maar toe was mielies ongelukkig dié jaar weer so volop, dat hulle daar geen prys voor kon kry nie. Die gesaaides was pragtig, en hulle het verwag om 'n goeie koringoes te kry, maar net toe dit mooi in die aar staan, het 'n haelbui alles plat geslaan. Toe het die moeder boonop nog siek geword, en hoewel sy gou weer opgestaan het, was sy nog só swak, dat sy geen huiswerk kon doen nie, en maar die grootste gedeelte van die dag in haar stoel moes deurbring. Die dokter het haar allerhande versterkende middels voorgeskrywe, maar dit kos alles geld, — en waar moes die vandaan kom?

Daar was eindelik vir oom Karel niks anders aan te doen nie, as om maar sy laaste stukkie grond ook te verkoop. Met die geld het hy toe 'n wa en 'n goeie span osse gekoop, en met sy hele famielie dorp-toe getrek, om te sien of hy nie daar vir hulle met transportry die kos kon verdien nie. Dit het gelyk of dit

nou weer beter sou gaan. Oom Karel het nie veel moeite gehad om goeie vragte te kry nie, en hy het somar weer moed geskep vir die toekoms:

2. Uit die nood gered. II.

Maar omtrent 'n jaar en 'n half, nadat Dawid die ouderlike huis verlaat het, word hul nuwe moed en hoop plotseling die bodem ingeslaan. Dit was toe 'n geruime tyd, dat sy ouers niks meer van hom gehoor het nie. Miskien het hy nog na die ou adres geskryf, maar is sy briewe toe nie aangestuur nie, en so kon sy ouers nie aan hom skrywe nie, omdat hulle hoegenaamd nie geweet het, waar hy was nie.

Een môre kom daar 'n boodskap van die wetsagent om te sê, dat hy meneer Van Staden 'n bietjie op sy kantoor wil sien. En toe oom Karel later weer by die huis kom, kon 'n mens somar op sy gesig lees, dat hy slegte nuus gekry het.

„Dit is klaar met ons,” sê hy vir sy vrou, toe sy vra, wat dan nou makeer. „Die man, wat my die geld geleen het, is oorlede; nou is die agent besig om sy boedel te likwideer. Hy het my gesê, ek sal nou die geld binne 'n maand se tyd moet inbetaal. So nie, dan sal al wat ons besit op vandiesie moet kom om die skuld te dek.”

Nêrens was daar vir hulle enige uitkoms niê. Die stomme man het tevergeefs probeer om uitstel te kry, of by iemand die geld te leen om sy skuld te

betaal. Eindelijk het hy dit opgegee en die ganse dag op sy stoel wanhopig op die grond sit en kyk, terwyl daar niks as droefheid in die woning was nie. Wat moes nou van hulle word?

So het die maand verbygegaan, sonder dat daar hulp opgedaag het. Toe het die afslaer alles kom opskrywe, wat die arme mense nog besit het: die wa en osse, die klompie meubels, wat hulle nog van die plaas af saamgebring het, — alles, alles! En die dag voor die verkoping het daar 'n klomp mense gekom, wat ewe astant in die kamers rondgestap het, om te sien, of daar nie iets was, waar hulle sin in het nie.

Eindelijk het die verkoopdag aangebreek. Die mense het mekaar verdring binne in die huis en buitekant op die erf. Die afslaer het 'n tafel voor die deur laat sit en die goed begin opveil. Een vir een stuk huisraad word uitgedra en te koop aangebied. Arme oom Karel en sy vrou kon dit nie verdra om hul laaste ou dingetjie te sien verkoop nie. Hy het vir haar 'n ou leuningstoel uitgedra en in die koelte van 'n boom gaan neersit.

Daar het die arme moeder bleek en hopeloos gesit, met haar oë op die grond gevestig en die kinders rondom haar. Haar man het agter die stoel gestaan, maar hy het vir haar geen trooswoord gehad nie. Waar moes hulle dan ook hulp of troos vind? Op die plaas het hulle tog nog vrinde gehad, wat nou en dan iets vir hulle kon doen, maar hier op die dorp had hulle geen vrinde nie, en het hulle ook byna geen mense geken nie.

Hulle hoor maar, hoe elke keer weer 'n ander stuk

huisraad opgeveil word, en hoe die afslaer elke keer sy hamer laat val, as die mense weer op 'n meubelstuk klaar gebied het.

Eindelik kyk die afslaer rond, of daar nog iets is om te verkoop. Daar val sy oog op die leuningstoel, waarin die moeder sit. Hy beduie sy bediende om dit te gaan haal. Die man stap na oom Karel, tik hom op die skouer en wys na die stoel.

„Dit ook nog,” sug oom Karel, met trane in sy oë, en hy help sy vrou om op te staan. „Ag, sou die Here ons dan heeltemaal verlaat het?”

„'n Sterk leuningstoel met 'n riempiesmat!” roep die afslaer met 'n hees stem. „Maak my 'n bod vir hierdie stoel!”

„Vyf sielings!” skree een van die mense.

„Vyf sielings,” herhaal die afslaer. „Niemand meer as vyf sielings nie?”

„Vyf en 'n sikspens! — Ses sielings! — Sewe sielings!” — klink dit van verskillende kante.

„Sewe sielings! Sewe sielings!” dreun die afslaer. „Niemand meer as sewe sielings nie?”

Meteens was daar 'n hele opskudding onder die klomp mense. 'n Jong man beur haastig tussen hulle deur met sy elmboë. Hy was vol stof en nat van die sweet.

Almal kyk hom ewe verwonderd aan, maar hy steur hom aan niks en niemand nie.

„Niemand meer as sewe sielings nie?” vra die afslaer weer. „Vir die eerste maal, vir die tweede.”

„Sewe pond!” roep iemand meteens met 'n growwe stem uit, en voor die mense tot verhaal kan kom,

roep dieselfde basstem weer: „Sewentig pond! Sewehonderd pond!”

Dit was die jong man, wat homself so woes vorentoe gedring het. Hy wys vir die afslaer 'n hele handvol banknote. „Hoeveel geld moet jy hê? Toe praat!” roep hy driftig uit. „Ek het geld genoeg om al die skuld te betaal! Stuur die mense maar huis-toe. Hou maar op met die vandiesie!”

„Sewehonderd pond! Dit gaan vir sewehonderd pond!”

Die bod word toegeslaan, en die afslaer vra die mense om maar huis-toe te gaan. Die verkoping het toe ook al meer geld ingebring, as wat die bedrag van die skuld was.

„Ag, maar is dit tog nie Dawie nie!” het sy moeder uitgeroep, net toe sy die basstem hoor, en daarop het sy somar flou geval. Die mense rondom haar moes haar lawe, want oom Karel het daar gestaan of hy versteen was. Hy het geen besef gehad van 'wat rondom hom gebeur nie, en kon geen stomme woord uitbring nie.

„Vader! Moeder!” roep die jong man en hy val op sy knieë by sy moeder. „Dis Dawie wat hier is, Moeder! Kyk tog na my! Al ons swaarkry is nou op 'n end! Nou sal daar weer gelukkige dae vir ons aanbreek!”

Sy moeder het gelukkig gou weer bygekom; en ook sy vader het as uit 'n droom ontwaak.

Ag, wat was die twee ou mense gelukkig! Hul seun, wat hulle al byna as verlore beskou het, was weer by hulle. Dit was die vernaamste van alles

Maar toe Dawid hulle vertel, dat hy geld genoeg besit om vir altyd 'n end te maak aan al hul bekommernisse, was hul blydschap te groot vir woorde.

Dawid het in die begin in Rhodesië ook maar baie swaar gekry. Hy het maandelank goud gegraaf, maar skaars genoeg gekry om homself aan die lewe te hou.

Maar onverwags het daar 'n kering gekom. Hy en sy vrinde het 'n ryk goudrif ontdek, en dit vir 'n groot som geld aan 'n maatskappy verkoop. Dawid se aandeel was oor die £5000, en sodra hy die geld ontvang het, het hy teruggegaan na die plaas, waar hy sy ouers agtergelaat het. Daar het hy gehoor, dat hulle dorp-toe getrek het, en sonder om homself enige rus te gun, het hy dadelik daarheen gespoed.

Die eerste man in die dorp, wat hy gevra het, waar Karel van Staden woon, het hom vertel, dat hulle net besig was om oom Karel se goed te verkoop. Toe het Dawid so vinnig as hy kon na die huisie toe gehardloop, en hoe hy daar 'n end gemaak het aan die vandiesie het ons reeds gehoor.

Van toe af het daar beter dae vir hulle aangebreek. Dawid het 'n mooi plaas gekoop in 'n ander distrik, en daarop gaan woon met sy ouers. Hy het gesorg, dat hulle 'n onbesorgde ou dag had, en ook sy broers en susters 'n goeie opvoeding laat kry.

„Ja, ou man,” sê moeder Van Staden altyd, as hulle twee gesels oor die swaar dae, wat hulle deurgegaan het, — „sien jy nou, dit is tog maar waar, wat ek toe vir jou gesê het: God verlaat nooit Sy kinders nie, en as die nood op sy hoogste is, dan is die uitkoms ook meestal naby.”

3. 'n Ontmoeting met 'n tier.

Enige jare gelede, — so vertel 'n ou jagter, — het ek gaan kuier by 'n ou vrind, wat vroeër meer as eenkeer saam met my op jag gegaan het, maar wat nou stil en rustig op sy plaas langs Mooirivier in Natal woon.

Die walle van die rivier is ruig begroei met bosse, en daarin hou nog baie luiperds of tiers, soos hulle hier in ons land genoem word. Die pragtige tiervelkarosse, wat op sy vloer en op die rusbank gelê het, was vir my 'n bewys, dat my ou vrind nog goed sy geweer kon hanteer. Hy het my egter vertel, dat daar in die laaste tyd een tier was, 'n slim ou karnallie, wat hom baie las en skade aangedoen het.

Omdat my vrind 'n egte jagter was, het hy eers probeer om die tier dood te skiet, maar dit was nou eenmaal verniet: die dier het goed gesorg, dat hy nooit onder skoot kom nie. Toe het hy probeer om hom te vergewe, maar die tier was daarvoor ook te slim. In plaas van die vleis te eet, wat vir hom reggesit word, het hy liewers vir homself 'n skaap of 'n bok gaan slag.

So'n tier kan alte baie kwaad doen op 'n plaas, en my vrind was genoodsaak om sy skape aand vir aand op te sluit in 'n kraal met baie hoë klipmure. En tog het die tier dit nog so bewerk, dat hy meer as een nag 'n skaap uit die kraal kon haal, hoewel die kaffers daar naby in 'n strooihuis geslaap het. Hoe die tier dit reggekry het om 'n jaar-oud lam onder die kraalhek deur te sleep, kon ons maar nie begryp nie. Eenkant

van die hek het my vrind 'n plekkie oopgelaat, en daar 'n geweer gestel, maar die tier het dit altyd so bewerk dat hy deurkom sonder om die geweer af te trek.

Eendag het my vrind 'n groot slagyster van die dorp af saamgebring, van dieselfde soort as 'wat 'n mens gebruik om muise mee te vang, maar natuurlik baie groter. Hoewel ons nie baie daaraan geglo het nie, het ons darem besluit om te probeer, of ons nie die ou laspos daarmee kon vang nie.

Maar dit het gelyk of die tier geraai het, dat ons 'n nuwe aanslag op sy lewe wou maak, want 'n hele paar weke het ons niks van hom gewaar nie. Ons het al begin hoop, dat hy maar besluit het om vergoed na 'n ander plek te trek, en ons het al begin plan maak om die skape maar weer buite te laat slaap met die koel somernagte, toe die kaffers een môre kom sê dat daar weer 'n skaap in die kraal gevang was. En waarlik die tier se spore was duidelik langs die kraalmuur te sien, en die merke, wat sy skerp naels gemaak het, net waar hy oor die muur geklouter het. Daar het ons toe die slagyster gestel, en dit versigtig met grond en blare toegekrab, hoewel ons nie veel hoop gehad het, dat hy binne die eerste paar nagte weer sou terugkom nie. Maar dieselfde aand, terwyl ons nog lekker sit en rook en gesels, en net begin plan maak om maar te gaan slaap, kom daar meteens 'n kaffer aangehardloop.

„Baas, Baas!” skree hy, „die tier is in die slagyster!”

Ons spring dadelik op en gryp ons gewere, wat

klaar gelaai aan die muur hang, en laat vat buitentoe so vinnig as wat ons bene ons kon dra. Dit was ongelukkig 'n pikdonker nag, só donker dat 'n mens geen hand voor jou oë kon sien nie. Bowendien het daar 'n dun mis gehang, wat die duisternis nog vergroot het, sodat dit maar moeilik gegaan het om by die kraal te kom.

Maar ons het gereken, dat die tier ons nie veel moeite sou gee nie, omdat hy tog nou in die slagyster gevang was, en as daar 'n bietjie meer lig gewees het, sou dit ook seker maklik gegaan het om hom dood te maak, maar in die pikdonker duisternis was dit heeltemal 'n ander saak.

Ons het na die kaffers geroep om lig te bring, en gou was hulle dan ook by met 'n lantern. By die flou skynsel daarvan het ons versigtig nadergeloop. En daar sien ons toe ook waarlik 'n groot tier in die yster; hy was aan sy agterpoot gevang. Hy swaai sy stert woes heen en weer, en sy oë lyk in die donker somarso groen van boosaardigheid.

„So, ou maat, het ons jou dan tog eindelijk,” lag my vrind, terwyl hy sy geweer oplig. Hy vat mooi korrel, en trek die skoot af. Die tier, wat eers doodstil gelê het, vlie nou daar op en brul dat die berge so antwoord gee. Met die spring ruk hy een van die penne, waar die yster aan vasgemaak was, uit die grond uit, en toe spook hy soos 'n warrelwind om los te kom.

Ek spring vorentoe, lê so goed aan as ek kon by die flikkerende lig van die lantern, en gee hom ook weer 'n skoot. Die enigste uitwerking daarvan was

dat die tier nog woester tekere gegaan het as ooit. Die kaffer, wat die lantern vir ons moes vashou, laat dit van skrik uit sy hand val, en neem die loop. Die lig was op die plek dood, en daar staan ons in die pikdonker by die woedende dier!

Nadat ons 'n hele ruk verniet na die kaffers geskree het om weer lig te bring, het een van hulle tog weer moed geskep. Hy het 'n groter lantern in die stal gaan haal, dit voor aan die punt van 'n lang sweepstok gehang, en toe so vir ons aangegee.

Toe het ons altwee weer nadergeloop. My vrind het sy geweer aan die skouer gebring, en weer 'n skoot afgetrek.

Ek het die skoot gehoor, en die vuurstraal gesien, maar ek sal nooit die woeste gebrul van boosaardigheid en triomf vergeet nie, waarmee die tier hom eindelijk losruk, by my verbyspring, en woest op my vrind losstorm. By die flikkerende lig kon ek nog net sien, hoe hy probeer om die dier 'n dodelike hou toe te bring met die kolf van sy geweer; die volgende oomblik het man en dier altwee in die duisternis verdwyn. Ek hardloop nader, en in die lantern se lig sien ek hulle oormekaar rol — dan is die man bo, en dan weer die tier!

Ek het dit nie gewaag om te skiet nie; want dit kon my vrind se lewe kos. Maar daar moes nou eenmaal 'n plan gemaak word, want hy kon natuurlik nie lank die geveg met so'n woedende dier volhou nie.

Met my linkerhand het ek die lantern opgehou, en met die regterhand my geweer. So het ek versigtig nadergeloop. Net toe die tier weer bo kom, het ek

somar afgetrek, sonder om lank korrel te vat. Die koeël het hom gelukkig geraak. Met 'n rou pynbrul het hy bolmakiesie geslaan en in die donker verdwyn.

Met die hulp van die kaffers, wat weer te voorskyn gekom het, toe ek hulle verseker dat die tier weg was, het ek my vrind huis-toe gedra. Hy was lelik stukkend gekrap en het vreeslik gebloei, maar sy wonde was gelukkig nie baie diep nie, en nadat ek hulle skoon gewas en verbind het, het hy somar beter gevoel.

Vroeg die anderdagmôre het ons die tier gaan soek, en hom nie ver van die kraal af nie dood gekry. Glo vir my, my ou vrind het somar sy wonde vergeet uit pure blydschap, dat ons tog eindelijk die tier baas-geraak het. Die kaffers het sy vel gaan afslag, en as 'n mens vandag by my vrind kom, dan kan jy nog die vel daar sien. Dit is pragtig bewerk, -en lê op die vloer van sy eetkamer.

Maar daar was iemand anders, wat gereken het, dat hy meer reg het op die vel. Kan julle raai, wie dit is? Niemand anders as die bang kaffer, wat die lantern laat val het nie! Want hy het mos, so redeneer hy, eerste die tier in die slagyster gesien!

4. Klaas Vakie.

Hy stoot die voordeur stadig oop,
 en in die skadu sien ek hom —
 sy swart manel is oopgeknoop,
 sy snaakse lyfie hoepel-krom;
 sy lang gesig is uitgedroog,
 hy staan by my skaars skouer-hoog!

Sy ogies knip, sy lippe lag,
 sy langbol-hoed is in sy hand;
 hy kom van buite uit die nag,
 en bly net in die skadu-rand.

Een kers brand stadig in die tuit,
 die ander flikker heen en weer;
 en langs my, deur die onder-ruit,
 daar loer die nag so swart soos kruit!
 Die skaduus — kort en dik en bont —
 spring op die vloer soos lammers rond!

Tant Sannie sit nog kouse stop;
 haar naald blink nes 'n weerligstraal,
 haar lyf is alles dof en vaal,
 die kerslig skyn net op haar kop.

Vlak voor my oë dans die dons,
 en as tant Sannie met my praat,
 dan gaan dit nes 'n brommer gons:
 haar woorde is so nors en kwaad

Die donker kruip uit elke skeur,
 dis alles deurmekaar gevleg,
 ek sien hom nou — dan is hy weg —
 die snaakse outjie by die deur!

Die donker wikkkel om hom heen,
 dit gryp sy voet en dan sy been,
 en as my oë wyer rek —
 dan staan 'n skadu in sy plek.

Dáár is hy weer, so skelm-slim,
 en voet vir voet bekruip hy my;
 ek sien sy skadu hoër klim,
 en tel sy knopies op 'n ry.

Dit is tant Sannie weer wat praat:
 „Kyk, Jannie, dit is baie laat
 en tyd vir kleintjies om te slaap;
 wat sit jy nog te snork en gaap,
 met reeds 'n krakie in jou nek?
 Nou, snuiter, kooi-toe op die plek!”

Ek ken die stem, nou moet ek hoor!
 En as ek opstaan om te gaan,
 dan kom hy weer van dáár-van-daan
 en trap so soetjies in my spoor!

EUGÈNE MARAIS. — *Gedigte.*
 Die Nasionale Pers, Bep. Kaapstad.

5. Op 'n vrugteplaas. I.

Die Potgieters vertoef nog altyd in die Paarl, vandat ons laas van hulle gehoor het. Dit beval hulle daar so goed, dat hulle amper nie van die aangename plek kan afskeid neem nie. Die seuns weet al presies, hoe lank die een lang straat van die Paarl is, want hul vader het 'n paar keer met die hele famielie die straat op- en afgery, om hulle 'n goeie denkbild van die dorp te gee. Hulle het saam die Paarlberg beklim, en saam bo-op die groot Paarlrots gaan sit, en die pragtige uitsig geniet daar onder op die dal aan die voet van die berg.

Van bo-af het die huise daaronder net soos pop-huisies gelyk, en die wit gewels van die menigte boere-wonings het alte mooi afgesteek teen die donkergroen van die eikebome. En nou dat die kinders self -vir Groot en Klein Drakenstein, Franschhoek en Paarl met hul eie oë gesien het, het die geskiedenis van die Hugenate somar meer lewe en betekenis vir hulle gekry. Met groot belangstelling het hulle gesit en luister, toe meneer Potgieter vir hulle daar bo-op die berg die gedig van prof. Moorrees, „De Paarlberg”, voorgelees het. Dit was 'n aardigheid om na 'n gedig oor 'n berg te luister, terwyl 'n mens self op die berg sit. Die kinders het dit daar bo-op so heerlik gevind, dat meneer Potgieter moeite gehad het om hulle weer van die berg af te kry.

Op 'n ander dag het hulle die kerkhof gaan besoek. Die kinders het al meer as eenmaal van famielie-grafte en grafkelders gehoor, maar hulle het dit nog

nooit van tevore self gesien nie. In die kerkhof kon hulle toe grafkelders sien, en dit was vir hulle interessant om op die swaar grafstene te lees, hoe lank die dodes reeds daar rus, en hoe lank die kerkhof dus al in gebruik moes wees.



Op Kersdag het hulle saam die heerlike Kers-evangelie gaan hoor verkondig in die ou grasdak-kerk. Dit was lekker koel daarbinne, en alles het daar so oud en eerbiedwaardig uitgesien.

„Is die kerk nog deur die Hugenote hier gebou?” vra Willie, toe hulle uitkom.

„Is dit waaraan jy sit en dink het onder die preek?” antwoord meneer Potgieter, „dan het jy seker nie alte goed geluister nie.”

„Ek het mooi geluister,” sê Willie, „maar ek kon nie help om aan die Franse vlugteling ook te sit en dink nie. Ek wil so graag weet, of dit die eerste kerk is, wat hulle hier gebou het.”

„Nou ja, as jy dit so graag wil weet,” sê sy Pá, „dan gaan ons netnou 'n bietjie na die pastorie toe. Die predikant hou daarvan om in die ou boeke van die kerk se argiewe te snuffel. Hy sal ons seker kan sê, wanneer die kerk hier gebou is.”

Die middag sit meneer en mevrou Potgieter met hul oudste kinders op die breë stoep van die pragtige pastorie, nadat hulle met die dominee kennisgemaak het, en die weersydse seënwense met Kersfees en Nuwejaar gewissel was. Spoedig het die gesprek geloop oor die ou kerk met sy grasdak; en die seuns was teleurgesteld om te hoor, dat daar niks meer van die eerste Hugenotekerk te sien was nie, en dat die teenswoordige gebou maar omtrent honderd jaar oud was.

Hul teleurstelling was egter gou vergeet, toe die dominee se seun, wat net 'n mooi maat was vir Jan en Willie, te voorskyn kom met 'n glaasbak vol heerlike vrugte. Daar was vye, appelkose en perskes, so groot en so heerlik as wat 'n mens nie aldag sien nie.

Net gou was die bak leeg, en met blydskap het die seuns die uitnodiging aangeneem om 'n bietjie tuin-toe te gaan. Toe hulle terugkom, het die seuns nie meer honger gehad nie, en toe het hulle ook goed gewee, waar die lekkerste vrugte in die pastorie se tuin te kry was.

Maar toe het hulle ook meteens weer gedagte gekry

van Vader se belofte. Hulle was skaars by die hek uit, en weer onder die ou eikebome in die straat, of dit klink uit almal se monde tegelyk: „En wanneer gaan ons nou na 'n vrugteplaas toe, Pa?”

„Môre, as dit mooi weer is,” sê meneer Potgieter, want hy het gesien, dit sal nie gaan om dit langer uit te stel nie. „Ek sal vanaand nog vir ons 'n motor-
kar gaan huur daar oorkant die plein.”

6. Op 'n vrugteplaas. II.

Julle moes die vrolike klompie gesien het, toe hulle die anderdagmôre uitry. Jan en Willem het natuurlik voor by die sjofeur gaan sit, en oor Fords en Hupmobiles, Chryslers en Whippets gesels, net of hulle alles daarvan wis, maar as die sjofeur so nou en dan alte duidelik glimlag oor hul slimpraatjies, dan kry hulle darem 'n kleur, en word die stroom van welsprekendheid vir 'n oomblik tot stilstand gebring. Hulle het oor die spoorweg, en by Simondium verby, na een van die mooiste plase van Klein Drakenstein toe gery. Meneer L., wat daar woon, het hulle baie vriendelik ontvang, en eers die ouderwetse woonhuis laat sien, wat in die vorm van 'n **H** gebou is, met 'n breë stoep daaromheen.

„Daar is nie sulke mooi ouderwetse huise in die Transvaal nie,” sê Jan, want hy begin nou te dink, dat sy ouers se huis maar baie klein en lelik is.

„En in Johannesburg dan?” vra Willie.

„Ag wat, in Johannesburg is die huise nie half so mooi soos hierdie een nie!” roep die ander kinders. „Tenminste nie half so koel en so ouderwets nie.”

„So koel sal hulle seker nie wees nie,” merk meneer L. op. „In Johannesburg het hulle mos nie grasdakke nie, nog minder brandsolders, en dit is juis wat ons ou huise hier so koel maak. Maar kom, meneer Potgieter, nou moet ons eers die plaas gaan bekyk, anders word dit te laat. As die kinders lus het vir vrugte, dan kan hulle maar eet, soveel as hulle wil.”

En skaars het hulle die werf verlaat, of hulle staan tussen die pruimbome: blou en geel pruime, baie soorte en met allerhande name.

„Waar kom u tog aan al die snaakse name?” vra Willem.

„O,” sê meneer L., „sommige van die name het ons van ons voorouers, Hollanders en Franse, oorgeneem. ’n Mens kan somar hoor, dit is ons ou Boername. Ander het ons van Amerika af gekry, veral uit Kalifornië, waar die mense hulle baie toelê op vrugteboerdery en boomkwekery. Kyk, hierdie bome is ingevoer uit Kalifornië. Hulle dra pragtige, groot pruime, maar ek vind dat ons egte ou boervrugte sappiger en geuriger is as die ingevoerde. Proe ’n bietjie hierdie een.”

En hy pluk eers ’n paar van die een soort af en toe van die ander, en hulle moes al die soorte probeer. Die seuns het maar almal ewe lekker gevind, en geëet of hulle tenminste drie dae lank gevas het.

„Wat sê julle nou?” vra meneer L.

„Ek sê: die Boland bo!” roep meneer Potgieter, en

die hele geselskap het hartlik met hom saamgestem.

Van die pruime af het hulle na die perskes toe gegaan. Daar het 'n paar kleurlinge onder een van die bome gesit. Hulle was besig om die afgeplukte perskes te sorteer. Elkeen van hulle het 'n klein plankie gehad met drie ronde gate daarin, die een 'n bietjie kleiner as die ander. Die perskes, wat by die eerste gat vassteek, word in 'n aparte mandjie gesit, dié wat by die tweede of derde gat vassit net so. Op dié manier kom al die perskes van dieselfde grootte bymekaar.

„En wat maak julle met al die vrugte?” vra meneer Potgieter.

„As die perskes by die huis kom, dan word hulle eers netjies in vloeipapier toegedraai,” antwoord meneer L., „daarna word hulle in kassies gepak met houtwol en weggestuur.”

„Waarheen?” vra die kinders.

„Die meeste van die perskes, wat ons nou pluk, gaan na Londen toe.”

„Na Londen?” vra die kinders, ewe verwonderd. „Maar word hulle dan nie sleg nie?”

„Nee, ons pas daarvoor op,” sê meneer L. „Ons pluk die vrugte af, voordat hulle papryp is, en pak hulle baie netjies in. Ons let ook sorgvuldig op, dat net gesonde vrugte sonder slegte plekkies ingepak word.”

„Maar die reis duur so lank,” sê Willie.

„Ja, maar daar word ook voor gesorg. Op die treine word die vrugte in aparte trokse vervoer, waarin hulle lekker koel bly. Aan boord van die groot stoombote is ook afsonderlike koelkamers om vrugte in te pak, of vleis en ander goed, wat maklik kan bederwe. Op

dié manier kom die vrugte heerlik fris en ryp in Londen aan. Die ryk mense daar gee nie om, om hoë pryse te betaal vir ons land se sappige vrugte in die middel van hul winter, as daar in Noord- en Middel-Europa nêrens vars vrugte te kry is nie. Verder stuur ons ook ons vrugte oor byna die hele Suid-Afrika. My verste klandiesie woon in Machadodorp in die Transvaal."

7. Op 'n vrugteplaas. III.

Terwyl hulle so loop en praat, het die geselskap by die wingerde uitgekom. Dit was iets nuuts vir die kinders om die hele land vol klein druiweboompies te sien. In die Transvaal het hulle die druiwestokke nooit anders as langs die mure opgerank of in priëlesien groei nie.

„Word die druiwe hier altyd so geplant?" vra Jan.
„In die Transvaal groei hulle heeltemal anders."

„Nie altyd nie," sê meneer Potgieter. „Jy was nog nooit op 'n egte Transvaalse vrugteplaas gewees nie. Miskien kan ons nog eendag na meneer Schoeman se plaas gaan, naby Vaalrivier, dan sal jy sien, dat die wingerde daar net so geplant word soos hier."

„Pa, watter snaakse ding staan daar onder dié boom?" vra Willie.

„Waar?" vra sy vader.

„Daar op die wa."

„O," sê meneer L., „dit is 'n groot spuit om die

bome mee te spuit, as daar bederf in die vrugte kom. Ons kry hier gelukkig nie swerms sprinkane soos by julle in die Transvaal nie, maar ons het hier darem ook te kampe met allerhande soorte van insekte en siektes in die vrugte.

Om hulle soveel moontlik teë te gaan, moet ons die bome gereeld spuit met 'n soort vloeistof, wat die siektekieme doodmaak. Die laaste paar jare het ons bome gelukkig nie baie las daarvan gehad nie, maar somtyds word 'n kosbare vrugteboord heeltemal uitgeroei deur die goggas.

Nie so lank gelede nie is duisende druiwestokke nog verniel deur die druifluis of filoksera. Maar nou moet julle eers my druiwe kom proe. Hier is hane-poot, en daar sal julle pragtige blou druiwe kry. Pluk maar wat vir julle die lekkerste is."

En meneer L. het nog nie eers klaar gepraat nie, of elke kind loop al met 'n groot tros druiwe in sy hand. Hulle kon nie genoeg daarvan praat hoe mooi en heerlik die vrugte was nie.

„En maak julle wyn ook?" vra meneer Potgieter.

„Vroeër ja, maar nou nie meer nie. Dit betaal my beter om die vrugte netjies in te pak en weg te stuur. Maar al die boere kan dit natuurlik nie doen nie. Op sommige plase word nou nog wyn gemaak. Miskien sal julle hier, of op Stellenbosch, nog 'n kans kry om 'n groot wynplaas te sien. Ons kelders en pakhuise is darem nog hier. Ek sal julle dit netnou gaan wys."

Toe loop hulle met 'n draai om die appel- en peer-bome en kom eindelik weer terug na die werf toe, om

die kelders en pakhuise ook 'n slaggie te gaan bekyk.

In plaas van lêers vol wyn het hulle daar stawels klein plankies gesien, en ook honderde en honderde kissies, wat al klaar aanmekaar gespyker was.

„Ek kan julle verseker, dat ons hier in die vrugtetyd hard moet woel. Elke kind, wat maar groot genoeg is om met 'n hamer te werk, moet kom help om die kissies aanmekaar te timmer, om die vrugte in te pak. En nou,” gaan meneer L. voort, „het julle al die vernaamste dinge gesien. Kom, ons gaan nou in die skaduwee van die groot akkerbome voor die deur sit, om koffie te drink.”

En terwyl die twee mans op hul gemak in die koelte sit en gesels, het die kinders orals op die werf rondgedwaal om te kyk, wat daar nog te sien was.

„En moet julle nou hier waterlei ook in tyd van droogte?” vra meneer Potgieter.

„Nee,” was die antwoord, „vroeër het ons dit wel gedoen, maar die ondervinding het ons geleer, dat dit beter is om goed diep te ploeg, en die stelsel van droëlandboerdery toe te pas. Dan is die vrugte miskien 'n bietjie kleiner, maar hulle word baie geuriger en sappiger, en dit is tog maar wat die kopers wil hê.”

„Kinders,” sê meneer Potgieter, toe sy klompie weer te voorskyn kom, „nou moet julle eers vir meneer L. vriendelik bedank.”

„Dankie, Meneer, baie dankie,” klink dit meteens uit almal se monde, „hiep, hiep, hoerê! — Hiep, hiep, hoerê! — Hiep, hiep, hoerê! vir meneer L.”

'n Oomblik later sit die hele geselskap weer in die motorkar op die terugreis. Maar toe die klokke

'n halfuur later in die losieshuis lui vir die aandete, was daar nie een van die kinders, wat aan tafel wou kom nie!

Met 'n dankbare gevoel vir die heerlike middag wat hulle gehad het, en vol planne vir die toekoms, het almal vroeg gaan slaap.

8. Vals beskuldig.

Dirk het eendag reises gehardloop en 'n mooi appel vir 'n prys gekry. Toe het hy dit in sy sak gestee en saamgeneem skool-toe.

Meester het die dag vir ons 'n paar somme uitgelê, en toe het hy ons gesê om die ander self uit te werk. „Die volgende somme is net soos die twee, wat ek julle nou gewys het,” sê hy.

Ons het elkeen ons lei gevat, en begin reken. Maar ek het net twee somme gemaak, toe het ek genoeg daarvan gehad. Hulle was tog almal eners.

„Jan!” roep ek saggies vir my naaste buurman.

Hy maak, of hy nie hoor nie, en werk maar ewe fluks aan sy somme.

„Kyk hier, Jan!”

Hierdie keer was hy verplig om op te kyk, want terwyl ek roep, het ek hom 'n stamp in sy sy gegee.

„Moenie!”

„Kyk hier! Kyk, hoe lyk dit vir jou?”

Nou kyk Jan op.

„Heerlik!” sê hy, „wie het dit vir jou gegee?”

„Meneer Van Reenen.”

„Kry ek ook 'n stukkie daarvan?”

„Ja.”

Toe begin Jan maar weer te werk.

Kris-kras gaan die ander jongetjies se griffies. Hoekom was hulle dan ook almal so fluks vandag?

„Koos!” begin ek weer saggies te roep na die seun, wat net voor my sit. Koos van der Poel kyk dadelik om en vra: „Wat is dit?”

„Hoe lyk dit vir jou?” vra ek weer, terwyl ek die appel versigtig net so effentjies bokant die bank laat uitsteek.

„Pragtig,” sê hy, „waar kry jy dit?”

„Van.... meneer Van Reenen,” wou ek net sê, maar die woorde het in my keel bly steek, want meteens klink meester se stem ewe kwaad: „Dirk, bring daardie appel hier!”

Bloedrooi van skaamte en ergernis moes ek tussen al die ander kinders deurloop, wat vir my so onder-deur sit en loer, en die appel in meester se hand gaan lê, sonder om 'n woord te praat.

„Toe, gaan maak nou jou werk klaar!”

En toe ek terugstap, hoor ek die kasdeur kraak, en die sleutel draai in die slot, en toe ek weer op my bank sit, lê die appel in die kas, en meester en die ander kinders maak, of daar niks gebeur het nie.

Maar ek het heeltemal anders daarvoor gevoel.

Snaaks, dat dit vir my so vreeslik was, dat hy my appel afgeneem het. Meester het seker honderdmaal iets van my afgeneem, en dikwels het ek niks weer daarvan teruggekry nie. Maar dat hy my appel moes

afneem, my pragtige appel, wat ek met reisieshardloop verdien het, met soveel harde arbeid, dit kon ek hom nie vergewe nie!

Maar, — ek het stil gebly. Meester was kwaad.

„Staan op!” kommandeer meester, toe dit twaalfuur slaan.

„Sou hy nou my appel.....?”

„Julle kan nou maar uitgaan.”

„Lelike ou.....” brom ek tussen my tande. Ek was wys genoeg, om wat daarop moes volg maar in te hou. Meester kon baie fyn hoor.

Op weg huis-toe, saam met die ander kinders, het ek vreeslik tekere gegaan oor meester. By Vader en Moeder het ek ook gaan kla, dat meester my appel afgeneem het.

„En as hy dit nie weer teruggee nie.....!” dreig ek.

„Wat dan?” vra Vader ewe stilweg.

„Ja,” roep ek, so driftig as kan kom, „dan sal julle sien!”

Ek het self nie geweet, wat hulle sou sien nie, maar een ding was seker: daar sou iets gebeur!

Ons skool het altyd om eenuur weer begin. Half-een was ons soos gewoonlik al op die speelplek agter die skool.

Ek het natuurlik saamgespeel, en om die waarheid te sê, op die oomblik nie eers meer aan my appel gedink nie.

Maar wat sou ek sien? Wie kom daar aan?

Kon dit waar wees? Daar kom Willie, meester se seuntjie, om die hoek met 'n groot appel in sy hand, en elke keer byt hy ewe smaaklik en gulsig 'n stuk daarvan af.

„Kyk, kêrels!” roep ek, „kyk bietjie! — daar loop Willie van meester, en hy het so waarlik my appel, en. . . .”

„Neem dit vir hom af!” skree die ander seuns.

Sonder om my verder te bedink, loop ek hom by, met die ander kinders agter my aan.

„Gee my appel hier!” roep ek, toe ek by Willie kom. „Jy dink glo, ek sal my appel van jou laat opeet, nè?”

„Pa het dit vir my gegee.”

„Jou pa? — ja, dit wil ek jou glo. Maar dis my appel. Gee dit hier!”

En ek ruk dit uit sy hand.

„Dis mos nie jou goed nie,” en Willie begin te huil.

„O, dit sal ons nog sien!” sê ek, terwyl ek ’n stuk van die appel afbyt, en dit opeet.

„Hie. . . . hie. . . .”, huil Willie, en maak dat hy daar wegkom.

„Dis goed so!” roep die kinders.

Ek het hulle as my bondgenote beskou, en gou vir elkeen ’n stukkjie afgebyt.

„Dis darem regtig gemeen van meester,” sê elke seun, wat ’n stukkjie van die appel kry.

Ons skool het om eenuur weer aangegaan. Meester het ’n tydlank met die onderwyseres voor die deur heen en weer geloop.

Toe het hulle net voor ons in die skool gegaan.

Ons kon somar aan meester se gesig merk, dat daar iets verkeerd was. Hy het in die deur bly staan, en ons het hom almal doodstil aangekyk met die verbygaan. Ek hou maar vir my ewe onverskillig teenoor die ander

seuns, wat al in die banke sit. Toe al die skoliere in was, het meester die deur toegemaak.

Meester se Willie het twee banke agter my gesit.

„Vandag sal Dirk dit hê!” hoor ek hom vir sy buurman sê. „Wag maar!”

„Ja, dit sal ons nog sien,” dink ek. „My appel opeet! Natuurlik was dit myne, en dit was gemeen van meester om my goed vir sy seun te gee.”

„Dirk, kom hierso!”

Daar het jy dit. Ek staan op uit my bank, en loop na meester toe, maar ek bly ’n entjie van hom af staan.

Meester kyk na my, maar ek wil nie my oë laat sak nie. Dit was mos gemeen van hom, om my appel af te neem en dit deur Willie te laat opeet.

„Waarom het jy Willie se appel afgeneem?”

Daar heers ’n doodse stilte in die vertrek. Ek kon voel, hoe al die jongetjies en meisies, agter my, na my sit en kyk, en dit gee my moed. Hulle het mos self ook gesê, dat dit gemeen van meester was.

Ek moes nou maar goed my man staan.

„Omdat Willie my appel wou opeet.”

„Hoe weet jy dit?”

„Ek het dit self gesien.”

„En hoekom dink jy, dat ek vir Willie jou appel gegee het?”

„A, sien jy nou?” dink ek, ewe tevrede met myself, „dan was dit tog waar. Dis net soos ek gedink het. Daar het hy dit nou self gesê,” en vol van die gedagte, antwoord ek ewe astrant op meester se laaste vraag: „Omdat Willie meester se kind is.”

Die woorde van my klink soos ’n verwyt, ’n uit-

daging aan meester in die stilte van die skoolkamer.

„O!” hoor ek stemme agter my.

Vir ’n oomblikkie het meester stilgebly, en het ek my verbeel, dat ek hom goed sleg gesê het. Toe draai hy stil om, haal my appel uit sy kas en... gee hom vir my aan.

„Dè, Dirk.”

„O!” hoor ek weer die kinders se stemme.

Ek neem die appel aan, maar ek voel, of ek in die aarde kon wegsak. As die vloer maar wou padgee onder my! Maar die vloer bly daar, en ek bly ook daar staan, diep beskaamd.

„Gaan sit nou maar, Dirk.”

O, as meester my tog maar liewers geslaan het! Ek het na my sitplek teruggegaan, maar ek kon niks sien nie. Dit was alles swart voor my oë.

„Toe, kinders, gaan maar aan met julle werk!”

O, die twee ure, wat toe gevolg het, was vir my te verskriklik. Ek moes meester aankyk, maar ek kon nie. Ek het gewens, dat hy tog maar weer oor die saak wou praat, en tog was ek bang, dat hy dit sou doen. As meester my ’n lang stuk van vyftien bladsye uit ons leesboek sou gegee het om te leer, dan sou dit nie vir my so swaar gewees het, as om so tussen hoop en vrees geslinger te word nie. Drie-uur het die skool uitgegaan, maar ek het bly sit om na ’n griffie te soek, wat ek nie verloor het nie.

Na ’n paar minute het meester weer ingekom, maar hy sê niks. Ek vroetel maar in my kassie.

Maar meteens loop ek na meester toe, en ek bars

uit in trane, terwyl ek die appel voor hom neersit, en snikkend bring ek die woorde uit:

„Dit is — vir — Willie.”

„Dirk,” sê meester saggies, „weet jy, ek is 'n eerlike man. Jy moet nooit weer so iets van my dink nie, hoor?” En hy sit sy hand op my kop.

„Maar ons sal nie meer daaroor praat nie, Dirk. Jy kan nou maar huis-toe gaan.”

9. 'n Reisiger. I.

„Gelukkig is die lang reis tog nou op 'n end,” sê die ou groot sprinkaanvoël, „en ons het tog weer goed daarvan afgekom. Dit is darem maar 'n goeie distansie om tweemaal in die jaar af te lê. Reken tog: van Europa na Suid-Afrika, en dan weer terug, sodra dit hier winter word. As dit daar anderkant in die winter nie so bitter koud word nie, en ek nie so besonder lief vir die warm sonnetjie was nie, dan het ek seker nooit weer so ver gevlie nie. So'n reis gaan nie in 'n mens se klere sit nie. Ek is so moeg, dat ek seker 'n hele paar weke sal nodig hê, om weer tot verhaal te kom.

Ek is darem maar bly, dat ek weer hier is. Dit is nog 'n bietjie vroeg in die somer, nou eers die end van Augustus, maar skyn so'n Afrikaanse sonnetjie tog nie al weer heerlik nie! Die gras is nog 'n bietjie dor, en die bome begin nou eers uit te loop, maar dit is minder. As ons nou net 'n lekker bui reën kry,

dan is alles netnou weer fris en fleurig. Alles is hier so lekker ruim en wyd. Hoe pragtig lyk die blou berge daar in die verte, net of die son hulle met stofgoud bestrooi het.

Dit is nou omtrent ses maande gelede dat ons hier weg is. Ons het baie ondervind in dié tyd. Solank as dit hier in Afrika winter was, het ek in Holland gebly. Party van my maats het na Duitsland toe gegaan, ander na Oostenryk, Frankryk en selfs na Engeland. Maar waar ons ook was, ons het Afrika darem nie vergeet nie. Ons het omtrent almal weer teruggekom.

Vir my part voel ek my die meeste tuis in Holland.


Dit is 'n gasvrye ou landjie, bietjie baie plat, en die mense woon daar glad te dig opmekaar na my sin, maar almal is darem so goed vir ons, en lyk so bly om my elke jaar weer daar terug te sien, dat ek my nou regtig daar tuis voel.

,Hoerê! Hoerê! die ooievaars het weer gekom!' het die skoolkinders geroep, toe hulle vir my en my vroultjie op 'n taamlieke koue môre in Maartmaand weer op ons nes gesien sit het.

Ons het vrolik met ons snawels geklap-klap om hul aandag te trek. ,Daar sit hulle weer op die ou nes!' En die ou mense het ook by hul deur uitgekom en in die straat na ons gestaan en kyk, en ons vrindelik verwelkom. Hulle weet mos ons aankoms bewys altyd, dat die somer weer naby is, daarom begroet hulle ons as voorjaarsbodes!

Ons het die môre vroeg daar aangekom, — so

vroeg dat alles nog in diepe rus was, en die môre-mistigheid nog so oor die land gehang het.



Maar ons het nie nodig gehad, om lank na ons nes te soek nie. Ons het die pad nog goed geken, en gou genoeg ons nes bo-op 'n hoë paal bokant die huise en bome sien uitsteek.

Toe ek en my vroultjie, 'n paar jaar gelede, saam ons huis wou opsit, het ons hierdie mooi plek daarvoor gekry. Bo-op 'n hoë paal het dië mense 'n ou wawiel vasgemaak, en ons het somar gesien, wat dit moes beteken. Dit was 'n vrindelike uitnodiging vir ons om ons nes daarop te bou. Ons het met plesier gebruik gemaak van die vrindelikeheid, en dadelik ons eerste woning daarop begin bou. Ons het eers 'n laag takke onderlangs gepak, toe dunner houtjies, riet en strooi bo-op. Van binne het ons dit uitgevoer met gras, fyner strooi, lappies, stukkies papier, vere, —

net wat ons maar kon kry. Die nes was nie so danig mooi nie, maar ons het dit sterk en stewig inmekaar gevleg, en dit was lekker ruim. Toe dit klaar was, het ons van blydschap so hard geklapper met ons snawels, dat die hele buurte se mense ons kon hoor.

In Holland het ons nooit nodig om gebrek te ly nie. Daar is oorvloed van kos. Dis waar, sprinkane is daar baie skaars, maar in die menigte slote en waterplasse wemel dit van kikvorse, — die soort wat die mense hier groen-paddas noem, — en vissies, veldmuise en nou en dan 'n akkedis of 'n slangetjie, het ons die nodige afwisseling van spyse gegee. Somtyds het ons meer as een lekker happie gekry tussen die oorskiet-kossies, wat die mense weggooi; dit smaak vir ons ook lekker. Ek het al 'n paar keer hoor sê, dat daar party van ons ooievaars is, wat klein kuintjies vang en opeet. Dit sou darem 'n skande wees, as dit waar is. Die mense behandel ons so goed, dat ons waarlik behoort te probeer om hul vriendelikheid te beloon deur hulle nie skade aan te doen nie.

Teen die middel van April het my vrou begin eiers lê. Hulle was nie baie groter as 'n hoendereier nie. Toe daar vyf was, het sy begin broei. Sy moes 'n maand lank aaneen op die nes sit, en ek het maar altyd in die buurte gebly om haar te beskerm. 'n Mens kan nooit weet, wat kan gebeur as jou vrou alleen tuis is nie. Daar kan altemit 'n roofvoël kom om haar te pla.

Toe ons kleintjies begin uitkom, was dit 'n sware tyd vir my. Mensig! maar die kleingood kan eet. Dit lyk, of hulle nooit genoeg kry nie. Die ganse dag het ek maar heen en weer moes vlie, om wurms en goggas aan te dra. As hulle my daar ver sien aankom, dan rek die klompie al hul bekkies net so wyd moontlik oop. Dit het gelukkig nie lank geduur nie, of hulle kon al vaste kos eet, en meer as een malse kikkertjie

het in hul hongerige magies verdwyn. Hulle het dan ook gegroei soos kropslaai. Dit was 'n plesier om te sien, hoe die kleingoed elke dag groter en slimmer word. In plaas van donse, het hulle vere gekry; die slagpenne aan hul vlerke het begin ontwikkel, en hulle het so lewendig en woelig geword, dat ons genoodsaak was om die nes se kante rondom hoër te maak, uit vrees dat hulle sou uitval.

Hulle het so baie kos nodig gehad, dat ek alleen nie genoeg kon aandra nie. My vroutjie moes ook kom help. Toe moes ons nou en dan die klompie alleen laat bly. Eendag kom ons weer by die huis, nadat ons 'n kort tydjie weg was, en toe kry ons net vier kleintjies in die nes.

Een van ons kinders was so astant gewees, dat hy bo-op die nes se rand geklim het, en toe het hy daar afgetuimel en morsdood geval onder op die harde grond. Dit was 'n groot droefheid vir ons. Ag, as hy tog maar beter na sy ouers se raad geluister het! Ons ander kinders het toe darem geleer om versigtiger te wees. Ek is bly om te kan sê, dat hulle alvier mooi fris en gesond opgegroeï het. Na 'n paar weke was hul vlerkies al sterk genoeg om met vlieglesse te begin.

Eers het ons hulle geleer, hoe om sonder gevaar bo uit die nes na die grond toe af te sweef, as hulle maar net die vleuels styf uitgesprei hou. Toe moes hulle probeer om klein entjies te vlie. Dit het hulle nogal gou reggekry, en toe hulle die aand moes teruggaan na die nes toe, was twee van hulle al knap genoeg om dit op hul eie houtjie te doen. Elkeen van ons het toe een van die ander tweetjies,

wat te bang was, op ons rug laat sit, en so het ons tog weer almal sonder ongelukke in die nes gekom.

Elke dag het dit 'n bietjie beter gegaan, en alvier was in 'n kort tydjie meesters in die vliegkuns. Maar daarmee was hul opvoeding nog lank nie klaar nie. Toe moes hulle nog, soos ordentlike sprinkaanvoëls, met hul bekke leer klepper, — eers vinnig, dan stadig, soms hard, dan weer sagter, — want dis mos die manier waarop ons met mekaar gesels. Hulle moes ook leer om self hul kos te gaan soek. Dit was alte lief om die vier kleintjies met hul lang rooi bene deur die water te sien stap, terwyl hulle elke keer die slap, dun nekkie buig om 'n paddatjie of 'n vissie te hap. As hulle dan iets met hul snawel se puntjie gevang het, dan moes hulle dit in die lug opgooi, en weer in die oop bek opvang en insluk. In die begin het hulle dit nie altyd reggekry nie; meer as eenkeer het die paddatjie weer ontsnap, maar in 'n paar dae se tyd was hulle in hierdie kuns ook volleerd."

10. 'n Reisiger. II.

„So teen die begin van Augustus het ons gevoel, dat dit stadigaan tyd word om klaar te maak vir ons groot trek na die Suide, hoewel dit tog nog lekker warm was in Holland. Ons het ons maters in die buurte gaan opsoek om afspraak te maak, waar en wanneer ons mekaar sou ontmoet. Ons hou niks daarvan om alleen te reis nie, maar trek gewoonlik

in groot klompe saam. Op 'n goeie môre het ons in 'n naburige weiland 'n vergadering gehou. Honderde sprinkaanvoëls het daar bymekaar gekóm. Dit was 'n gedoente om doof van te word. Daar word ons reisplanne nog 'n keer deeglik oorweeg, en toe dit klaar was, moes ons uitgegroeide ooievaars nog 'n harde en moeilike plig vervul. Ons moes naamlik streng ondersoek doen, of daar nie ooievaars onder ons was, wat te oud en te swak was, om so ver te kan vlie nie. Op die lang reis sou hulle van uitputting beswyk, of miskien van honger en gebrek omkom. Daarom wou ons hulle nie toelaat om saam te gaan nie. Ons het hulle onder die geselskap uitgekeer, en party van hulle het ons selfs doodgepik. Dit mag wreed lyk, maar is dit nou nie beter om met een harde pik van ons sterk snawels, 'n end aan hul lewe te maak, as dat hulle in die bitterlik koue winter, na 'n lang lyding, van koue en ellende moet omkom nie?

En toe het ons met snawelgeklepper in die lug opgestyg, om ons tog te begin.

Ons reis het ons suid-ooswaarts gevoer, oor Duitsland en Oostenryk, waar ander swerms hulle by ons gevoeg het, en toe na Klein-Asië. Daarvandaan het ons oor Egipteland getrek, en altyd verder suidwaarts oor sandwoestyne en Middel-Afrika, tot ons omtrent tien dae later Suid-Afrika bereik het.

Ander swerms het 'n ander koers deur die lug gevlie. Almal het ook nie so ver suidwaarts getrek nie. Die vermoeienisse van ons reis was so groot, dat 'n goeie klompie al in Egipte moes agterbly.

As ek alles moes vertel, wat ons op die pad gesien

het, dan sou ek 'n hele boek daarmee kon vul. Hier sweef ons oor pragtige, groot stede, waar sierlike kerk-torings hoog in die lug uitsteek; daar oor uitgestrekte landerye of oor groot, donker bosse. Soms gaan ons reis bo-oor berge, waarvan die toppe altyd met sneeu bedek is; later weer oor skroeiende, dor sandwoestyne.

In Egipteland het ons afgekyk op die eeue-oue piramiedes en die Nyl, wat soos 'n silwerdraad deur die land kronkel. In die binnelande van Afrika het ons neergesien op wildernisse, waar allerhande wilde diere nog in vryheid lewe, en die beskawing nog nie deurgedring het nie.

Die nagte het ons gewoonlik bo in groot bome deur-gebring, maar as die son smôrens opkom, het ons gewoonlik al 'n môreskof agter die rug.

Nou is al die moeilikhede van ons reis tog gelukkig al weer verby, en in die heerlike klimaat van Suid-Afrika sal ons gou al die vermoeienisse vergeet. En dan is ons klaar vir ons werk! As swerms sprinkane vanjaar dit waag om hul verskyning hier te maak, dan sal ons hulle onvermoeid agtervolg en meedoënloos uitroei.

Dit sal nie ons skuld wees nie, as die Boere hier nie net so dankbaar is, en ons net so goed behandel soos hul stamgenote in Holland nie, daar kan julle op reken."

11. Oggendstond op 'n Boereplaas.

O, die oggendstond op 'n boereplaas!
 Daar trek al op die eerste rook.
 Hul het gistraand die vraag beslis,
 wie of se beurt dit môre is
 om ketel te kook.

Die môre-ster het opgegaan;
 daarbinne roer al een;
 daarbuite bly die rokie draai,
 omdat daar nou geen windjie waai
 deur vroeë môrewêreld heen.

Die haan het op sy beuel geblaas;
 hy spring al van sy tak;
 'n mens sal sê, dat hy die baas
 (so stap hy) is van werf en plaas,
 en die transport dra in sy sak.

Hom volg sy vrind, die kallekoen,
 'n egte towenaar;
 hy worstel met sy slange, wat
 hy nuk'rig teken in die pad
 se stof, met duister vlerkgebaar.

Die kraalvee is al moeg gelê;
 hul rek die stram gewrigte uit.
 Daar kom die kaffer ook al aan,
 wat koulik oor die douveld gaan
 en eers die kalwerhok ontsluit.

Sy emmer ruis van pure musiek,
 so vloei dit nou uit volle speen;
 musiek ook vir die kalfie, als
 hy kort-kort om sy moeder wals
 op nog onvaste horrelbeen.


Maar kyk, hoe staan die osse met
 groot oë na die hek te tuur,
 totdat vir hulle die hinderpaal
 word uit die mikstok uitgehaal,
 waaraan hul saans hul lywe skuur.

Die son gaan op, die vee verdwyn.
 Net in die onverstoorbare vert'
 stap nou die rooispan voor die ploeg,
 en agteraan die man, wat swoeg
 by 'n rukkerige stêrt.

Die môre smelt weer met die dōu,
 die vrede alleen bly soos dit was.
 Net 'n hen spring van haar eiers af
 met groot geraas, en die brakhond blaf
 vir die enkele kuiergas.

TORIUS. — *Trekkerswee.*
 Het Westen Drukkerij, Potchefstroom.

12. In Kaapstad.



„Jan,” sê meneer Potgieter, toe die trein onder die hoë dak van die Kaapstadse stasie instoom, „klim jy en Willem nou maar eerste af, dan kan julle vir Ma ook afhelp. Ek sal die kleintjies aangee. Maar bly nou almal bymekaar.” En hierdie waarskuwing was glad nie oorbodig nie, want daar was ’n gedoente en ’n gewoel op die platform, dat ’n mens byna nie kon hoor of sien nie. Dit sou waarlik nie ’n kuns gewees het om

mekaar daar te verloor nie.

Die meeste passasiers het ’n lang reis agter die rug gehad, en dus maar gou gemaak om uit die trein te kom. Die wat eerste afklim, neem die bondels komberse en reissakke van hul mede-reisigers aan, en stawel hulle op die grond opmekaar. Mense wat gekom het om famielielede of vrinde te ontmoet, loop seek-soek langs die trein op en neer. As hulle dan eindelik die verwagte persone kry, groet hulle mekaar vrolik, en staan dan in ’n klompie bymekaar en gesels, en maak daardeur die verwarring nog groter.

Hotelbediendes loop op en af, roep hardop die name van hul hotelle uit, en doen hul uiterste bes om mekaar voor te spring by moontlike hotelgaste.

En tussen alles deur stoot en trek die kruiers hul karretjies, wat hoog opgelaai is met bagasie, en laat klompies mense uitmekaar spring om vir hulle pad te maak.

Moeder het maar haar twee jongste kinders styf vasgehou, want sy was lelik in die nood, dat haar groot sowel as haar klein kuikentjies van haar sou wegdwaal. Hulle het darem almal sonder ongelukke uit die trein gekom. Toe het hulle maar met die mensestroom saamgedryf na die uitgang van die stasie, waar hulle eindelijk almal bymekaar op die voorplein te lande kom.

Huurrytuie en motors ry daar heen en weer in 'n onafgebroke stroom, en dit laat elke voetganger versigtig na alkante toe uitkyk, eer hy dit waag om op straat te gaan, as hy tenminste nie wil verongeluk nie.

„Ons sal maar met dapper en stapper gaan,” sê meneer Potgieter, „dan kan ons alles beter sien,” en so, het hulle maar hul pakkies in die bagasie-kantoor agtergelaat, en toe hulle eindelijk uit die ergste gewoel was kom die groot vraag: „Waarnatoe nou?”


„Eers na die Kasteel toe, Pa,” sê Willem. — „Nee, ons gaan eers na die mooi winkels kyk,” sê Lettie, en klein Japie, wat so baie van die see gehoor het, wou somar dadelik gaan swem.

„Dit sal die beste wees, dat julle my kies vir 'n gids,” sê Vader, „en dit dan maar aan my oorlaat om julle te neem, waar ek wil.” En dié voorstel het geen teëstand ontmoet nie.

„Kyk, ons is nou in Van Riebeek se stad, en dit is dus nie meer as billik nie, dat ons eers ons opwagting gaan maak by kommandeur Van Riebeek.

Ons hoef ook nie ver te gaan nie; ons gasheer wag hier naby vir ons."

'n Paar minute se loop het hulle op die onderent van Adderleystraat gebring. „O, daar is die see!" roep Anna. — „Wat 'n massa water!" — „Ek het nooit gedink, daar's soveel water in die hele wêreld nie!" — „En kyk tog al die skuite!" — „Waar kom hulle vandaan, Pa?" — „Daardie is seker visskuite, né?" — „O, kyk tog watter groot visse het hulle gevang!" — „Maar, Pa, waar is dan die golwe?" — „Kan 'n mens hier ook swem?" — klink dit van alkante deurmekaar.



Aankoms van kommandeur VAN RIEBEEK.

„Kinders," sê meneer Potgieter, „julle praat 'n mens se kop op hol. Ek sien regtig nie kans om al julle vrae gelyk te beantwoord nie. Kom, ons gaan loop maar op die pier, dan kan ons meteens gesels oor alles wat ons sien. Kyk, daar staan kommandeur Van Riebeek al vir ons en wag." En terwyl hy so praat, stap hy met Moeder die wandelpier op; die kinders kom agterna, en kort daarna staan hulle voor die standbeeld van Van Riebeek.

Die standbeeld staan daar, sover ons kan nagaan, op dieselfde plek, waar Van Riebeek omtrent 250 jaar gelede geland het. Dit is 'n beeld van die dapper man, soos hy daar moes uitgesien het in daardie dae. Dit lyk, of hy nou net aan wal gestap het. Hy leun met die een hand op die handvatsel van sy swaard, en hou sy stok in die ander hand vas. Onder die breërandhoed slaan hy sy oë op na Tafelberg se donker kruin, en laat hulle dwaal oor die land, wat nou voortaan sy woning sou wees.

Agter hom, 'n entjie van die wal af, lê die Dromedaris, die Reiger, en die Goede Hoop. Die reis hierheen het drie en 'n halwe maand geduur. Dit spreek dus vanself, dat die bemanning dankbaar was om die skeepsdek te kan verlaat, en hul voet op land te sit. Net so vinnig as roeiskuite hul passasiers na die kant toe bring, word die klompie mense om die kommandeur ook groter, en terwyl hulle die pragtige landskap staan en bewonder, raak hul tonge ook los, en kan 'n mens aan hul gesprekke hoor dat hulle almal die nuwe land beskou as 'n land van „Goede Hoop”.

„Dit het hier in daardie dae heeltemal anders uitgesien,” sê meneer Potgieter, terwyl hy hom omdraai, om sy oë oor die stad te laat gaan. „As Van Riebeek vandag hierheen kon terugkom, sou hy die plek net aan Tafelberg kon herken, — Tafelberg, wat die landskap nou nog net so majestueus beheers as toe. Die berg was darem toe meer bedek met digte bosse, en deur die water wat toe van sy helling afgestroom het, was die plek, waar nou daardie trotse geboue

staan, nog 'n vlei, waar seekoeie in die modderige water gebaai het.

Bo-op die kranse kon 'n mens bobbejane hoor skree; in die bosse het dit gewemel van blou-apies; op die grasvlaktes het allerhande soorte wild gewei, en saans het leeus en tiers uit die bosse gekom om hul prooi te soek en hul dors te les. Hottentots was die enigste menslike wesens. Hulle het agter klippe en bossies weggekruip en as 'n mens te naby kom, het hulle die vlug geneem."


„Ek sou nie graag toe hier wou gekuier het nie," sê Lettie; „ek sou bang gewees het in so 'n wildernis."

„Ek nie! Vir my sou dit plesierig gewees het," val Jan in. „In daardie dae kon 'n mens nog awonture beleef het!"

„Ja — nee," lag sy tante, „dit sou nou net water op jou meule gewees het. Maar moenie vergeet nie, matie, dat werk die wagwoord was van Van Riebeeck, en dat die eerste koloniste in die begin nie veel tyd vir plesier gehad het nie."

Onder die praat het hulle aangestap op die pier, wat eintlik niks anders is nie as 'n fraai, groot brug wat 'n hele ent die see in op pale gebou is, en waarop 'n mens kan gaan wandel, om die vars seelug te geniet, en die uiters pragtige uitsig op die stad en oor die water te bewonder. Op die punt daarvan staan 'n slank uitkyktorinkie. Daar is ook mooi teekamers waar 'n mens allerhande verversings kan koop, en op jou gemak kan sit en rus. Dit is dan ook 'n geliefkoosde plekkie van die Kapenaars. As daar saans 'n orkes speel, dan gaan duisende mense daarheen.

Ons vrinde kon maar nie genoeg kry van die pragtige uitsig nie, en telkens het die groot blou see weer aanleiding tot nuwe uitroepe van bewondering gegee.




Die pier en visskuitjies.

„Kyk, daar in die verte kan julle die blou heuwels onderskei, wat Tafelbaai aan drie kante insluit. Daardeur, en ook deur die golfbrekers, wat die mense gebou het, word die golfslag hier gebreek. Dis daarom, dat 'n mens hier amper nie golwe sien nie, en daarom is die baai ook so 'n veilige lêplek vir skepe. Ons sal later weer 'n kans kry om die see in al sy krag te bewonder. Kom, ons draai nou maar solank hier om, en gaan weer terug na die stad toe.”

Hulle het nog 'n oomblikkie by die bo-ent van die pier stilgestaan, om na die visskuite te kyk, waar gespierde vissers hard besig was om die silwer oes

uit te seek, wat hulle so pas in die nette uit die water opgetrek het.

Toe gaan hulle weer terug na Adderleystraat. Ma en die sussies kon dit nie help om elke keer voor die winkels te bly staan nie, waar mooi damesklere en hoede in die vensters uitgestal was. Daarin het die



seuns nie veel belang gestel nie, maar daar was ook genoeg ander dinge om hulle solank besig te hou. Nie ver van die stasie af nie het meneer Potgieter hulle die poskantoor gewys. Dit is 'n pragtige, groot gebou, wat ook wel begryplik is, omdat dit so'n vername rol speel in ons land. Dit is nie alleen die hoofkantoor van die Kaap-Provinsie nie, maar daar word ook die

*) Die klip, wat hier afgebeeld is, staan nie in die Poskantoor nie, maar in die Museum. Die klip wat in die Poskantoor te sien is, het 'n Engelse opskrif.


hele wêreld se briewe en koerante vir Suid-Afrika ontvang, en daarvandaan word die pos weer na ander lande gestuur. In die voorportaal staan 'n groot bruin klip op 'n voetstuk. Daarin is letters uitgeknap wat nog goed leesbaar is, hoewel hulle hier en daar 'n bietjie afgeslyt is.

„Kyk hier,” sê meneer Potgieter, „lank voor Van Riebeeck se tyd was so 'n klip die eerste poskantoor hier aan die Kaap. As 'n skip in daardie dae hier aangekom het op reis na Indië, of terug daarvandaan, dan het die seeliede hul briewe toegedraai in stukke geteerde seil, om die nattigheid uit te hou, en dit onder sulke klippe kom wegsteek. As hier dan later skepe aankom uit 'n teenoorgestelde rigting, neem hulle die pos saam, en sorg dat dit aan die regte adres afgelewer word. Die oudste van die klippe, wat later hier gekry is, dra die jaartal 1619. In die museum is 'n hele paar van hulle te sien, terwyl in die mure van die ou Kasteel ook 'n paar ingemessel is.”

„Ag, kyk tog hoe pragtig!” roep mevrou Potgieter toe hulle uitkom, en 'n hele ry blomverkopers aan die eenkant van Adderleystraat sien met mandjies vol van die pragtige blomme, waarvoor die Kaap wêreldberoemd is. Hulle kon toe nie van die blomme koop nie, want dan sou hulle tog maar net die heeldag daarmee opgeskeep wees. Maar mevrou Potgieter het haar voorgeneem, om later die skade in te haal.

Wat 'n lewendige toneel was dit daar voor die poskantoor! Wat 'n drukte onder kopers en verkopers! Wat 'n verskeidenheid van kleure en tinte onder mense en blomme!

Die Atlantiese en die Indiese Oseane loop by die Kaap de Goede Hoop inmekaar, en dit lyk of die mensdom uit ooste en weste mekaar in Kaapstad ontmoet. Daar is byna geen nasie ter wêreld, wat nie



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Blommeverkopers in Adderleystraat.

in Kaapstad verteenwoordig is nie. Hier sien 'n mens Europese dames en here wandel in ligte somerklere, daar see-offisiere in blink uniforms, of matrose met hul wye, donkerblou broeke; daar weer Indiërs of Koelies met bont jaste en kopdoeke of tulbande; verder Slamaaiers en Sjinese, terwyl ligte of donker

inboorlinge orals tussen hulle deurvleg. Bokant die huise se gewels steek die purper berg uit. Sy top is dikwels gekroon met spierwit wolke, wat mooi afsteek teen die helderblou lug. En bo-oor al die prag giet die Suid-Afrikaanse son sy helder strale uit, en laat dit alles tintel en lewe.

13. 'n Gelukkige ontmoeting.

„Dag Meester!” klink daar onverwags 'n vrolike stem, en meneer Potgieter voel 'n hand op sy skouer.

Hy draai hom om, en kyk in die oë van 'n mooi, fris-geboude jong man, wat met 'n glimlag sy hand uitsteek om hom te groet.

„Jou gesig kom my baie bekend voor,” sê meneer Potgieter, terwyl hy hom ook die hand gee, „maar ek kan jou nie eien nie.”

„Ag nee, en ek het Meester dan dadelik herken! Het ek dan so baie verander? Dink net aan Groenplaas, — die tweede bank van agter af.”

„Ja, nou weet ek! Natuurlik! Dit is Fanie Louw. Hoe gaan dit nog met jou? Ek is net bly om jou te sien. Geen wonder, dat ek jou eers nie geken het nie. Ek het jou seker vyf jaar laas gesien. Toe was jy nog so'n bogseun van omtrent veertien jaar oud, terwyl jy nou....”

„Al amper twintig jaar oud is, Meester. Maar ek dink darem nog baiekeer aan ons ou skooltjie daar op die plaas. Meester het niks verander nie.”

„Ja, dit mag wees. Kinders word groot, maar ou mense — ja, wat sal ek sê? — hulle bly maar oud! Vrou, ken jy nog vir Fanie, wat die tyd by oom Danie Oosthuysen gebly het?”

„Ek sou so dink!” was die antwoord van mevrou Potgieter. „Ek onthou nog, hoe hy met oom Danie se kinders wegkruipertjie gespeel het, en eendag in die meelkis gekruip het. Maar jy het daar toe ook mooi uitgesien, Fanie!”

„Ja, dit wil ek glo, mevrou Potgieter,” en Fanie lag so lekker. „Maar ek doen nou nie meer sulke verspot dinge nie. Ek het dié dag so ’n pak van oom Danie gekry, dat ek dit nou nog onthou!”

Fanie het gou kennisgemaak met meester se kinders. Sommige van hulle was nog maar baie klein toe hy uit die skool is, en die ander outjies het hy nog nooit gesien nie. Maar toe meester hom by Jan wou voorstel, sê Jan: „Nee Oom, dis nie nodig nie; ons het mekaar al vroeër ontmoet.”

Toe was dit weer Fanie se beurt om verwonderd te wees. Hy het Jan goed staan en beskou, maar toe sy kop geskud. „Nee,” sê hy, „ek onthou jou nie meer nie.”

„Weet jy nog wie vir jou kos aangedra het, toe jy in die bed moes lê, omdat jy jou been gebreek het?”

„Ja waarlik! Jan van Vuren!” roep Fanie uit. „Wat ’n skande, dat ek jou nie meer geken het nie, maar soos meester sê, — klein kindertjies word ook groot.”

„En ou mense bly maar oud, nè?” sê Jan om hom te terg.

„Moenie laat ons so in die straat staan en gesels nie,”

sê meneer Potgieter, „kom, laat ons liewers êrens gaan sit en koffie drink.”

Kort daarna sit die hele geselskap in 'n teekamer, naby die venster, elkeen met 'n koppie warm koffie voor hom, en met 'n bord lekker koek en tertjies in die middel van die tafel. Meester was nuuskierig om te hoor, hoe dit met sy oud-leerling gegaan het, nadat hy van Groenplaas af weg is.

Fanie vertel toe hoe hy saam met sy vader na die Vrystaat toe getrek het. Daar was hy nog 'n jaar op die skool en later op Stellenbosch, waar hy sy matrikulasie-eksamen afgelê het. Daarna het hy 'n jaar lank in Kaapstad gewerk, en sou nou na Johannesburg toe gaan, na die kantoor van 'n prokureur daar, wat 'n vrind was van sy vader. Maar sy toekomstige baas het hom opgedra om eers vir hom 'n werkjie te doen in Kaapstad. Vir sy vader moes hy ook nog 'n paar dingetjies regmaak, voor hy weer na die Transvaal teruggaan.

„Miskien kan ons dan nog saamreis,” sê mevrou Potgieter.

„Nee dit spyt my,” sê Fanie. „Ek sal nie met die trein gaan nie. Ek het vir my 'n plek bespreek op een van die mailbote, wat langs die ooskus opgaan. Ek wil graag soveel sien as moontlik, en sal op Lourenço Marques aan land gaan. As ek nou maar goeie weer op see kry, dan sal dit seker 'n lekker reis wees.”

Hulle het net lekker gesels. Na Fanie moes meneer Potgieter sy wederverarings vertel; toe het Jan weer

'n beurt gekry. Hy kon hom nog goed herinner, hoe daar een aand laat, omtrent ag jaar gelede, aan hul voordeur geklop word. En toe hulle oopmaak staan daar 'n boer, 'n man met 'n lang baard, en vra, of hy sy seun, wie se been gebreek was, in die huis kon bring. Kort tevore het dit baie gereën, sodat die pad lelik verspoel was, en hulle het die ongeluk gehad om die wa om te gooi, en sy seun het met sy been onder die wa gekom. Hy was verplig om verder te gaan met die transportvrag, en daarom het hy gevra of sy seun tog maar daar kon agterbly.

Jan se vader moes 'n dokter laat haal om die been te spalk, en so het die pasjent omtrent drie maande by hulle op die plaas gebly.

„En ek het 'n lekker lewetjie daar gehad, Meester,” sê Fanie. „Jan het my net goed opgepas. Ek is baie dank verskuldig aan sy ouers. Op my terugreis sal ek hulle seker gaan opsoek.”

Onder die gesels het die koppies en die koekbord leeg geword.


„Nou ja, dit word tyd dat ons weer loop,” sê meneer Potgieter, en almal was dit daarmee eens. Dit was wel aangenaam om na die herinnerings van sulke ou vrinde te sit en luister, maar hulle wou graag nog meer van Kaapstad sien.

„Ek het vandag niks besonders te doen nie,” sê Fanie. „As julle nie omgee nie, dan loop ek saam.”

Sy aanbod word met plesier aangeneem. Meneer Potgieter was maar te bly om sy baantjie van gids aan Fanie oor te dra. Dit was so lank gelede, dat

hy laas in Kaapstad was, dat hy die plek nie meer so goed geken het nie.

„Die mooiste van Kaapstad is vir my altyd die dinge, wat ons aan die verlede herinner,” sê Fanie.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Adderleystraat en Poskantoor.

„Ek kan my so goed voorstel, hoe dit vroeër hier moes gelyk het. Die naam van Adderleystraat, waar ons hier in loop, was vroeër ‚Heerengracht’. Hier in die middel was ’n grag of kanaal, wat die water afgevoer het. Weerskante daarvan het ’n ry akkerbome gestaan, tot waar die Kompanjie se tuine aangelê was deur Simon van der Stel. Ons sal later gaan kyk na wat daar nog oor is van die laning en van die tuin.”

„Bestaan daar van daardie tyd se huise ook nog?” vra Lettie.

„Ja seker,” was die antwoord, „buitekant die stad is daar nog verskeie van hulle, maar hier in die stad verdwyn hulle hoe langer hoe meer, om plek te maak vir meer moderne geboue.”

„Dit is ook maar goed,” is die mening van mevrou Potgieter, wat altyd prakties is. „’n Nuwe huis is tog maar mooier en geriefliker as so ’n oue.”

„Dit moet jy nie sê nie, vrou,” is haar man se antwoord. „Jy sal hier nog van die ou huise te sien kry, wat so stewig en gerieflik gebou is, en wat daar tog so skilderagtig en sierlik uitsien, dat jy hulle nie vir ’n nuwe huis sou wil ruil nie.”


Onder die praat het hulle die bo-ent van Adderleystraat bereik, en by ’n lang laning dik akkerbome gekom, wat ’n heerlike skaduwee op die breë looppad werp.

„Ons het dit aan goewerneur Van der Stel te danke dat ons hier so lekker kan stap,” sê Fanie. „Dit was op sy bevel, dat hierdie laning hier aangelê is, en baie van die bome is deur homself of tenminste onder sy toesig hier geplant. Jammer dat hulle nie kan praat nie. Die ou knoestige reuse sou baie kan vertel!”

„Maar kyk nou eers hier aan jul linkerhand; dit is die Parlementsgebou. Ek glo nie ons sal dit van binnekant kan besigtig nie, want die Parlement sit nou net. As meneer Potgieter baie belang daarin stel, sal ek darem probeer om môre ’n kaart te kry vir die galery.”

„Nee wat,” sê mevrou Potgieter, „moenie die moeite

doen nie, dankie. Ons sal ons maar tevrede stel om te weet, hoe die geboue daar van die buitekant uitsien. Ons tyd is maar kort, en as ek dit nie mis het




Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Parlementsgebou in Kaapstad.

nie, dan is hier nog baie dinge te sien, wat merkwaardiger is as kantore en vergadersale.”

Dus het die toeriste net buite om die gebou geloop, en die pragtige voorportale bewonder, wat deur hoë suile of pilare gedra word. Hulle het ook ’n tydjie gaan stilstaan by die groot marmerstandbeeld van koningin Viktoria.

„Kom, ons gaan nou na Van der Stel se tuin toe,” sê Fanie.

„Ja, dit is goed,” antwoord meneer Potgieter. „Julle moet weet, kinders, dat die Kompanjie se tuin in die sewentiende eeu al wêreldberoemd was, en dat reisigers uit Indië en Europa toe al met lof gepraat het van die wonderlike versameling van inheemse en uitlandse bome en gewasse, wat daar bymekaar gebring was.”



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
In die Botaniese Tuin.

„Die Kapenaars het nou nog die reg om hoogmoedig te wees op hul botaniese tuin, want hier groei ten minste 8000 verskillende soorte van bome en plante,” voeg Fanie daarby.

Die groot verwagtings van die besoekers is ook nie teleurgestel nie. Hul gedurige uitroepe van bewondering het aangetoon, hoe grotes en kleintjies al die

skoonheid geniet. Hulle het lank daar tussen die blombeddings, met hul ryke verskeidenheid van kleur en geur, rondgedwaal, die sierlike slank palms bewonder, en geniet van die skoonheid van al die varings, orgideë en tropiese plantegroei in die groot broeikaste. Meneer Potgieter het baie te vertel gehad oor al die vreemde plante, wat daar te sien was.

„Dit is hier 'n klein paradysie,” kon mevrou Potgieter nie help om te sê nie, toe hulle by die dam gaan staan, waarin 'n springfontein se water soos motreën neerdruppel en reënboogkringe tower, terwyl goudvissies rustig tussen die waterlelies heen en weer swem. „Dit is so 'n ideale plekkie. Kom ons gaan hier 'n bietjie sit.”

„Goed,” sê Fanie, „maar kom kyk eers na hierdie sonnewyser met die jaartal 1781 daarop uitgebeitel. Dit is dus ongetwyfeld hier opgerig deur goewerneur Van Plettenberg.”

„As 'n mens daar in Adderleystraat loop,” merk Fanie op, toe hulle almal op hul gemak op 'n bank sit, dan is dit moeilik om jou 'n voorstelling te maak van hoe die Kaap gelyk het in die Kompanjie se tyd; maar hier, waar die rytuie nie met hul geratel die rus verstoer nie, en waar motorkarre nie mag rondjakker nie, kan 'n mens jou nog voorstel hoe dit in die ou tyd was. Hier kan 'n mens jou nog amper verbeel, dat goewerneur Van der Stel netnou hier sal aangestap kom, om na sy rose te kyk; dat deftige here met kort broeke, sykouse en poeierpruie, en dames met hoepelrokke en met hul hare hoog opgekam, aandagtig sit en luister op een van daardie banke na wat 'n ou

see-kaptein hulle vertel van sy gevaarlike togte, van gevegte met kannibale of mensvreter, of met gorillas; van die wonderlike afgode van Japan en die tempels van Indië, en van honderd ander dinge, — die een nog snaakser as die ander.”

„Kom, kinders,” sê mevrou Potgieter eindelik, „dit word darem nou hoog tyd vir ons om te loop. Die son sal netnou ondergaan en ons weet nog nie eers, waar ons vannag sal gaan slaap nie.”

„O, daar hoef julle nie oor besorg te wees nie,” sê Fanie. „In Kaapstad is daar geen gebrek aan hotels en verblyfplekke nie. Ek kan julle na ’n losieshuis neem hier digby, waar julle goed en goedkoop geholpe sal raak.”

En so het dit ook gebeur. Toe Fanie afskeid neem, het hy belowe om die volgende môre vroeg weer die vakansiegaste te kom haal.

Na die ete het die kleintjies dadelik bed-toe gegaan en gedroom van al die mooi dinge wat hulle gesien het.


Meneer en mevrou Potgieter het nog ’n paar strate om gaan loop met die groot kinders, en toe maar die kleintjies se voorbeeld gevolg.

14. WAARHEID OF LEUEN.

Dis nie my wóórd alleen, wat lieg,
Of wat die waarheid kan verklaar:
Deur daad en skyn, deur swyge selfs,
Word waar- of valsheid openbaar.

C. J. LANGENHOVEN.

15. By die see.



Aankoms van „de Reiger”, „de Dromedaris” en „de Goede Hoop”.

„Nou moet ek eers weet, hoe lank julle van plan is om hier te bly,” sê Fanie, toe hy die anderdagmôre die Transvalers kom haal, „dan kan ons ’n program optrek.”

„Ons sal jou nog drie volle dae tot oorlas wees,” antwoord meneer Potgieter. „Saterdag op sy laaste moet ons terug, want ons het belowe om Sondag in die Paarl deur te bring.”

„Maar dit is glad te kort om alles te sien,” sê Fanie. „Is dit nie moontlik om ’n paar dae langer te bly nie?”

„Nee, dit sal nie gaan nie. ’n Hele stuk van die vakansie is al om. Ons wil graag ’n week voor die skool begin weer tuis wees. Dan moet ons nog ou vrinde ook gaan opsoek; hulle sal ons dit erg kwalik neem, as hulle hoor dat ons in die Kolonie was sonder hulle ’n besoek te bring.”

„Nou ja, dan moet ons maar ons tyd goed gebruik. Ek stel voor om vanmôre na Kampsbaai te gaan, en

dan so teen drie-uur terug te kom om die Kasteel te gaan bekyk."

Met algemene stemme word die voorstel aangeneem.

„Kan 'n mens daar iets kry om te eet?" vra klein Japie, wat altyd honger het, en nie graag 'n maaltyd wil misloop nie.

„Ek sou so dink," lag sy ma, „en om te drink ook, — net soveel seewater, as jy maar wil hê. Maar sal dit nie goed wees om maar 'n bietjie kos saam te neem nie?" vra sy aan haar man.

„Dit is net wat ek wou sê," antwoord Fanie. „Daar is genoeg eetplekke in Kampsbaai, maar as 'n mens vir die dag uitgaan, dan smaak die kos tog maar die lekkerste, as jy op 'n mooi, koel plekkie onder die bome, of somar op die strand kan gaan sit en eet."

Hulle het dus eers alles gaan koop wat nodig was om die inwendige mens te versterk, en toe op die Kampsbaaitrem geklim, wat in Adderleystraat afry.

Hulle was gelukkig betyds, en almal kon sonder moeite plek kry in die oop trem. Japie en Annie wou graag op 'n hoekie aan die buitekant gaan sit, maar Ma het gesê, dit is te gevaarlik.

'n Paar minute later het die trem vertrek, en gou was hulle uit die gewoel van die stad. Die fris seelug streel saggies hul wange, en oud en jonk geniet van die natuurskoonheid, wat by elke draai van die pad vir hulle sigbaar word. Aan hul regterhand lê die see, wat in die helder môreson skitter, of hy met diamante besaai is, terwyl die strepe wit skuim met mekaar reisies jaag. Skuite met wit of bruin seile swêef sierlik oor die oppervlakte van die see. Daar vèr trek 'n

groot stoomboot na ander lande en 'n lang rookpluim wapper soos 'n groot swart volstruisveer agter hom aan.


Aan hul linkerhand is die berg. Eers gly die frem vinnig langs die ou reus se voet. Die bergkante is ruig begroei met bome, waartussen die wit huise met hul rooi dâkke hier en daar vrindelik uitloer. Die ruimte tussen see en berg word altyd smaller en smaller, hoe verder die pad gaan, tot hulle eindelijk op 'n plek kom, waar die pad teen die kant van die berg uitgekap is. Aan die anderkant sien die passasiers hoe die bruisende en skuimende golwe in lang rye agtermekaar op die rotse aanstorm, waar hulle met 'n donderende geraas uitmekaar spat. Hier is dit nie meer 'n stukkie see, wat deur mense vasgekeer en mak gemaak is nie; hier sien jy hom in al sy krag en grootsheid. Op daardie anderkantse rotpunt staan 'n hoë vuurtoring, en Fanie vertel hulle dat die helder ligstrale snags ruim dertien myl ver op see gesien kan word.

Hiervandaan breek die steil rotswand aan die linkersy af, en 'n mens kry weer 'n gesig op die berg. Digbegroeide, diep klowe daal teen die hang van die berg af soos groen riviere.

'n Entjie verder gaan die trempad langs rotsblokke, wat somar wild deurmekaar en oormekaar lê. Meteens maak die trem 'n draai, en tussen die hoë dennebome deur sien 'n mens Seepunt, soos 'n skildery in 'n lys van groen bome.

Die passasiers praat nie baie nie. Hul oë geniet soveel, dat die monde nie 'n kans kry nie. Net nou

en dan, as daar weer 'n nuwe vergesig voor hul oë ontvou word of as Fanie hulle op iets besonders opmerkzaam maak, wat anders hul aandag sou ontgaan het, hoor jy net: „Ag tog, hoe fraai!” — „Is



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Kampsbaai en die Apostelberge.

dit nie pragtig nie!” Verder sit almal doodstil en geniet.

Eindelik gly die trem deur Clifton, en word die bergreeks van die Twaalf Apostels sigbaar; die naaste toppe steek skerp en donkerblou teen die lug af, en dié wat verder weg is, word stadigaan ligter blou, totdat die verste lyk, of hulle soos newels met die lug aaneensmelt.

En so kom hulle eindelijk by Kampsbaai aan. Om die waarheid te sê, sou hulle almal, buiten Japie en Annie miskien, graag gesien het, dat die pad nog langer moes gewees het. „Maar daar kom 'n end aan alles,” sê meneer Potgieter met 'n sug.

„Ag, hoe mooi is dit hier tog!” sê Mevrouw. En sy het gelyk. Kampsbaai is een van die lieflikste plekkies in die Kaapse skiereiland. Kyk, hoe kom die golwe een na die ander aangerol. Dit lyk of hulle mekaar aanja. Daar ver op die rotse moker hulle met 'n donderende geluid en die spierwit skuim spat hoog in die lug op. Dit is of hulle die rotse wil verpletter. Maar die rotse kan hul man staan, — die see verspil verniet sy kragte op hulle.

Hier op die gelyk strand is die branders nie so kwaai nie. Hulle tuimel en stoei en rol oormekaar, en stoot 'n entjie vinnig teen die sand op, om dan weer ewe kalm weg te vloei. Dit is altyd dieselfde, en tog altyd weer anders. 'n Mens word nooit moeg om daarna te kyk nie.

En dit is so plesierig daar op die strand. Hier is 'n klompie kinders besig om putte te grawe en berge fyn wit sand op te hoop; daar 'n ander klompie, wat tot aan hul knieë in die water plas en onder geskreeu terugspring as 'n brander, wat parmantiger is as sy voorgangers, dreig om hulle nat te spat. Nog verder sit honderde mense op die strand; hier en daar 'n klein geselskappie, of net 'n paar bymekaar.

Almal is vol lewe en vrolikheid.

„Pa, kan ons maar kaalvoet loop?” vra Annie.

„Ja, toe maar,” sê Pa, „ons is mos vandag hier vir ons plesier.”

„Ek het so honger,” kla Japie. Die seelug het hom so ’n eetlus gegee, dat hy glad vergeet, hoe lekker hy vanmôre aan die brekfistafel geëet het.

„Nou kom, laat ons dan maar iets gaan eet,” is mevrou Potgieter se voorstel, en net gou sit hulle almal onder die teehuis se veranda, elkeen met iets om te drink, en die kleintjies elkeen met ’n stuk koek in die hand.

Dan word kouse en skoene uitgetrek, en die volgende oomblik plas die kleingoed met hul kaal bene in die water rond.

Lettie en Annie tel skulpies op om saam te neem as ’n aandenking.

„Jammer dat ons nie ons swemklere hier het nie,” sê Jan.

„Kan jy dan swem?” vra Fanie.

„Ek sou so dink,” is Jan se antwoord. „Willem ook, hy swem soos ’n vis!”

„Dit is tog alte jammer, dat julle so gou weggaan, anders kon ons nog saam gaan swem het. Maar nie hier in Kampsbaai nie. Hier is so ’n sterk stroom in die see, dat dit te gevaarlik is.

„Meneer Potgieter, kan Willem en Jan dan nie hier agterbly, as u na die Paarl gaan nie?” vra Fanie.

Willem en Jan kyk na hom op om te sien, of hy dit regtig meen, maar meneer Potgieter sê: „Nee man, dit sal nie gaan nie. Waar moet hulle solank bly?”

„O, dit sal nie die moeilikheid wees nie. Die vrou van die huis, waar ek tuis is, sal nie omgee om vir hulle ’n bed op die vloer te maak nie. My kamer is groot genoeg.”

Meneer Potgieter kyk na sy vrou, en sy knik haar kop.

„Wat my betref, ek het daar niks op teë nie,” sê hy, — maar Willem en Jan het nie gewag om die res te hoor nie.

„Hoerê!” skree Willem meteens, en hy spring op Jan se rug, en die twee tuimel oormekaar in die sand, waar hulle lê en rondrol en skop soos twee perde, wat net uitgespan is.

Onder die wyl het die kleintjies kennismakaak met ander kinders, wat ’n fort van sand wil bou, — ’n fort met gragte en slote, met dik walle en skanse. Die bouers is net bly om helpers te kry, en hulle werskaf en woel daar saam in die sand, of hulle daarvoor betaal word.

„Kom, ons gaan nou eers ’n entjie loop,” nooi Fanie, „daar anderkant onder die dennebome. Daar is heerlike wandelpaaie en pragtige uitsigte.”

Maar die kleintjies wil liewers daar bly. Hulle glo nie dat daar ooit ’n heerliker speelplek kan wees nie. Fanie het hul ouers verseker, dat daar geen gevaar was nie, en hulle moes self eers belowe om nie verder te gaan nie, voor hul ma daarmee tevrede was.

’n Paar minute se loop bring die wandelaars in die skaduwee van die donker dennebosse, wat teen die berg se kant opklim. Hier en daar het ’n klompie mense ’n tent opgeslaan. Hulle deur die son gebruinde gesigte lyk so opgewek, dat daar geen twyfel bestaan of die vrye vakansielewe hulle beval nie. Deur die openings tussen die bome deur kry die wandelaars

telkens weer nuwe vergesigte, en 'n entjie hoër teen die berg op vind hulle lieflike wilde blomme, allerhande soorte lelies en pypies of erika.


Hulle gaan op 'n mooi plekkie sit. Dié seelug is so lekker fris; dat dit 'n genot is om diep asem te haal. Dit voel of 'n mens jou gesondheid met lepelsvol inkry.

„Dit is nou lekker genoeg,” sê Fanie, „maar ek kan julle verseker, dat 'n mens hier somtyds darem te veel wind kry. As die suidoostewind in die winter hier waai, sou jy nie lank vir jou plesier hier bly sit nie. Hulle noem die Suidooster hier die ‚Kaapse Dokter’, en verseker ons dat hy al die ongesondheid uit die lug wegblaas, maar vir my part hou ek niks van die soort van dokter nie.”

Jan moet nou die kinders gaan roep. As hulle hoor dat daar weer iets te ete is, laat hulle nie lank op hulle wag nie. Daar kom hulle aangehardloop met gesiggies wat gloei van plesier en gesondheid, en help die grootmense net gou om die kosmandjie leeg te maak. Maar toe wou hulle ook dadelik weer weg.

„Pa,” vertel klein Japie opgewonde, „daar op die strand is donkies, waar 'n mens vir 'n sikspens op mag ry!”

„'n Goeie begryper het maar net 'n halwe woord nodig,” lag Pa, terwyl hy sy beurs uithaal. Drie donkies word vir die kinders gehuur, en hulle mag om die beurt daarop ry. Jan en Willem wou wys hoe hulle agter mekaar op één donkie kan ry, maar die donkie het met hulle van opinie verskil. Hy het stokstil gaan staan, en geen slaan of raas kon hom



Uitsig by Kloofnek.

van die plek af wegkry nie. Toe dit hom begin te verveel, steek hy kop tussen die bene, skop agterop,

en daar slaan die twee grootpraters bolmakiesie in die sand!

So ongemerk het dit halfdrie geword, en tyd om terug te gaan, as hulle die Kasteel nog wil gaan sien, wat net smiddags vir die publiek oop is.

Daar is ook net 'n trem. Hulle gaan met 'n ander pad na die stad terug. Eers kronkel die tremlyn aan die voet van die Apostelberge, maar die spoor styg hoe langer hoe meer, en die uitsig word steeds ruimer. Allerhande soorte bome, maar veral dennebome groei langs die tremlyn. Daar kom hulle by Kloofnek, die hoogste punt van die spoor, omtrent 700 voet bokant die see. Terwyl die trem hier stilstaan, kry ons vrinde 'n kans om die pragtige panorama te bewonder. Aan die eenkant kyk hulle terug op Kampsbaai, aan die anderkant lê Tafelbaai met Kaapstad voor hul oë uitgesprei.

„Dit lyk net soos 'n prentjie,” sê Lettie.

„Ja, maar net baie mooier,” antwoord Annie.

„Ek het altyd gehoor, dat die golf van Napels beroemd is om sy skoonheid,” sê meneer Potgieter, „maar ek kan nie glo, dat dit vir Tafelbaai kan klop nie.”

„Vir my part is ek heeltemal tevrede met ons vaderland,” sê sy vrou. „Ons mense is tog dwaas om na Europa of Amerika te gaan om mooi natuurtonele te sien, terwyl hulle geen oog skyn te hê vir die prag van hul eie land nie.”

„Ja, dis waar,” sê Fanie, „ons land het tog genoeg mooi plekke. Mense, wat in die wêreld baie rondgereis het, het my vertel, dat hulle nêrens 'n mooier trempad gesien het as hierdie een nie.”

16. Ruiter vertel.

(*Ruiter is 'n Boesman-Hotnot*).

Toe Ruiter van leeu en tier skiet hoor praat, was die ou op sy troon. Hy pak 'n klip, wat daar naby lê, en gaan daarop sit.

Platjie wat nader kom sit, vra: „As oom Ruiter so baie op groot jagte uit was, het Oom seker baie leeus en tiers laat stof proe.”

„As ek een geskiet het, dan het ek honderde van die gras afgemaak. Eendag gaan ek met ander Griekwas saam jag. Langs 'n spruit kom ons by 'n groot kol riet uit, en toe ons voor ons kyk, staan daar langs die riet 'n groot bontpoot-mannetjie. Hy beskou ons, asof hy vir homself afvra: „Wie is nou die vetste onder die klomp, wat ek kan vang?” Ons vlug veilige plek toe. Almal se perde hol goed met hul ruiters weg, maar my ou ryperd, Kolbooi, steek vas. Ek lê handsambok op, maar wie sê! Ek druk my hakke agter sy blaaië, maar toe spring Kolbooi eers rê-rê. Deur sy kop tussen sy voorpote te begrawe, en om met sy agterpote die son daarbo te wil raakskop, het hy dit reggekry om my voor die leeu op die oop veld te plant.

Die leeu kry somar in sy hart lekker, want hy gee 'n brullaggie. Toe kom hy na Kolbooi toe om te probeer, of hy dalkies nie beter kon perd ry as ek nie. Toe my ou Kolbooi die leeu vir die eerste keer gewaar, klim die leeu van agteraf in die saal. Ou Kolbooi het 'n snork gegee, en so effens weg-

gevlie, sodat die baljaardery nie bo my plaasvind nie. A nee, die ou knol spook toe eers rê-rê; hy duik weg dat sy neusgate op die grond die stof wegblaas. Toe mik hy nie meer met sy agterpote na die son nie, maar nog hoër na die blou lug toe. Die leeu hik ook, en klou vas al wat sy tata en memme hom geleer het. Maar Kolbooi segevier en skiet die leeu, dat hy so met 'n boog deur die lug trek, en voor ou Kolbooi op sy neus te lande kom. Toe eers hol die perd weg, die leeu snuit sy neus, kom kyk wat van my geword het, en toe hy sien dat ek so stil lê, kom hy ruik of ek asemhaal. Glo my, toe hou ek my so dood as 'n mossie. Daarop maak hy sitplek van my, en doen niks as om op my rond te skuiwe, totdat hy my liederlik vol klei getakel het. Maar al die tyd hou hy sy oë gevestig op die ander Griekwas, wat dapper maneuvrers maak om sy aandag van my af te trek.

Eindelik begin my mense na die leeu te vuur. Die eerste het ge-oor; die tweede een het ge-onder, en raps my boonop met die koeël in die been. Maar die derde een, Ontong, het goed sy korrel voor die leeu se bors gesuie; toe die kruit in die leeu se bakkies blits, dop hy sy oë om; hy dood en ek verlos. — Nee, ek het maar so gedink! Ontong, wat die derde skut was, het vergeet om die koeël op sy roer te laai, so het hy met los kruit geskiet. Die leeu kies hom. Al die perde hol met hul ruiters weg, toe hulle die leeu se ruik kry. Ontong is nou op die grond, en kan nêrens heen vlug nie, as net boom in; hy het deur die doringtakke so gou as 'n gebotterde sonstraal geklouter. Daar bo sit hy in die takke, daar onder op die grond

sit die leeu kop in die lug om Ontong te beskou en te seën."

„En waar was julle toe?" vra Samuel.

„Ou beste, ons was skoonveld weg," antwoord Ruiter, met 'n dwars handveeg voor sy mond.

„En wat het van Ontong daar bo in die boom geword?" vra Platjie.

„Ek glo, as ek my nie vergis nie, dat hy vandag nog daar in die doringboom sit," antwoord Ruiter.

„Skaam jul nie vir julle nie?" vra Samuel.

„Ou swaer, jy vra my nou so diep in, maar as jy Ontong gewees het, sal jy so gepraat het, en as jy Ruiter en sy maters gewees het, sal jy net dieselfde gedoen het. Het jy dan lus, dat die leeu vir die tweede maal van jou 'n rusbank kom maak?" vra Ruiter.

Samuel dink diep en sit stil, lig sy kop en sê: „In gevaar drill my broekspye; buiten gevaar storm ek 'n olifant op tienduisend tree."

Maar Platjie sê: „As ek Ontong gewees het, sit ek nou nog klein gebedjies opsê."

G. R. von Wielligh. — *Jakob Platjie*.

J. H. DE BUSSY, Pretoria.

17. Eerlikheid is beter as rykdom. I.

Met 'n sug stap Jan Verhagen by sy armoedige huisie se deur uit.

„Hou maar moed, Jan,” het sy vrou vir hom gesê, toe hy haar 'n afskeidsoen gee, „wie weet, altemit is jy nog vandag gelukkiger.”

Maar hy het haar geen antwoord gegee nie. Dae en weke agtereen het hy nou al elke môre uitgegaan om werk te soek, en elke aand maar weer teruggekom met die boodskap: „Ek kan niks te doen kry nie.”

Een stuk huisraad na die ander moes hulle van die hand sit, om vir die huisgesin kos te koop, en nog was daar geen hoop op uitkoms nie. Al wat hy in die toekoms kon sien, was gebrek en ellende. Geen wonder, dat hy moedeloos was nie.

En dit was tog nie sy skuld, dat hy geen werk kon kry nie. Vroeër was hy klerk in 'n winkel gewees, en het hy altyd eerlik en vlytig sy plig gedoen. Maar die tye was sleg en het altyd slegter geword, tot sy baas hom een Saterdagand in sy kantoor geroep het, en hom sy weekloon uitbetaal het met die woorde: „Dit spyt my, Verhagen, maar jy sal teen die end van die maand maar na 'n ander betrekking moet uitsien. Dit gaan hier in die laaste tyd maar swak, soos jy self weet; die winkel lewer skaars genoeg op om die huur te betaal. In vervolg sal ek maar self baas sowel as klerk moet wees. Ek sal jou darem 'n goeie getuigskrif gee, en as ek jou kan help deur my aanbeveling, dan kan jy op my reken.”

Verhagen het dit sien aankom, maar tog het die

tyding hom lam geslaan. — Wat moes van sy vrou en kinders word?

Hy het nie die moed gehad om haar die treurige tyding mee te deel nie, en so het hy maar sy bes gedoen om 'n opgeruimde gesig te toon, toe hy tuis kom. Maar dit het moeilik gegaan om vrolik te wees, en sy vrou het gou genoeg gemerk, dat daar iets verkeerd was.

„Waaroor sit jy dan so diep en dink, ou man?” het sy 'n paar keer gevra. „Is daar iets wat jou hinder?”

Maar hy het maar probeer om haar met 'n gedwonge laggie gerus te stel.

En toe het die gesoek na 'n ander betrekking begin. Elke môre soek hy die advertensies op in die koerante, en dan skryf hy die een brief na die ander. Vir alles, waarvoor hy ook maar in die minste geskik was, het hy applikasie gemaak, en afskrifte van sy getuigskrifte daarby ingesluit.

As daar in sy eie stad 'n plek oop was, het hy self daarheen gegaan. Die winkelier het hom met plesier verlof gegee; daar was so min in die winkel te doen, dat hy maklik nou en dan gemis kon word. Maar dit was alles vergeefse moeite. Die meeste van die briewe het onbeantwoord gebly, en waar hy hom self aanmeld, het hy ook geen sukses gehad nie.

So het die laaste van die maand eindelijk gekom. Toe dit tyd was om die winkel toe te maak, en hy sy baas groet, het dié hom buiten sy loon nog 'n tienpondnoot in die hand gestop. Verhagen het hom uit die grond van sy hart daarvoor bedank, want hy het goed genoeg geweet, dat die winkelier dit ook nie

alte volop had nie. Hy het die winkel nog 'n keer goed afgestof, en elke ding op sy plek gesit. Toe hy eindelijk die winkeldeur agter hom toetrek, het hy gevoel, dat hy daarmee 'n stuk van sy lewe afsluit.

Diep in gedagte stap hy stadig na sy huis toe. Na die ete, toe die kinders eindelijk almal na bed was, het hy sy vrou gevra om 'n entjie met hom saam te gaan loop. Dit kon toe nie meer hoër of laer nie; hy moes maar vir sy vrou vertel, dat hy nou sonder werk was. En nie alleen dit nie, maar ook sonder hoop om gou weer werk te kry! En hoe lank sou dit duur, of hulle sit sonder geld ook!

Sy het haar dapper gedra. „Hou maar moed, ou man,” troos sy, terwyl sy self verniet probeer om die trane uit haar oë te hou, „God sal vir ons sorg. Hy het ons nog nooit in die steek gelaat nie, en sal nou ook weer uitkomst gee.”

Maar dit is nou al meer as 'n maand dat hy op straat is. By elke winkel en kantoor en werkplek in die stad het hy al sy dienste aangebied. Kieskeurig was hy nie; solank as hy maar kon werk kry, sou hy selfs vir die geringste ou werkke dankbaar gewees het, — maar dit was alles verniet.

En vandag het dit weer net so gegaan. Orals waar hy kom, kry hy maar dieselfde antwoord: — „Geen werk nie!” Teen die middag het hy na 'n park gegaan om die stukkie brood te eet, wat sy vrou hom die môre saamgegee het. Dit was die oggend vroeg net koud gewees, maar nou begin dit lekker warm te word. In die park was alles lewendig en vrolik, die lieflike

blomme, die pragtige groen bome, waar die voëltjies in sing, en die kinders, wat so plesierig daar speel; — dit alles laat hom nog treuriger voel in sy hart.

Terwyl hy buk om 'n stukkie brood op te tel, wat uit sy hand geval het, sien hy iets op die grond lê agter die bank, en hy staan op om dit op te tel. Dit was 'n leer-sakboekie. Iemand het waarskynlik net 'n rukkie gelede op die bank gesit, en sy jas oor die leuning gehang, sodat die boekie uit die binnesak geval het.

Verhagen maak die boekie oop, om te sien of die eienaar se adres nie daarin is nie, maar tot sy verbasing vind hy, dat dit vol banknote is!

Hy prop die boekie dadelik in sy sak met 'n hand wat bewe van aandoening, en kyk angstig rond of niemand hom gesien het nie. Toe staan hy op. Voor hy dit verder deurkyk, moet hy eers 'n plekkie gaan opsoek, waar hy nie hoef bang te wees, dat iemand hom sal afloer nie.

In 'n eensame laning, agter 'n digte bos, haal hy eindelijk weer die sakboekie uit, om die inhoud na te gaan. Met bewende vingers tel hy die banknote, viere-twentig, elkeen van honderd pond. Wat 'n skat! O, as dit tog maar sy geld was! As hy dit maar kon behou, dan was hy meteens uit die nood. Dan kon hy vir sy huisgesin alles gee, wat hulle nodig had. Miskien kon hy nog self 'n winkel opsit. „Maar...,” dink hy, „as ek die geld hou, dan is ek 'n dief!... Ag wat, bog! 'n Dief! — Ek het mos nie die geld gesteel nie! Ek het dit opgetel. Hoe moet ek weet, wie die eienaar daarvan is?”

Hy kyk weer die boekie goed deur. Daar is niks in wat hom op die eienaar se spoor kan bring nie. Nêrens 'n naam of 'n adres nie, — niks anders as die banknote en 'n papiertjie volgekrap met syfers. „Dit moet natuurlik aan 'n ryk man behoort. Niemand anders sou so 'n groot som geld in sy sak rondra en so onversigtig daarmee wees nie. So 'n man sal maar net so lekker lewe, al sien hy die geld nooit weer nie.... En ek het die geld so bitterlik nodig! Ek sou regtig gek wees, as ek dit nie maar vir my hou nie. Ek sal dit tenminste maar in my sak steek, tot ek altemit uitvind aan wie dit behoort.”

18. Eerlikheid is beter as rykdom. II.

Met sy baadjie styf toegeknoop, en die kosbare skat in sy binnesak, verlaat hy die park om huis-toe te gaan. Dit was vir hom, of al die mense na hom kyk. Pure verbeelding natuurlik, — maar dit het hom darem onrustig laat voel.

Nou nog gaan werk soek? — Nee, dit sal nooit gaan nie. Hy sien nie kans om sy woord te doen, solank soos sy gedagte so vol is van die geld nie. .

Baie vroeër as gewoonlik kom hy by die huis. Sy vrou was net verwonderd om hom te sien. „Was jy dan vandag gelukkig?” vra sy. „Het jy miskien iets gekry?”

Hy kyk haar half onnosel aan. — „Iets gekry? Ja! Is dit nie 'n groot geluk nie?”

Maar toe was dit, of hy meteens wakker skrik. „O, jy meen, of ek werk gekry het? Nee wat! Natuurlik nie! Niemand het vir my werk nie. As ons daarvoor moet wag, dan sal ons almal van honger doodgaan! Sommige mense het glad te veel geld, en ons moet gebrek ly! Ek bedank daarvoor, om langer so aan te gaan. Ek het net soveel reg daarop soos iemand anders.”

Sy vrou kyk hom verskrik aan. Sy het Jan nog nooit so snaaks hoor praat nie. As hy tog maar nie siek is nie! Die bekommernis van die laaste tyd het miskien sy gesondheid aangetas.

Verhagen gaan sit in 'n stoel by die venster, en sy vrou begin maar weer met haar werk. Maar elke keer as sy na hom kyk, dan sien sy dat sy lippe roer, en dat hy kort-kort sy hand op sy bors vasdruk.

„Wat makeer, Jan?” vra sy vol medelye. „Voel jy siek? Het jy êrens pyn?”

„Nee wat, vrou,” is sy antwoord, terwyl hy probeer om haar met 'n glimlaggie aan te kyk, „ek makeer niks nie. Ek is so gesond soos 'n vis in die water!”

Maar hy kan sy vrou nie bedrieg nie. Sy probeer om dit weg te steek, maar in haar hart voel sy tog alte onrustig. Eindelik kom die kinders huis-toe. Gewoonlik het Verhagen al sy bekommernis en moeite vergeet, solank soos hy na hul vrolike stemmetjies luister. Dan kom ry die jongste een op sy knie, en die ander kom ook nader, om alles vir Pa te vertel, wat hulle die dag gedoen het, en dan lag hy saam met hulle. Maar vandag het hy nie vir hulle tyd nie; hy wil hulle liewers nie sien nie. En terwyl hulle aan tafel

sit, waar skaars genoeg op is om te eet, bly hy maar so afgetrokke, en wil sy mond aan niks sit nie. Dit voel vir hom, of die droë brood in sy keel sal vassit en of hy dit nie met die koue water sal kan wegsluk nie.

„Môre sal ek sorg, dat hier lekker kos op die tafel staan,” dink hy. „Ek sal een van die honderdpondnote gaan kleinmaak, — maar nie hier in die buurte nie, — die mense ken my almal hier te goed. Hulle sal wil weet, waar ek soveel geld vandaan kry. Miskien sê hulle dan nog, dat ek dit gesteel het. Maar dit kom my toe. Ek het die geld eerlik opgetel!”

Hy was maar bly, dat hy bed-toe kon gaan. Stilletjies, sonder dat sy vrou dit merk, het hy die sakboekie onder die matras ingestop, en gaan lê. Toe kry hy gedagte, dat hy nog nie die aand, soos sy gewoonte was, sy knieë gebuig het om te bid nie. „Sal ek nou weer opstaan? — Nee wat! Ek sal maar vanaand oorslaan. Ek kan tog nie my gedagtes bymekaar hou nie.”

Hy het so na rus verlang, maar tog kon hy nie slaap nie. Daar hoor hy elfuur slaan — twaalfuur — eenuur, en nog altyd lê hy rusteloos en vol allerhande gedagtes. Eindelik val hy in 'n onrustige slaap, om kort-kort weer wakker te skrik. Sy vrou het ook die grootste gedeelte van die nag slaaploos deurgebring. Sy kon maar nie die gedagte van haar afkry, dat hy 'n ernstige siekte onderlede het nie. Daar hoor sy hom yl in sy slaap. „Laat staan my geld,” mompel hy. „Dit is myne! — Ek het dit nie gesteel nie! — Wie het so gesê? — Laat los my! — Ek wil nie tronk-toe gaan nie! — Laat my geld staan! — Gee dit hier!”

en met 'n skreeu sit hy meteens reg-op in die bed.

Sy vrou het mooi met hom gepraat om maar weer te gaan lê, maar kort. daarna hoor sy hom weer deurmekaar praat, en so het die lang nag verbygegaan.

Toe Verhagen die volgende môre wakker word, staan sy vrou voor die bed, met trane in haar oë.

„Ag, ou man,” soebat sy, „vertel my tog wat jou makeer. Sal ek maar die dokter laat haal? Dit lyk vir my of jy koorssiekte het.”

Toe kon Verhagen dit nie langer inhou nie. Die nag met sy benoude drome was 'n pyniging vir hom gewees. Dan droom hy, dat die poliesie hom kom vang en as 'n dief uit sy huis uitsleep; dan weer dat 'n arme klerkie in 'n kantoor die geld verloor het, en van diefstal beskuldig word. Hy het toe maar vir sy vrou die geheim van die geld vertel, en alles wat in sy hart en gedagtes omgegaan het.

„Arme ou man,” sê sy, en sy lê haar hand vol liefde op sy vermoeide hoof, „die geld het jou al genoeg onrus besorg. Hoe eerder dit nou uit ons huis is hoe beter. Trek jou gou aan, dan gaan ons saam poliesiekantoor-toe, om dit daar af te gee.”

Verhagen het nie teëgepraat nie.

'n Uur latêr het hy die sakboekie met geld aan die sersjant van poliesie oorhandig, en hom vertel waar en wanneer hy dit gekry het. Hy was net bang, dat hulle hom sou vra, waarom hy dit dan nie al die vorige dag daar besorg het nie, maar gelukkig het die sersjant nie daaroor gepraat nie.

Die eienaar was toe al daar gewees om kennis te gee van sy verlies, en die sersjant het Verhagen aangeraai om self met een van die poliesie saam te gaan na die man se huis toe, om die geld te gaan terugbring. Dan sou hy seker goed beloon word daarvoor.

„Nee,” sê sy vrou dadelik, — „dit nie! — ons wil geen beloning hê nie.” Verhagen het dus net sy naam en adres opgegee.

„Dit is vir ons genoeg beloning, dat ons ander mense en mekaar weer in die oë kan kyk soos eerlike mense,” sê sy vrou vir hom saggies, toe hulle twee huis-toe stap.

Dié dag het Verhagen geen lus gehad om te gaan werk soek nie. Hy het die vorige nag so min rus gekry, dat hy moeg en afgemat was; dus wou hy dié keer maar tuis bly.

Omtrent elfuur dié môre, toe hy in die eetkamer sit en lees, word daar aan die voordeur geklop. Toe hy oopmaak, staan daar 'n deftiggeklede meneer op die stoep.

„Woon mnr. Jan Verhagen hier?” vra hy. — „Ja, dit is ek, Meneer,” antwoord Verhagen, terwyl hy die besoeker in die kamer nooi, waar sy vrou ook was.

„Ek kom net om jou hartlik te bedank,” sê die man. „Die poliesie het my vanmôre die sakboekie met geld gebring, wat ek verloor het. Soos ek verstaan, is jy die man wat dit opgetel het. Jy het my regtig 'n groot diens bewys. Die verlies van daardie geld sou my in groot ongeleentheid gebring het. Mag ek jou dit gee as 'n bewys van my dankbaarheid?” — en hy bied hom 'n toegeplakte konvert aan.

Verhagen voel, dat sy gesig rooi word. Hy kyk na sy vrou, maar sy skud haar kop. „Nee, dankie Meneer,” sê hy 'n bietjie kortaf. Hy voel regtig, dat hy die geld nie mag aanneem nie. Dit sou hom gedurig daaraan herinner, hoe hy amper 'n dief geword het.

Die man het nog 'n tydjie daar sit en praat, en onder andere vir Verhagen gevra, waar hy werk. Verhagen het hom toe vertel, dat hy nêrens werk kon kry nie.

„Dan kom die ding net mooi reg,” sê die man. „Een van my ou klerke is verlede week dood, en ek het nog nie iemand in sy plek gekry nie. Dit is ook die rede waarom ek self bank-toe moes gaan om die geld te haal, wat ek met die teruggaan verloor het. As jy wil, kan jy die plek kry. Ek het jou netnou vir die eerste keer ontmoet, maar ek is seker daarvan, dat jy 'n eerlike man is.”

Verhagen kon nie sy ore glo nie. Die aanbod het meteens 'n einde gemaak aan al sy moeilikhede. Nou lag die toekoms hom weer toe. Dankbaar het hy die aanbod aangeneem en net die volgende môre al begin werk in sy nuwe betrekking. Daar het hy in 'n kort tydjie heeltemal die vertroue van sy baas gewen, omdat hy so vlytig was by sy werk en sy plig so getrou betrag het.

Voorspoed en geluk het weer teruggekeer in sy huis, en Verhagen het uitgevind, dat koning Salomo tog maar reg was, toe hy geskrywe het: „Beter is 'n weinig met die vrees van die Here, as 'n groot skat met onrus daarby.”

19. Oktobermaand.

Viooltjies in die voorhuis —
 Viooltjies blou en rooi!
 Viooltjies orals op die veld,
 En orals, ai, so mooi!

Dit is die maand Oktober,
 die mooiste, mooiste maand!
 Dan is die dag so helder,
 so groen is elke aand;
 So blou en sonder wolke
 die hemel heerlik bo,
 So blomtuin-vol van kleure
 die asvaal ou Karo.

Dit is die maand Oktober!
 Die varkblom is in bloei;
 Oor al die seekoegate
 is kafferskuil gegroei;
 Die koppies, kort gelede
 nog as 'n klip so kaal,
 Het nou vir welkoms-groetnis
 hul mooiste voorgehaal.

Dit is die maand Oktober!
 Die akkerboom is groen;
 Die bloekoms langs die paaie
 is almal nuutgeboen;

En orals in die tuin rond
 ruik jy sering en roos,
 Jasmyn en katjiepiering,
 lemoen en appelkoos.

Al was die dag soos yster,
 lank in die vuur gesteeek,
 Die varings in die klofies
 deur hitte geel verbleek,
 Tog as die son daaronder
 agter die berge gaan,
 Dan word oor heel die wêreld
 die mooiste geur geslaan.

Dit is die maand Oktober!
 Die kokkewiet is uit;
 Boomsingertjies en krikies
 die hoor jy orals fluit;
 Fiskaal is op die oorlog —
 daaronder by die sluis,
 Daar is 'n dor ou doringboom
 sy spens en sy kombuis.

Dit is die maand Oktober!
 Ek dink die mense vier
 Vir ewig in die hemel
 Oktobermaand soos hier!
 Wat wens jy meer as blomme,
 as helder dag en nag?
 Wat kan jy beter, mooier,
 of heerliker verwag?

Ek is nog in Oktober!
 My tuin is nog so groen,
 So wit met al wat mooi is,
 met bloeisels van lemoen,
 So pragtig in die môre,
 so heerlik in die aand!
 Ek is nog in Oktober,
 die mooiste, mooiste maand!

Wat gee ek om die winter?
 Wat praat jy nou van Mei?
 Wat skeel dit as ons later
 weer donker dae kry?
 Ek is nou in Oktober,
 die mooiste, mooiste maand,
 Met elke dag so helder,
 so pragtig elke aand!

Viooltjies in die voorhuis —
 Viooltjies blou en rooi!
 Viooltjies orals op die veld,
 En orals, ai, so mooi!

Dr. C. L. LEIPOLDT. — *Oom Gert vertel.*
 J. H. DE BUSSY, Pretoria.

20. Die lastige Hanslam.

Die vierde oggend staan hy op, net so vol streke en nukke as ooit tevore. Vroeg vanoggend wys hy al van watter kant die wind waai, — om die waarheid te sê, dit lyk of hy vandag daarop uit is om die skade van die laaste paar dae in te haal. As hy maar wis watter gevaar hy hierdeur op sy eie hals bring!

Die flukse ou wasmeid was vroeg-vroeg al besig gewees, en toe die eerste strale van die môreson die grasplekkie langs die dam in die tuin bereik, val hulle op die wit lakens en dekens, daar uitgesprei om deur die son gebleik te word.

Hansie nader so ongemerk die plekkie. Hier vind hy altyd lekker soet grassies — maar wat sien hy nou hier, — wit, aantreklike plekke orals! Hy kyk so'n rukkie daarna, en toe — gee hy 'n spring en kom bo-op 'n nuwe deken te lande met sy vier modderige pootjies, om daar heen en weer oor die wasgoed te spring en te hardloop, totdat sy spoortjies daar sit soos kolle op 'n luiperd se vel. Moeg is hy eindelijk van sy pret, maar nou neem die nuuskierigheid hom beet. Wat is dit dan tog? Hy staan op 'n stuk goed, — hy laat die kop sak, ruik en snuffel, byt so effentjies, en eindelijk kou hy daaraan.

Toe verskillende stukke op verskeie plekke vol fyn, groenagtige gaatjies was, stap meneer ewe onverskillig huis-toe.

Daar voor die waenhuis staan die kar ingespan, want sy baas hou daarvan om vroeg na die dorp te gaan. Hansie staan so 'n entjie daarvandaan alles ewe

serieus en aanskou, toe sy baas uitkom, (beste pak aan en sweep in die hand), en op die kar klim. Hy staan en kyk die kar agterna, totdat dit om die hoek van die tuinmuur verdwyn, en toe — gee hy net één spring in die lug, asof hy wil sê: „Dankie tog, die oubaas is weg,” — en bestorm die ou kalkoen-mannetjie, wat daar so langs hom staan en raas, en met sy vlerke teen die grond skraap. En met één pomp lê die ou kalkoen onderstebo — ’n belediging, wat die deftige ou mannetjie, wat so lank al regeer as koning van die werf, nie maklik sal oorsien nie! Een, twee, drie is die ou op, sy vere penregop en klaar om ’n hewige aanval op die vyand te maak. Maar toe hy sien, hoe dat Hansie kopspelend klaar staan om hom weer by te loop, bedink hy homself — ’n tydige terugtog is soms meer eervol as ’n glorieryke oorwinning, sê die groot generaals — en onder luide proteste, skeldwoorde en vere-geskraap retireer die ou.

Gelukkig vir hom trek iets anders nou Hansie se aandag. ’n Ou gans kom nou daar hoogmoedig aangestap met ’n splinternuwe famielie, wat sy daar skelmpies tussen die biesies langs die watervoor uitgebroei het. Angstig is sy nou om haar miesies te verras, en ook om die hartlike welkom te ontvang, wat sy weet, dat sy sal kry, — ’n lekker bord kos.

Hansie verkyk hom aan die goedjies — „Wat die ongeluk is dit?” Kuikentjies ken hy goed, maar hierdie klein, geel, langwerpige bondeltjies, wat so piep, piep, het hy nog nooit mee kennis gemaak nie. Hy stap nader en begin te ruik. Hulle gee natuurlik pad. Hansie het maar net één manier om sulke goedjies

te behandel. Hy bestorm hulle, en as hulle dan so na alkante toe spat, is dit vir hom alte mooi. Hy maak hom klaar, — maar hy het sonder die moeder gereken.

Sy klap haar vlerke en, tot sy verbasing, bevlie sy hom. Hansie stamp en pomp, — maar dis verniet. Sy is te gou vir hom. Sy slaan hom met die vlerke al voor die oë, totdat hy byna blind is; en as hy haar byloop, spring sy in die lug, en vlie teen sy kop vas, waar sy weer haar hewige aanval voortsit. Vir die eerste maal in sy lewe het hy sy moes ontmoet, en hy het net begin wonder, hoe hy 'n eervolle terugtog kon bewerk, toe sy miesies op die stoep verskyn. „My liewe tyd!” roep sy uit in blye verrassing oor die gansies, en uit verwondering oor die spektakel, — „Hansie — Hansie!” roep sy, en so het hy uit die nood gekom.

Die jongetjies het vandag niks te doen nie, en daar die honde ontbreek, en hulle niks het om mee te speel nie, moet Hansie vandag vir hulle pret verskaf.

Na brekfis gaan haal hulle 'n half-verdroogde wilgêrtak, wat daar onder in die tuin lê. Met hul pa se osrieme prakseer hulle 'n soort tuig vir Hansie, want hy moet vandag ingespan word. Meneer Hansie is darem nie vandag in 'n humeur om sulke spulletjies te verdra nie, en buitendien het hy nou ook net sy melk in, en dan is hy ook gewoonlik tweemaal so vol dinge as anders. Van hul geroep neem hy geen verder notiesie nie — daar waar hy in die waenhuis-deur staan — as om hulle parmantig aan te kyk; instinkmatig het hy 'n suspiesie, dat agter die mooi geroep en gepaai 'n stout plan steek. Boetie kom na hom toe,

en probeer om hom vorentoe te trek, maar hy hou sy lyf styf en trap vas. Jannie weer, het 'n latjie in die hand, en hiermee gee hy hom 'n harde streep. Hansie is nie een om sulke behandeling te verdra nie, en hy spring vorentoe, met die kop klaar om te stamp. Jannie gee vinnig pad, en Boetie, wat omgekyk het om op 'n vraag van die naderende Bettie te antwoord, kry die slag van agter, dat hy onderstebo lê, waarby Bettie skree en Jannie lag.

Hansie is nou regtig woedend, en met die één oorwinning is hy glad nie tevrede nie. Hy wil Jannie en Bettie ook byloop, maar hulle besef nou, dat hy gevaarlik is, en hulle neem die loop huis-toe. Boetie staan net in tyd op om 'n tweede slag te ontwyk — en daar trek hulle met die lam agteraan!

Soos 'n warrelwind storm hulle die kombuisdeur in, die gang deur, en die eetkamer in. Daar was nie eers 'n kans om 'n deur toe te slaan nie, want Hansie is kort agter. Die binnekantse deur is toe, en daar is geen ander uitweg as op die tafel nie — met die mooi kleedjie en blompotjies daarop! Bettie was eerste bo, maar Jannie, wat die kleinste en die stadigste was, kry 'n vreeslike stamp op die been. Bettie en Boetie skree nou om hulp, terwyl Jannie sy beentjies vryf en huil. Ou Griet loer by die binnede deur in, maar toe sy die lam so woedend om die tafel sien spring, gee sy net één skreeu, en slaan die deur weer toe. Daar staan die drietjies in die middel van die tafel, terwyl hy spook om hulle by te kom. Eenkeer loop hy die tafel by met 'n vaart, wat dit gevaarlik laat skud, en Bettie 'n nog groter keel as ooit tevore laat opsit. Hul ge-

skreeu begin die mense aan te trek. Haar ma hol by die voordeur uit om vir Kiewiet te roep. Deur al die oproer is netnou die hele werf se volk by die venster om hul neuse byna plat teen die ruite te druk uit nuuskierigheid om te sien, wat binnekant gebeur; maar niemand het die moed om hom daarin te waag nie.

Eindelik kom Kiewiet: „My mastag, julle bangbroeke!” roep hy vir die ander uit, terwyl hy die sambok in die waenhuis gaan haal. Hiermee gewapend tree hy die kamer in. Ongelukkig vir Hansie het hy nou net sy rug na die deur, en hy kom eers sy gevaar agter, toe iets hom soos vuur om die bene brand. Hy ken daardie ding — dis die enigste ding, wat hy vrees, — die oubaas se sambok. Dit jaag hom dadelik op loop, en hy vlug vir al wat hy werd is, want die houe val vinnig en hard oor sy rug, oor sy kop, oor sy bene. Die swartgoed spat daarbuite, toe hy die deur in volle vaart uitkom, maar hy het nou net één doel, — om die vreeslike, bytende hale wat hom so meedoënloos vervolg, te ontvlug.

Die hoek om hol hy, waar die klein brakkie uitvlie, en hom blaffende op die hiele najaag, die tuinhek in — waar die lewe van kuikentjies daarmee heengaan, terwyl die ou hen by ’n duimsbreedte ontsnap — en tussen die bome af. Onder in die tuin staan ’n hekkie, wat altyd toe was, maar wat nou deur die haastige Kiewiet op ’n kier gelaat was. Hansie storm die verbode grond in, en eers hier kom hy tot stilstand, hoewel Kiewiet al lankal omgedraai het om die hele storie te gaan verneem, en met die ander volk te spot en te lag.

Nuuskierig dwaal Hansie al verder af. Dis die groentetuin, waar hy in is! Na die lang droë maande sien almal met groot verlange uit na die tyd, wanneer die groente, wat nou daar so mooi spruit en groei — al bekwaam sal wees. Die boontjies en ertappels staan al in die blom, die wortels kom op soos hare op 'n hond, en die slaai-stoeltjies is byna bekwaam. Die mooi, netjiese bruin beddings met die groen rye daarop trek dadelik sy aandag, — hy neem 'n hap, twee happe, en —

Om twaalfuur kom die baas terug. Komkommersaad, kool en uieplantjies het hy saamgebring, en hy wil hulle dadelik in die grond gaan steek.

Hy loop in gedagte, en merk nie eers die oop hekkie op nie. Dit was eers toe die vet, vol kwaaddoener vlak voor sy voete opspring, dat hy opkyk. Die kaal stoppels en stingels van ertappels en boontjies ontmoet sy blik, en die mielies, slaai en wortels het soos 'n speld verdwyn. Doodstil staan hy, — die teleurstelling is te groot; toe smyt hy die pakkie plantjies hard op die grond neer, en stap huis-toe met die hoed oor die oë.

Dié aand het Bettie haar aan slaap gesnik. Die anderdagmôre, toe sy met rooi, dik ôgies opstaan, hang daar in die rondawel 'n vars-geslagte lam. %

M. JANSEN. — *Die Veldblommetjie.* '
Die Nasionale Pers, Bep., Bloemfontein.

21. Die Kasteel.

„Is julle al moeg?” vra Fanie, toe hulle uit die trem klim.

„Nee, glad nie!” roep hulle almal gelyk, en selfs mevrou Potgieter, wat anders nie van die sterkste was nie, verklaar dat sy nog nie die minste behoefte voel om te gaan rus nie.

„Dan sal ons maar eers na die Stadshuis toe gaan, en dan na die Kasteel toe.”

Hulle het nie nodig gehad om ver te gaan nie; net deur Darlingstraat, wat vroeër „Keizersgracht” genoem was, en daar staan hulle voor die pragtige stadshuis, waar elke opregte Kapenaar trots op is. Die klok daar bo in die toring, 200 voet hoog, het net vieruur geslaan; daar was dus nie veel tyd om hier deur te bring nie. Fanie het by die deurwagter verlof gevra, en hulle toe na die stadsaal toe gebring.


„Dit is ’n lekker groot plek om wegkruipertjie in te speel,” was al wat Lettie daarvan gesê het.

„Hier word al die publieke vergaderings en konserte in gehou,” vertel Fanie. „Hier is sitplekke vir omtrent 2000 mense. Laaste Julie het ek hier die jaarlikse sangersfees bygewoon; toe was hier ruim vierhonderd mense, wat gesing het, en ’n orkes van honderd spelers.”

„Jammer dat hier nou nie so iets aan die gang is nie,” sê mevrou Potgieter. „Ek vind die saal pragtig mooi, maar as so’n groot saal leeg is, dan maak dit tog maar ’n doodse indruk. As al die sierlike ligkrone hul lig laat val op ’n klomp mooi-aangetrekte mense, dan moet dit fraai wees om te sien.”

„Wat 'n pragtige orrel, met die groot pype!” sê Lettie.
„Sal Pa nie vir ons 'n bietjie daarop kan speel nie?”

„Moenie glo nie,” sê haar vader, „dit mag natuurlik nie. Ek sou dit ook liewer nie wil probeer nie. Om op so'n instrument te speel, moet 'n mens 'n bietjie meer musiek ken as ek.”



Stadshuis in Kaapstad.

„Ek het daar geen verstand van nie,” sê Fanie,
„maar hulle het my verseker, dat daar in die hele
Suid-Afrika nie 'n beter orrel bestaan nie. — Kom, laat
ons nou maar weer verder gaan. Daar is nog meer
sale, maar ek wil julle net die raadsaal gaan wys,
waar die stadsraad elke veertien dae bymekaar kom.”

'n Breë marmertap voer na die tweede verdieping,

waar die raadsaal is. Dit is kleiner as die stadsaal, maar dit is ook nie nodig, dat dit so groot moet wees nie, want op die galery is plek genoeg vir die publiek, as hulle die vergaderings wil bywoon. Daarvandaan kan 'n mens alles hoor en sien wat aangaan.

Al die meubels in hierdie saal is gemaak van Afrikaanse stinkhout.

„Hier is 'n besondere stoel,” sê Fanie, terwyl hy sy gaste na die verhoog neem, waar die burgemeester se lessenaar staan, „dié stoel moet julle goed beskou.”

„Ek sien niks besonder aan die stoel nie,” sê Willem, „of meen jy daardie houtanker daar bo-op die leuning?”

„Jy praat weer voor jou beurt,” sê Fanie met 'n glimlag, en hy knik vir die ander. „Dit kan ek julle sê, dit is 'n stoel, wat Jan van Riebeek nog vanmelewe gebruik het.”

„Ag nee! Is dit waar? Dan wil ek ook graag daarop gaan sit! Kan ek dit maar doen, Pa?”

„Ja, toe maar!” sê Pa. „Die stoel het al so baie gewichtige mense gedra, dat hy seker nie onder jou gewig inmekaar sal sak nie!”

En toe Willem opstaan, wou al die kinders, tot klein Japie toe, ook die eer hê, om vir 'n oomblikkie die groot Kommandeur se plek in te neem.

„Julle moet oppas,” pla Fanie, „Jan van Riebeek kyk vir julle! Kyk, daar hang sy portret bokant die skoorsteen. Dit is nog dieselfde portret, sover ons weet, wat in die Kompanjie se dae in die raadsaal van die burgersenaat gehang het.”

Hulle het nou die vernaamste dinge in die gebou gesien, en moet dus verder gaan.

By die ingang het hulle 'n oomblik bly staan om die marmerstandbeeld van koning Eduard VII te bekyk. Daarvandaan was dit nog maar net 'n paar tree na die Kasteel toe.

Die grag, wat dit vroeër omring het, is nou opgevol.

Die brug het ook verdwyn, maar voor die ingang staan nog 'n paar kanonne.

„Hulle lyk heeltemal anders as die kanonne, wat ek voor die Uniegebou in Pretoria gesien het,” sê Jan.


„Dis nie 'n wonder nie,” antwoord sy oom, „hierdie kanonne is al 'n paar honderd jaar oud. Hulle sal nou nie meer veel teen die nuwerwetse kanonne kan uitrig nie. Kyk, hier agter kan 'n mens nog die sundgat sien, waar hulle die lont deurgesteek het, wat die kruit aan die brand moes steek. Kyk, daar is nog meer kanonne; hulle is halfpad in die grond begrawe, en word nou nog net as pale gebruik om die afsluitkettings op te hou.”

Weerskante van die ingang staan nog die dik syposte van die voorpoort, wat vroeër die toegang tot die Kasteel gevorm het, en waarop twee uitgebeitelde leeus lê, met hul bekke wyd oop.

„Watter snaakse klein huisies!” roep Japie uit, en wys na twee geboutjies, weerskante van die ingang. „Daar kan net één man inkom, en dan moet hy nog regop staan.”

„Ja,” lê sy pa uit, „hulle is ook maar net vir één man bedoel. Dit is skildwaghuisies. As ons in die ou tyd hier wou inkom, dan sou die skildwagte vir ons

geroep het: „Halt! Werda?’ In die huisies kon hulle teen wind en reën skuil.”



Die Van der Stel-Poort.

Nou staan die besoekers voor die Van der Stel-Poort. „Julle moet die poort goed bekyk,” sê meneer Potgieter. „Sien julle die ses wapens daar bokant? Dit is die wapens van Amsterdam, Rotterdam, Haarlem, Hoorn, Enkhuizen en Medemblik, die ses stede, wat die meeste in die Kompanjie te sê gehad het. Daarbo sien julle die Hollandse leeu met die kroon op sy kop.”

„Ek het dan gehoor, dat daar nie leeus in Holland is nie!” sê Annie, ewe verwonderd.

„Dan het jy reg gehoor, my kind. Daar is nie wilde leeus soos hier nie, maar die mense het ’n leeu op hul wapen laat skilder, om hul vyande te laat verstaan, dat hulle van plan was om net so dapper soos

'n leeu te veg, as dit nodig was om hul regte te verdedig."

„En wat beteken die deurmekaargevlegte letters, daar langs die wapens?" vra Annie weer.

„O, ek weet!" roep Lettie haastig uit. „Dit is die Kompanjie se monogram. Die V.O.C. staan vir Verenigde Oostindiese Kompanjie."

„Juis, en as julle goed oplet, dan sal julle nog hier orals dieselfde monogram sien. — Kan julle die groot klok sien, wat in die toring daar bokant die poort hang? Elke aand as die poort gesluit word, het hulle die klok gelui, en ook om die burgers bymekaar te roep, as die Goewerneur hulle iets besonders wou vertel. Kom, laat ons nou maar ingaan."

„Watter dik mure!" roep Willem ewe verwonderd uit, toe hulle onder die sware gewelf staan. „Van Riebeek het nie nodig gehad om bang te wees, dat die Kaffers hierdeur kon kom nie."

„Ai, mannetjie," sê sy pa, „jy ken jou geskiedenis darem maar swak. As jy beter in die skool geluister het, dan sou jy weet, dat dit nie Van Riebeek is, wat die Kasteel gebou het nie, maar Isbrand Goske en sy opvolgers, en dat hier toe ook nie Kaffers was nie, maar net Boesmans en Hottentotte."

„Van Riebeek se kasteel het daar heeltemal anders uitgesien as hierdie een," voeg Fanie daarby. „Die ou fort ‚Goede Hoop' het omtrent daar gestaan, waar koning Eduard se standbeeld nou staan. Dit was nie veel meer as 'n vierkantige ruimte met hoë grondwalle en 'n taamlike diep sloot buite om nie. Binnekant het ruwe houthuisies gestaan en 'n uitkyktoring,

opgetrek van klip. Dit was vereers genoeg om hulle teen die inboorlinge en wilde diere te beskerm. Maar toe Holland oorlog kry met Engeland, het die Kamer van Sewentien goed verstaan, dat 'n sterker kasteel nodig was om die jong kolonie te beskerm. Goewerneur Wagenaar het bevel gekry om driehonderd soldate van die skepe, wat hier verbygaan, agter te hou. Hulle moes bakstene maak, hout kap en skulpe gaan haal op Robbeneiland, om kalk van te brand. Op die tweede Januarie 1666 het hulle die eerste stene van die nuwe kasteel met groot plegtigheid gelê. Dié dag was daar 'n groot fees. Een van die koloniste het 'n gedig geresiteer, wat hy self vir die geleentheid gemaak het, en hulle het hom luid toegejuig. Ek wonder of julle dit ook mooi sal vind. Ek het dit in my sakboekie afgeskrywe en sal julle 'n paar reëls daarvan voorlees. Dit gaan so:

Voor Hottentosen warent altyts eerde wallen,
Nu komt men hier met steen voor anderen oock
brallen. *)

Dus maeckt men dan een schrick soowel d'Europaen,
Als voor den Aes-, Ameer- en wilden Africaen.
Dus wort beroemt gemaect 't geheyligst Christendom,
Die zetels stellen in het woeste heydendom."

„Ek het darem al mooier gedigte gehoor,” sê mevrou Potgieter, met 'n lag. „Die Aes-, Ameer- en wilden Africaen sit maar taamlik opmekaar gedruk in die

*) brallen = spog.

een reëltjie. Dit lyk vir my, of daardie ou vrinde beter kon werk en veg, as versies maak.”

„En hoe lank het hulle nodig gehad om die Kasteel te bou?” vra Jan.

„Toe hulle tyding kry, dat daar weer vrede was met Engeland, het die meeste van die soldate na Indië gegaan en die bouery het sinds die tyd maar stadig gevorder. In 1674 was die Kasteel eers sover, dat hulle daar kon intrek en Fort Goede Hoop kon afbreek. Sien julle die onreëlmatige gryns streep op die mure daar, omtrent twee-derde van hul hoogte? Die mure was toe maar net tot so hoog. Simon van der Stel het hulle later verder klaargemaak.”

„Maar hoekom word die poort, waar ons deurgekom het, dan na Van der Stel genoem, as Isbrand Goske die mure gebou het?” vra Jan.

„Die oorspronklike poort was aan die seekant,” antwoord Fanie. „Later het Van der Stel dit laat toemessel, en hierdie poort laat insit.

Nou moet ek julle darem nog ’n aardigheid vertel. In 1677 was goewerneur Bax ontevrede, omdat hulle so stadig vorder met die uitgraaf van die grag hier rondom



Die grag word gegrawe.

die kasteel. Die meeste van die soldate was weg en die burgers het maar min van graafwerk gehou. Toe het Johan Bax bevel gegee, dat elkeen wat daar verby kom, man of vrou, ryk of arm, oud of jonk, 'n sekere hoeveelheid grond en klippe moet uitdra. En hy het hulle self die voorbeeld gegee! Op 'n goeie dag het die burgers die goewerneur met sy vrou en sy seuntjie, die raadshere en al die amptenare van die Kompanjie fluks daar aan die werk gesien. Hulle het die grond losgepik, dit in mandjies gegooi en uitgedra. Die goewerneur het self twaalf mandjiesvol weggedra, en sy vrou ses."

„Ek sou dit graag wou gesien het!" en Lettie bars uit van die lag. „Dit moet vir die burgers regtig snaaks gelyk het om die groot menere so fluks te sien werk."

„Dit kan jy begryp!" en haar ma lag ook saam. „As ons goewerneur en sy ministers ooit so iets doen, dan sal ek net so seker ook gaan kyk."

Toe het Fanie die besoekers na die huis geneem, waar die goewerneur vroeër in gewoon het. Eers het hulle die pragtige stoep bewonder met sy hoë dak, wat op pilare rus, met 'n kunstige hek van ystertralies daarvoor. Die stoep se naam is die „Kat". Die goewerneurs het altyd daarop gestaan, as hulle vir die burgers moes toespreek.

Hulle was teleurgesteld met die huis van binne. Die kamers wat eers groot en ruim was, is nou verdeel deur afskortings, en daar is nie meer veel moois te sien nie.

Fanie, wat net 'n uitstekende gids uitgemaak het, neem hulle nou na die ontvangkamer en die raadsaal



Die „Kat”.

en gaan staan voor 'n skildery, wat in die groot eetkamer bokant die skoorsteen hang.

„Hier is iets geheimsinnigs,” sê hy. „Is julle altemit bygelowig? Daar is 'n ou geloof, dat as iemand dit ooit waag om dié skildery hier weg te neem, hy dan 'n vreeslike ongeluk sal kry.”

„En wat sal nogal met hom gebeur?” vra Annie, en sy lyk net angstig.

„Nee, Annie, dit weet niemand nie, maar dit sal seker iets verskrikliks wees. Hulle vertel daar is 'n geheime gang agter die skildery, en 'n spook dwaal daarin rond.”

„Soe, dis naarl!” gril Annie, „laat ons tog maar loop, anders kom die spook netnou nog hier uit.”

„Daar aan die linkerhand,” wys Fanie vir hulle, „het die sekunde of opperkoopman gewoon. Daar is niks besonders te sien nie, en dus gaan ons maar verder.”

Nou neem hy sy gaste deur 'n diep poort, met 'n sonnewyser bo-op, na die tweede binneplein, wat aan alkante ingesluit is deur lae geboue. „Vroeër was dit die plek, waar hulle graan en ammunisie gebêre het. Kyk, hier is 'n waterput in 'n nis van die poort se muur. Hier bokant is nog die katrol te sien, waar hulle die emmers water mee opgetrek het.”

Die „Goede Hoop Steen” het hulle ook gaan bekýk. Daarop is 'n skip met drie maste, uit die tyd van die Kompanjie, uitgebeitel.

„Watter bouvallige geboutjie is dit daardie, met die dik ystertralie voor die venster?” vra die nuuskierige Lettie.

„Dit is die tronk, waar hulle al die stout kinders en slegte mense in opgesluit het. Sal ons jou daarin gaan sit, Japie?”

„Nee dankie,” antwoord Moeder vir sy part. „Hulle sal vergeet om jou weer daar te gaan uithaal, nè Japie?”

Eindelik het Fanie hulle met 'n smal trappie opgeneem na 'n hoek van die muur, waar die Kompanjie se vlag vroeër gewapper het. Daarvandaan het 'n mens 'n pragtige uitsig oor die see, en daar het die kasteelbewoners altyd gaan staan om uit te kyk na die koopvaarders, wat na Holland seil of daarvandaan terugkom.

Nou moes die besoekers huis-toe! Hulle het al heeltemal genoeg gesien en rondgeloop vir één dag. Klein Japie trek elke maal aan Ma se hand om haar te vertel, dat hy so honger het. Hy het nie soveel belang in al die dinge gestel nie, want hy kon nie veel daarvan verstaan nie.

Hulle het almal vir Fanie hartlik bedank, dat hy hulle so mooi rondgeneem en alles gewys en vertel het.

„Ek is net bly, dat ons jou ontmoet het,” sê mevrou Potgieter. „Sonder jou sou ons seker nie half soveel gesien het nie.”

„Maar waar kom jy aan al die besonderhede?” vra meester.

„Ek het maar van altyd af baie belang gestel in die ou dinge,” sê Fanie, „en gisteraand het ek spesiaal een en ander gaan nalees. As ’n mens saam met jou meester wil uitgaan, dan kan jy tog nie met jou mond vol tande gaan staan nie.”


22. 'n Motortog.

Toe die kleintjies eindelik in die bed was, het Fanie weer teruggekom om meneer en mevrou Potgieter, met die drie groter kinders, te vra om saam met hom na die pier te gaan.

Mevrou het eers gesê, sy voel te moeg, maar toe sy hoor, dat daar musiek sou wees, en dit nie so ver was om te loop nie, het sy maar ingestem.

Die pier was pragtig verlig, en ’n menigte mense

het daar heen en weer gewandel, of in die teekamer gesit. Die uitsig van die pier af op die stad was wonderlik mooi. Soos 'n groot donker reus het Tafelberg hom in die sagte maanlig verhef, terwyl duisende liggies aan sy voet flikker.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Die Pier.

Op die breë silwer streep, wat die maanlig se glans op die see tower, dans skuitjies vinnig heen en weer, met 'n lantern bo in hul maste of met helder verligte dek. 'n Fris seewindjie bring 'n welkom verkoeling.

Ons besoekers het 'n plekkie opgesoek, waar hulle lekker op hul gemak kon sit om die gewoel gade te slaan, en 'n glas limonade te geniet, terwyl hulle na

die vrolike musiek luister, en lekker gesels oor alles wat hulle gesien het, of nog wou gaan sien.

Fanie het dadelik weer begin planne maak vir die volgende dag. „Op ons program vir môre staan 'n uitstappie na Groot Skuur,” sê hy. „'n Mens kan met die trem of die trein daarheen gaan, maar as jul dit regtig wil geniet, dan moet ons met die motorbus gaan. Dit is natuurlik duurder, maar 'n mens moet nou maar eenmaal betaal vir alle goeie dinge. Dit sal ons ses sielings vir elke persoon kos, maar dan neem die bus ons al langs die see en die Twaalf Apostels na Houtbaai. Daar hou hy 'n tydjie stil, en kom dan terug oor Constantia en Wynberg. Ons kan dan by Groot Skuur afklim. Op die toggie van omtrent 35 myl sien 'n mens dan die mooiste gedeelte van ons skiereiland.”

„Terwyl ons nou eenmaal hier is vir ons plesier,” sê meneer Potgieter, „en dit waarskynlik lank sal duur voor ons weer in Kaapstad kom, sou ek reken, dat ons nou nie die geld moet ontsien nie.”

En so het hulle toe afgespreek.

„En nou nog iets,” sê Fanie. „Soos u reeds weet, gaan ek per boot langs die kus na Transvaal terug. Willem en Jan het nou al verlof gekry om nog 'n paar dae by my te bly. Sal Meester dan nie maar toelaat, dat hulle saam met my oor see teruggaan nie? Dan sien die twee seuns tog ook iets van die wêreld!”

„O, dit sal heerlik wees!” roep Willem en Jan gelyk. „Ag, toe tog, Pa! Sê tog maar ja!” Maar meneer Potgieter skud sy kop.

„Dit sou regtig goed wees,” sê hy, „en ek gun julle dit van harte, maar, soos julle weet, het ons

retoerkaartjies uitgeneem vir die trein. Daar is nou eenmaal voor betaal, en so 'n klomp geld kan 'n mens mos nie maar somar in die water gooi nie. Buitendien sal so 'n seereis 'n hele boel kos, en daarvoor sal ek moet opdok!"

„Meester moenie dink, dat ek nie al alles uitgerek en het nie,” begin Fanie weer. „Ek het my planne nou mooi agtermekaar. As ons na die kantoor van die mailbote toe gaan, en vir hulle die hele saak uitlê, dan sal dit my niks verwonder, as hulle gaan probeer om vir ons die verskil tussen enkele en retoerkaartjies van die spoorweg terug te kry nie. Dié geld sou al 'n hele ent van die seereis betaal. Buitendien neem ek Jan se reiskoste vir my rekening. Hy het my so mooi opgepas, toe ek daar siek was, dat ek graag nou weer iets vir hom wil doen. Meester kan nou maar gerus ja sê.”

„Nou ja, Moeder, wat dink jy daarvan?” vra meester.

„As dit nie vir die geld was nie,” antwoord sy, „dan sou ek daar niks op teë hê nie. Maar miskien sal Willem nie eers graag wil gaan nie. Is jy nie bang om seesiek te word nie?”

„Nee, Ma, glad nie! Ek wil baie graag gaan.”

„Nou ja,” sê Pa, „as jy soveel lus het vir die seereis; dan moet jy darem ook iets daarvoor oor hê. Jou spaarpotjie is mos al taamlik swaar. As jy die helfte betaal, dan gee ek die res van die geld. Is dit goed?”

„Hoerê!” skree Willem meteens, en so hard dat die mense op die pier ewe verwonderd na hulle kyk.

„Suutjies, Willem!” waarsku sy ma. „Wat sal die mense van jou dink?”

„Ek kan dit nie help nie,” sê Willem. „Hoerê! Ek gaan saam! Hoerê!”

„Môre sal ons nie tyd daarvoor hê nie,” sê Fanie. „As ons van Groot Skuur af terugkom, sal die kantore al toe wees. Ons sal maar Saterdagmôre moet gaan. Solank soos Meester met die ander die museum gaan besoek, sal ons die sakies probeer reël.”

So onder die praat het dit tyd geword om huis-toe te gaan. Dit spreek vanself, dat die seuns oor niks anders kon praat, as oor die groot reis nie. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Almal was al in die bed en meneer en mevrou Potgieter het al rustig geslaap, toe gesels die seuns nog altyd oor hul planne vir die toekoms.

* * *

„So 'n gid's is darem onbetaalbaar,” sê Ma, toe Fanie hulle die anderdagmôre om tienuur kom haal, en hulle vertel, dat hy sitplekke bespreek het op die motorbus.

„Ja,” probeer Lettie om 'n grappie te maak, „as ons hom nie gehad het nie, en ons oë ook nie, dan was ons almal so blind soos molle!”


„Nou ja, maak dan maar vandag jou oë goed oop,” pla Fanie.

Hulle het Moeder se mandjie eers volgemaak met eetgoed, net soos die vorige dag, en toe na die motorbus gegaan. Die hele famielie het dadelik ingeklim.

Dit was hul geluk, dat Fanie plekke bespreek het, want die bus was naderhand so vol, dat 'n hele geselskap, wat 'n bietjie laat gekom het, met teleurgestelde gesigte moes omdraai, omdat daar nie meer plek was nie.

Die motorbus het geloop dat dit gons oor die pad. Dit het amper net so vinnig gegaan soos die trein, maar dit was baie lekkerder!

Die eerste gedeelte van die pad het dieselfde koers uitgegaan as die vorige dag, en net gou was hulle weer by Kampsbaai. Toe gaan hulle verder met die pragtige Viktoriaweg, al langs die seekus, wat vir



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.

Die Viktoria-weg.

die grootste gedeelte rotsagtig en steil is, en waarteen die branders met 'n gedruis opslaan, maar hier en daar kry jy ook lae, sanderige plekke. Links van die pad verhef die Apostelberge hul steil hellings, dig begroei met allerhande soorte van bome en plante. Die silwerbome se mooi blare glinster as die koel windjie hulle roer, en steek helder af teen die somber dennebome en die donkergroen akkerbome.

By 'n paar vervalle ou geboutjies, wat die „Ou Kraal” genoem word, begin die weg te styg en loop verder van die see af. Nie te lank nie, of die bus gly om die voet van die laaste Apostel, en kort daarna het hulle Houtbaai se nek bereik.

Ver onderkant lê Houtbaaivallei voor hulle. Houtbaai self glinster soos silwer in die son, en ver bokant sy omgewing steek Karbonkelberg sy kop in die lug. Fanie maak hulle daar opmerkzaam op, hoe die fyn wit seesand hier deur die wind teen die hange van die berge uitgewaai is, en nou daar in die son lê en skitter soos klapok.

Nou gaan dit weer afdraand. „Sien julle die huis daar aan die linkerkant?” vra Fanie. „Dit is 'n egte ouderwetse Kaapse huis. Dit word „Kroondal’ genoem en is nog deur sekunde Van Oudtshoorn daar gebou. Kyk, hoe mooi steek die wit gewels af teen die donkergroen bome.” En mevrou Potgieter moes erken, dat so 'n ou huis, tenminste van die buitekant daar aanloklik genoeg uitsien.

Omtrent tien minute later staan die bus op Houtbaai se strand. Hulle hou hier omtrent 'n driekwartier lank stil, dus was daar kans vir die passasiers om hul

bene 'n bietjie uit te rek. Sodra klein Japie die hotel in die oog kry, vind hy meteens uit, dat hy weer so honger het, en was Ma verplig om hom met 'n stuk koek tevrede te stel. Toe moes hul kouse en skoene weer uit, en het die seuns op en bo-oor die growwe granietblokke geklim, wat 'daar op die strand lê, terwyl die kleintjies lekker in die water plas.

„Sien julle die ou murasie daar anderkant?” vra Fanie, „dit is al wat daar nog oor is van 'n fort, wat die Hollanders in die ou tyd hier opgerig het, om die kus te beskerm.”

Pa en Ma het 'n lekker plekkie uitgesoek onder die bome, vanwaar hulle 'n uitsig had oor die baai en die snaaksgevormde Hangberg. Daar het almal die inhoud van die mandjie aangespreek, en toe was dit ook al weer tyd om te vertrek.

'n Lang opdraand het die toeriste na Constantianek toe geneem.

„Nou kom ons in die wynland,” vertel hul gids. „Kyk, die wingerde is orals teen die hange van die berge geplant. Daar anderkant lê Simon van der Stel se ou woonplaas. 'n Mens kan die sierlike, spierwit gewel sien uitsteek tussen die donker akkerbome, wat die goewerneur hierlangs so volop geplant het. Hier het die groot goewerneur al sy vrye tyd deurgebring, en toe hy sy amp moes neerlê, het hy hier kom woon, en hom op die wynbou toegelê. En toe het die Constantiawyn net gou 'n Europese vermaardheid gekry.”

„Ja, ek kan die huis sien!” roep Lettie. „Gaan ons daarheen ook?”

„Nee, dit is baie jammer, maar ons het ongelukkig nie tyd daarvoor nie. As mevrou Potgieter daardie pragtige woonhuis van binne kon gaan beskou, dan sou sy vir altyd versoen wees met die ouderwetse huise.”

„Maar dit is ek al lankal,” antwoord Mevrouw. „Ek het nooit kon dink, dat die ou mense hul huise so lekker en gemaklik kon inrig, soos ek nou sien nie.”

„Staan hier êrens dan nie ’n standbeeld van Van der Stel nie?” vra Annie.

„Nee,” sê Fanie, „en op Stellenbosch ook nie. En tog is die Kaap hom baie dank verskuldig. Toe hy hier gekom het, was hierdie streek nog ’n woeste wildernis. Dit is vernaamlik aan Van der Stel te danke, wat geweet het hoe om natuur en kuns, skoonheid en nuttigheid te verenig, dat dit nou een van die fraaiste en liefste plekkies in die wêreld is.”

„Daar is eintlik ook nie ’n gedenkteken nodig om die nageslag aan so ’n groot man te herinner nie,” sê meneer Potgieter. „Alles hier bring hom vir ons voor die gees. As ’n mens ’n monument van Van der Stel wil sien, dan het jy maar net nodig om hier rond te kyk.”

„En wie woon nou in daardie huis?” vra Willem.

„Die hele plaas behoort nou aan die Regering,” antwoord sy vader. „Dit is nou ’n skool, waar jong wynboere kan gaan leer, hoe om ’n boerdery op die voordeligste manier in te rig, en hoe om wyn te maak volgens die nuutste metodes. Constantiawyn is vandag

nog wêreldberoemd en word elke jaar na alle oorde uitgevoer. In 1886 het die wynluis hier 'n groot verwoesting begin aanrig, en toe was die mense verplig om hul wingerde uit te roei. 'n Menigte wynboere was daardeur bedreig met algehele ondergang, maar sinds die tyd het hulle begin om nuwe soorte wingerdstokke in te voer, wat beter bestand is teen die plaag."

Onder die praat het hulle Constantia verbygegaan. Toe draai die pad noordwaarts. In byna onafgebroke rye staan die huise in Kaapstad se voorstede — Wynberg, Claremont, Nuweland — langs mekaar, en die een wil mooier en aanlokliker wees as die ander. Hulle loer ewe plesierig uit tussen groen bome en blomme, met die donker berghellinge as agtergrond. Aan alle kante verrys hoë lanings van reusagtige dennebome en forse akkerbome, met wyduitgestrekte takke, waardeur die sonstrale vrolik speel.

„Ag," sug Mevrouw, „ek sou graag hier wil woon. Dit is hier 'n aardse paradys!"

„Nou ja, dis goed, Moeder," belowe Vader, „sodra my skip met geld veilig aanland, dan kom woon ons hier en leef van ons rente."

„Ja, as ek daarvoor moet wag.!"

„Nou ja, dan sal ons ook maar tevrede wees om net daarna te kyk," troos haar man. „Ons sal maar probeer om nie afgunstig te wees nie, nè?"

„Ons moet hier uitklim," val Fanie hulle in die rede, „dit is Nuwelandslaan, en ons moet hier opstap, om by Groot Skuur te kom."

23. Groot Skuur.

In die dae, toe die binnelande van Afrika nog heeltemal onbekend was, en olifante en leeus nog orals vry rondgeloop het, en terwyl die hele Kaapse skiereiland nog maar 'n wildernis was, waar net wilde Boesmans rondgeswerf en Hottentotte met hul klein klompies vee geboer het, toe was Groot Skuur al 'n middelpunt van lewe en bedrywigheid. Toe was dit die Oosindiese Kompanjie se graanskure, en al hul graan en ander landbouprodukte het hulle daar gebêre, tot hulle dit nodig had vir die vlote, wat verbykom. Daar was ook windmeulens om meel te maal van die koring en ander soorte graan.

Die klimaat was sag. Die jong boomplantasies en die landerye het daar nie soveel gely onder die verskroeiende suidoostewind nie. Die grønd was uitstekend, en so langsaamerhand het die mooi wit huise met hul strooidakke orals in die vlakte en teen die hang van die berg begin verrys. Die ou koloniste was liefhebbers van bome. Duisende denne en akkerbome het hulle aangeplant, en in die geil grond het dit goed beantwoord en vermenigvuldig, totdat eers die boomlose vlakte verander was in een van die skilderagtigste plekkies op die wêreld.

Baie jare later het Cecil Rhodes 'n groot stuk van die rykbehoude grond gekoop, en vir hom daar 'n pragtige woonhuis laat bou en dit „Groot Schuur” gedoop as herinnering aan die verlede. En toe het hy 'n menigte oudhede en kunsskatte bymekaar gemaak en daarin bewaar. In 1896 het die gebou afgebrand,

waardeur baie merkwaardige en kosbare dinge verniel is, maar hulle het die huis op dieselfde plek weer herbou net soos dit vroeër was. Voor sy dood, in 1902, het Rhodes dit in sy testament bestem tot woonhuis van die toekomstige Eerste Minister van Verenigde Suid-Afrika.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Groot Skuur.

Daar was toe nog geen sprake van 'n Unie van die Suid-Afrikaanse state nie, maar Rhodes was 'n man, wat ver in die toekoms kon sien, en hy was oortuig daarvan, dat dit nog sover sou kom.

Hy het verder beskik dat die pragtige tuine en plantasies altyd moes oopstaan vir die volk van

Suid-Afrika, sodat enigeen maar daar kon gaan rondloop.

Daar gaan dan ook amper geen dag verby nie, of besoekers uit alle dele van ons land, ja, van die hele wêreld, kom daarheen om van die natuur te geniet. Op openbare vakansiedae is daar amper geen kloof of koel boom nie, of daár is 'n klompie vrolike piekniekgangers, wat hulle in die natuur verlustig.

„Sien julle die koperplaat daar in die middelste gewel net bokant die veranda?” vra Fanie, toe hulle eindelijk voor die huis staan. „Julle moet dit goed bekyk. Dit stel die landing van Van Riebeeck voor. Wag net so 'n bietjie hier, dan sal ek verlof gaan vra om die huis van binne ook te bekyk. Nou dat die Parlement sit, woon die Eerste Minister met sy famielie tydelik hier; miskien kan ons nou nie toegelaat word nie.”

Gelukkig was daar g'n moeilikheid nie en het Fanie 'n oomblik later vir hulle gewink om maar in te kom.

'n Bediende het klaargestaan om hulle rond te lei. Hy het hulle eers twee ou kanonne op die stoep gaan wys; een daarvan is afkomstig uit Oos-Afrika, toe die Portugese nog daar baasgespeel het.

Dit sal te lank neem om alles te vertel, wat die gaste in die ruim sale van Groot Skuur gesien het. Die hele gebou is eintlik een groot museum, want Rhodes was 'n man, wat 'n oog gehad het vir al wat mooi, kosbaar, of merkwaardig is, en hy het buitendien ook geld genoeg gehad om alles te kan koop wat hy wou. So het hy in Groot Skuur 'n skat van oudhede en historiese kuriositeite byeen gebring. Besoekers

kry daar die kunstigste meubels te sien, wat ooit deur mensehande gemaak is. Daar is stokou kiste met koper of yster beslaan, waarin die amptenare van die Kompanjie in die ou tyd hul dokumente bewaar het; kosbare Delftse en Sjinese porseleingoed, voëls, uit seepsteen gesny, wat ontdek is in die Simbabwe-ruïnes; goue versiersels, wat uit die tempels van Simbabwe kom, en die silwerolifant, wat hulle gekry het onder die puinhoop van Lobengoela se kraal by Boeloewajo.

Orals in die kamers, maar veral op die trappe van Groot Skuur, vind 'n mens die groot staande huis-klokke, wat die wonings van ons voorouers versier het, en waarvan Rhodes 'n hartstogtelike versamelaar was. Van die agterste balkon af kon die besoekers daar ver teen die helling van Duiwelsberg 'n monument sien, wat die vereerders van Rhodes vir hom daar opgerig het.


„Kom,” sê Fanie, „ons moet nou daarheen. Is Mevrouw nie te moeg om 'n entjie te klim nie?”

„Nee, glad nie,” sê Mevrouw, „ons het vandag mos nog nie so baie geloop nie, en ek voel nog lekker fris en uitgerus. Dit is seker die verandering van lug. Toe kom, laat ons maar loop.”

Die seuns het die berg uitgeklim soos bobbejane, en was taamlik gou daar, maar meneer en mevrou Potgieter moes 'n paar keer gaan staan om asem te skep, voor hulle die monument kon bereik.

Die gedenkteken maak 'n grootse indruk. Breë klip-trappe voer na 'n gebou in die vorm van 'n tempel, wat gedra word deur dik pilare. Weerskante op die

breë voetstukke lê ag uitgebeitelde leeus en voor in die middel staan 'n reusagtige standbeeld. Dit is 'n sterk geboude perd met 'n ruiter, wat op hom ry sonder toom, en wat sy hand bokant sy oë hou om in die verte te kyk.



Met verlof van die S. A. Spoorweg Dpt.
Monument vir Rhodes.

„Is dit nou Rhodes daardie?” vra Japie.

Maar Willem lag hom uit. „Wat makeer jy nou?” vra hy. „Dink jy dat Rhodes gewend was om so sonder klere aan bloots op 'n perd te ry? Japie is tog dom, nè Pa?”

Arme ou Japie word so skaam, dat sy gesiggie somar rooi word, maar Vader sit sy hand op sy koppie. „Nee wat,” sê Vader, „dit is nie so 'n danige

dom vraag nie. Japie is nog so klein, en hoe moet hy nou weet, hoe Rhodes gelyk het? Hierdie beeld is dan ook werklik bedoel om die groot, kragtige gees van Rhodes voor te stel; om af te beeld, hoe hy hom nooit wou laat ontmoedig deur moeilikheid of teenspoed nie, maar hoe hy altyd reg op die doel afgegaan het, wat hy homself voorgestel het."

„Was Rhodes dan 'n groot man?" vra Lettie.

„Ja, dit was hy seker," antwoord haar vader op 'n ernstige toon.

Hulle het intussen die trappe opgeklim, en voor die borsbeeld van Rhodes gaan staan. „Ons Afrikaners het ander ideale gehad as Rhodes," sê Vader weer, „en baie van ons het hom beskou as die grootste vyand van ons volk. Die middels, wat hy te baat geneem het om sy doel te bereik, was ook dikwels verkeerd in ons oë, maar dit neem nie weg nie dat vriend en vyand, nou dat hy dood is, volmondig moet erken, dat hy 'n man was met 'n helder blik in die toekoms; 'n man wat Suid-Afrika liefgehad het op sy manier, en seker 'n man, wat baie gedoen het vir sy vaderland en sy nasie."

„Kom, laat ons nou na die dieretuin toe gaan," sê Fanie.

„Wat? — 'n dieretuin?" roep Annie. „Net soos in Pretoria?"

„Ja, net so, kindjie, maar darem ook weer anders. Hier loop die diere vry rond, net die wat gevaarlik is, of sou wegloop, word in hokke opgesluit." En asof hulle sy woorde wou bevestig, kom daar toe net twee poue uit onder die bome langs die pad, en een van

hulle begin te pronk met sy pragtige stert, wat hy in die sonstrale oopsprei soos 'n waaier, tot groot vreugde van die kleintjies.

„Kyk daar in die gras,” roep Jan, „daar loop 'n eland, en daar 'n sebra!”

Op elke draai van die pad kon hulle iets nuuts sien. Leeus, tigers, luiperds, ens. is in sterk hokke opgesluit, terwyl hartbeeste, koedoes en kangaroos in ruim kampe los loop. Japie sou graag urelank by die apies se hokke wou deurgebring het, en die meisies was nie van die groot hokke met pragtige, bontgekleurde voëls weg te kry nie. Hier sien hulle 'n paar springbokke oor die veld hardloop, daar staan 'n kraanvoël op sy één been langs 'n spruitjie, en kyk die besoekers nuuskierig agterna.

„Kom, ons sit bietjie hier,” sê mevrou Potgieter, nadat hulle 'n tydlank rondgeloop het. „Dit is hier so stil en vreedsaam om 'n tydjie uit te rus. Julle het buitendien seker ook al honger gekry van al die rondloop.”

Hulle het almal onder die bome gaan sit, en die kos het net lekker gesmaak.

„Japie,” sê Willem, met 'n lag, toe Japie sy derde sny rosyntjebrood begin, „jy spel seker vreedsaam met 'n t, nè?”

Maar Japie is nie 'n man wat hom met spellery ophou nie. Hy het maar gou weer sy mond volgestop, net of hy daarmee wil te kenne gee, wat sy idee van „vreedsaam” is! Maar selfs nadat Japie se honger eindelijk gestil was, het die reisigers nog daar bly sit. Hulle kon nie van die pragtige plekkie afskeid neem nie. Dit was tog so mooi daar, — so groots.

Agter hulle die persblou berge, hier en daar verguld deur die strale van die middagson; digterby die heldergroen van bome en plante; laer af die grasvelde teen die hang van die berg, en hier naby hulle, onder die digte boomblare, waar die sonstrale so vrolik deur loer, hier murmel 'n spruitjie saggies tussen varklelies, varings en wilde klimop. Dit was tog te lieflik!

„Kom, kinders,” sê meneer Potgieter, „kom laat ons die versie saam sing, wat jul in die skool geleer het: My Vaderland.”

Saggies gee hy die noot, slaan die maat, en lieflik klink dit deur die helder lug:

Land, waar die son uit helder lug,
Straal oor veld, en berg, en rand;
Land, waar die somer nimmer vlug,
Jou het ek lief, — my vaderland!

Land, waar natuur sy wonders toon,
Sy skatte strooi met milde hand,
En wasdom gee, en vlyt beloon,
Jou het ek lief, — my vaderland!

Land, duur betaal met heldebloed,
Waar ons gebring is aan Gods hand,
Deur Sy gena gesteun, behoed,
Jou het ek lief, — my vaderland!

God van ons volk, hoor ons gebed,
Gee vrede en voorspoed in ons land,
Wil ons uit al ons node red,
O, God, behoed ons vaderland!

24. Die agste plaag. I.

„Die sprinkaan en die droogte
 Druk swaar op ons ou land,
 En wat die end daarvan moet wees,
 Gaan bokant my verstand”

sê die rympie, en van al die plaes, wat in Suid-Afrika heers, is die twee ook regtigwaar die ergste. Dit is moeilik om te sê, wattereen van die twee die meeste skade veroorsaak; maar die verwoesting, wat deur sprinkane aangerig word, kom so skielik en is so totaal, dat dit nog meer in die oog lopend is, as die ellende, wat die gevolg is van 'n langdurige droogte.

Dit is in die middel van die somer en baie warm. Die voormiddag se werk op die plaas is nou klaar. Die baas van die plaas het huis-toe gegaan en sit nou sy pyp en rook op die stoep. Die kaffers is by hul strooihuise, of lê in klompies bymekaar onder die skaduwee van 'n boom en rus.

Oor 'n tydjie moet almal weer aan die werk gaan, maar op die warmste van die dag heers nou orals rus en stilte. Die windjie ruis saggies deur die jong mielies, en daar anderkant golf die groen koringlande. Verder af loop die beeste en wei. Die bome versprei 'n fris koelte om die huis, en agter in die tuin staan die groente, wat die vrou met haar eie hande gesaai en natgelei het, so geil, dat dit 'n plesier is om te aanskou.

Meteens spring een van die kaffers op. Hy hou sy hand bokant sy oë, kyk na die noordwestekant toe, en gee onverwags 'n harde skreeu, wat sy maats uit

hul slapie laat opskrik. Sy baas kom ook uit om te kyk, wat dit is.

Daar in die verte, bokant die bome, dryf 'n ligte bruinagtige wolk. Sou dit 'n grasbrand wees? — Die boer weet beter!

Hy het dadelik gesien, watter gevaar hom dreig. Almal op die plaas begin dadelik te woel.

Hulle het die warmte en hul moegheid vergeet. Die kinders storm die huis uit, en wapen hulself met lang boomtakke; die kaffers loop heen en weer met parafienblikke; sommige dra hopies droë gras bymekaar. So gou as moontlik hardloop hulle almal na die koring- en mielielande toe. Die bruin wolk kom vinnig nader, en word groter en donkerder. Hy brei hom links en regs uit, en keer die son se strale weg, sodat daar 'n treurige, dowwe skaduwee soos 'n donker sluier oor die veld trek. In die lug is daar 'n eienaardige gedruis.

Nou hoef 'n mens nie meer te twyfel, wat dit is nie. Dit is 'n swerm sprinkane. Duisende en miljoene sprinkane. Die voerpunt is al hier bokant ons, maar die ent van die ontelbare skare is nog glad nie te sien nie. Die wind dryf hulle ongelukkig net na die helder groen mielielande toe. Vanmôre het die boer nog met plesier na sy gesaaide staan en kyk. Dit het hom tog soveel werk gekos. Met hoeveel moeite en sorg het hy nie sy land geploeg, gesaai en geskoffel nie! Nou sien hy vol hoop uit na 'n goeie oes, om hom te beloon vir al sy arbeid.

Maar op sy lande en orals rond val nou 'n stortreën van insekte. Die grond is bedek met sprinkane, en die lug wemel van hulle. Die arme boer doen alles

wat in sy mag is, om sy lande te red. Wit en swart, oud en jonk, almal help. Hulle slaan met oorverdowende geraas op die leë blikke, swaai met takke, slaan met stokke en rieme, steek bondels droë gras aan die brand en maak rook vir al wat hulle werd is, skree en raas om die vernielers weg te jaag, maar dit help alles niks. Dit lyk, of daar duisende in die plek kom van elke sprinkaan, wat doodgemaak of weggeja word. Elke groen stingel en blaar buig onder die gewig van 'n tros sprinkane. Op die end moet hulle tog maar die stryd hopeloos en moedeloos opgee. Die kaffers gaan terug na hul strooihuise; die boer sit treurig op sy stoep en kyk magteloos na die verwoesting. Orals, sover as hy na alle kante kan sien, is die grond bedek met sprinkane, wat daar deurmekaar krioel.

In omtrent 'n uur se tyd rys die wolk weer op.

Watter verandering! Waar 'n uur gelede pragtige groen lande en veld was, is nou niks anders as die kaal rooi aarde te sien nie. Elke halmpie is tot in die grond afgevrete; geen enkele groen blaartjie is meer te sien nie, mielies, koring, gras, . . . alles is weg.

In die tuin kan 'n mens skaars sien, dat daar eenmaal groente gestaan het; tot die blare van die bome is afgevrete.


Daar in die verte dryf die geel wolk weg na die suidoostekant toe, hy het niks anders as verwoesting en ellende agtergelaat nie. Dit is geen wonder dat die boer sy hande moedeloos laat hang, as hy sien, hoe al die vrug van sy arbeid hom in 'n uur se tyd ontroof word nie.

25. Die agste plaag. II.

Waar kom al die miljoene sprinkane vandaan? Kan daar dan niks gedoen word, om ons land van die plaag te verlos nie?

In die laaste tyd het knap mense in Suid-Afrika probeer om hierdie vrae te beantwoord. Dit is aan hul ondersoekings te danke; dat ons nou die sprinkane se lewensgeskiedenis ken, en die hoop mag koester om die vernielers baas te raak.

Die eintlike boerplek van die sprinkane is in die warm sandvlaktes van Noord- en Suid-Afrika, vernaamlik in die Kalahari. In Desembermaand trek die swerms daarheen, en gaan lê hul eiers daar. Hul agterlyf is voorsien van 'n soort boor, waarmee hulle 'n skuins boorgat in die grond maak, omtrent 'n duim diep en een-sesde van 'n duim wyd. Daarin lê hulle dan omtrent dertig eiertjies mooi netjies op en langs mekaar. Die eiertjies het die fatsoen van 'n lang, dun boontjie, geel-wit van kleur en omtrent so groot soos 'n halwe ryskorreltjie. As die eiertjies eenmaal gelê is, is die sprinkaan se lewens-taak ook afgedaan. Hy swerf nog 'n paar dae doelloos rond, en dan gaan hy dood.



As dit warm, kalm weer is, kom daar tien dae later al klein liggeel sprinkaan-tjies te voorskyn. In omtrent 'n uur se tyd ver-

ander die kleur in bruin. Die sprinkaantjies het dan nog nie vlerke nie, en lyk baie na klein kriekies. As die grond hard en droog is, soos dikwels die geval is in die woestyn, dan kom die eiertjies nie so gou uit nie, maar hulle bederf ook nie, en behou vir 'n baie lang tyd hul lewenskrag. Dit het al gebeur, dat hulle langer as vier jaar in die grond bly, en dan nog uitbroei so gou soos die grond nat en warm genoeg is.

Net soos 'n sprinkaan uit die eier kom, begin hy te eet so hard as hy kan. Eers kan hy nog nie so baie kwaad doen nie, want hy is nog klein en kan vereers nie alte ver gaan nie, maar hy word by die dag sterker en groter. Net gou is sy baadjie te klein vir hom. Dit bars oop op sy rug langs, en die sprinkaantjie kruip daar uit met 'n nuwe jassie aan, wat gou hard word in die son. Dit gebeur verskeie male solank soos hy nog jonk is. In omtrent 'n maand se tyd is 'n voetganger-sprinkaan uitgegroeï, en by dié tyd is hy al ver van sy geboorteplaas af. Voetgangers rig 'n nog groter verwoesting aan as die volwasse insekte, en die wêreld, waar hulle langs getrek het, is so kaal afgevrete soos 'n wapad. Eindelik begin hul vlerke te ontwikkel. Eers kom daar kort skilde uit, weerskante van hul kop, daarna kry hulle 'n rooi vel aan hul bolyf. Dan word hulle „rooi baadjies” genoem.

Onder die rooi vlies kom later die twee paar vleuels uit van die uitgegroeïde insek. So gou soos dié vlerke in die son hard en sterk genoeg geword het, vlie die hele swerm op in die lug, en begin met hul verwoestingsveldtogte. Omtrent al wat groen is, word hul prooi, maar gras en graan is hul geliefkoosde spyse.

Hul instink voer hulle na die bewoonde streke van Suid-Afrika, waar hulle dan bly van Junie tot Augustus. Dan lê hulle weer hul eiers, wat uitkom sodra die vroeë somerreëns die grond natmaak, en dan kry die jong voetgangertjies genoeg kos van die gras en ander plante, wat orals uitspruit.

In Desember is die tweede geslag al weer uitgegroeï, en laat hulle dan deur die wind rondvoer oor die hele Suid-Afrika, tot hulle eindelijk teen die end van die jaar weer na die Kalahari terugtrek.

Dit lyk of 'n swerm sprinkane heeltemal aan die genade van die wind oorgelewer is. Selfs in stil weer kan hulle maar sleg 'n bepaalde koers hou. As die wind dus 'n hele paar dae agtermekaar uit die noorde of van die westekant af waai, word die swerm eindelijk na die see toe gedryf. As hul rustyd aankom, so teen die aand, dan stort hulle neer in die golwe. Dan kan dit gebeur, dat die strand die volgende dag orals besaai is met dooi sprinkane.

Sprinkane vlieë nie snags nie. Teen die aand word hulle lui en loom van die koel lug, en soek vir hulle 'n slaapplek op bome of op die grond. Hulle verkluim maklik van koue, en as dit in die nag swaar gedou het, kan hulle die anderdagmôre amper nie wegkom nie. Maar so gou soos die dou opgedroog is, en die son hulle weer begin warm maak, herleef hulle weer, en kan weer verder vlieë.

Daarom is dit smôrens vroeg die beste tyd om hulle uit te roei. Somtyds jaag die mense 'n klomp skape heen en weer oor die veld, waar die voetgangers geslaap het, sodat die vee hulle kan doodtrap.

Partykeer grawe hulle slote, dryf die voetgangers daarheen, en spuit hulle dan dood met sterk seepwater.

In die laaste tyd het die regering ook baie pogings aangewend om die sprinkane uit te roei. Hulle het nog die beste resultate verkry deur die gras, wat die sprinkane eet, te bespuit met stroop vermeng met 'n oplossing van gif. Natuurlik moet 'n mens dan oppas, om die vee nie op daardie plek te laat wei, voordat die reën die gif weer afgewas het nie.

Maar die natuur kan meer doen as die mens. Somtyds word groot swerms sprinkane skielik aangetas deur 'n wonderlike, aansteeklike siekte, wat hulle almal binne 'n paar dae se tyd aantas en doodmaak.

Sommige soorte voëls, veral die groot en klein sprinkaanvoëls, voer ook 'n voortdurende oorlog teen hulle.

Die volgende word meegedeel deur 'n boer uit Tarkastad se distrik:

„Van Maandag af het ons elke dag hier sprinkane gesien, maar by elke swerm was ook sprinkaanvoëls. Vandag het hier drie swerms verbygetrek, en ek is seker daarvan dat goed 'n 2500 of 3000 voëls hulle agtervolg het. Ek kan my nie herinner, dat ek ooit in my lewe soveel voëls bymekaar gesien het nie. Dit lyk, of hulle die sprinkane na die oostekant toe drywe, en hulle keer as hulle na die Karo se kant of na die droë sandvlaktes toe wil gaan. Ek het opgelet, dat die voëls meer as eenmaal op 'n dag gaan water drink en dit is miskien die rede, waarom die sprinkane nie uitgeroei word in die woestyne, waar geen water is nie.”

26. Dageraad.

Die daagraad kruip die dieptes uit,
uit stille nag gebore,
en vleg 'n krans van pêrelglans
om slape van die môre.

Hy sweef op goue vleuels aan
en ry op wolke-some:
Daar 's glimlag op die bergery,
daar 's blydschap in die strome.

Hy skuif die wolle deken weg
van bergekruin en hange
en wek, so doend, 'n weelde-blos
op bolle rotse-wange.

Hy lig die woud-paleise op,
en vul hul lommersale
met vreugde-sange, wyd verbrei
deur klowe en oor dale.

Die velde bloos 'n maagdeskoon,
ontwaak uit lentedrome —
Daar 's glimlag op die bergery,
daar 's blydschap in die strome.

H. H. JOUBERT. *Dageraad en Sonneskyn.*
J. H. DE BUSSY, Pretoria.

27. 'n Jong regter. I.

Baie, baie lank gelede het daar in Bagdad 'n koopman gewoon met die naam van Ali. Deur sy hardwerkendheid en verstandige oorleg het hy 'n vermoënde man geword. Omdat hy geen vrou of kinders gehad het nie, het hy besluit om aan 'n wens, wat hy al lank gekoester het, te voldoen en 'n pelgrimstog na Mekka te maak. Hy het al sy besittings verkoop en, voor hy op reis gegaan het, duisend goudstukke in 'n pot weggebêre. Toe het hy die pot verder met olywe opgevul, die deksel daarop gesit, en dit daarna heeltemal lugdig met klei toegesmeer.

„'n Mens weet nooit, wat jou op die pad kan oorkom nie,” dink hy. „As ek terugkom, sal ek seker weer geld nodig hê, en dit is altyd verstandig om iets te bewaar vir 'n tyd van nood.” Hy bring toe die pot na Hassan toe, een van sy vrinde, wat hy heeltemal vertrou het, en vra hom om tog die pot met olywe vir hom te bewaar, tot hy terugkom.

„Met plesier,” sê Hassan. „Hier is my pakkamer se sleutel; gaan sit die pot maar self daar weg. Ek belowe jou, dat niemand daar by sal kom nie, tot jy dit self weer kom haal.”

Ali het sy vrind bedank, hartlik van hom afskeid geneem en toe op reis gegaan.

Sewe jaar het verbygegaan. Ali het Mekka besoek, en daarvandaan na Indië gereis om die pragtige stede van daardie beroemde land ook te gaan sien.

Hy het nooit aan sy vrinde in Bagdad geskrywe nie, en niemand het geweet, wat van hom geword

het, of wanneer hy weer sou terugkom nie. Al die tyd het die pot met olywe in Hassan se pakhuis bly staan. Die jare het een na die ander verbygegaan, en Hassan sou miskien die hele saak vergeet het, as sy vrou nie een aand aan tafel gesê het nie: „Ek wens, dat ek nou hier 'n paar olywe gehad het. Jy weet ek hou baie daarvan, maar ek het lank laas een geproe.”

„Olywe?” sê Hassan. „Dit laat my nou net gedagte kry, dat Ali my jare gelede 'n pot met olywe gebring het, om vir hom te bewaar; dit staan nog altyd in my pakhuis. Van dié tyd af het ek nog nooit weer van hom gehoor nie. Waarskynlik is hy lankal dood, of as hy ooit weer terugkom, sal hy seker nie eers meer aan die olywe dink nie. Gee vir my 'n skottel, dan sal ek vir jou daarvan gaan uithaal.”

„Nee,” antwoord sy vrou, „dit moet jy nie doen nie. Ali het die pot met olywe aan jou toevertrou, en jy het belowe om dit vir hom op te pas. Dit is nou al byna sewe jaar, wat die pot daar staan, en jy moet dit nou ook liewers nie gaan oopmaak nie.”

„Aag, dis bog,” sê Hassan, met 'n lag, „dink jy dat Ali ons 'n paar olywe sal misgun?” en hy steek 'n kers op, en gaan daarmee na die pakkamer toe.

Daar staan die pot in 'n hoek, bedek met sewe lange jare se stof. Toe Hassan die deksel afhaal, sien hy dadelik, dat die boonste olywe heeltemal bederwe was. „Ondertoe sal dit miskien beter wees,” dink hy, en hy tel die pot op, en keer dit om op die skottel. Maar hoe verbaas was hy nie, toe daar 'n stroom van goudstukke in die skottel uitrol!

„Aha!” dink hy, „lyk Ali se olywe so? Wag, die soort kan ek ook goed gebruik!” Hy gooi weer die geld in die pot, en gaan toe terug na die eetkamer.

„Dit spyt my, vrou,” sê hy, „maar jy sal maar vanaand sonder olywe moet bly, want die wat in Ali se pot was, het almal sleg geword.”

Die volgende môre het hy mark-toe gegaan, en daar ’n mandjie vars olywe gekoop. Toe het hy die goud uit die pot gaan haal, die vermufte olywe ook, en die pot weer met vars olywe opgevol. Die geld het hy in ’n sakkie gegooi, en êrens op ’n veilige plek gaan wegsteek.

Omtrent ’n maand later het Ali teruggekom, en eerste sy ou vrind Hassan gaan opsoek, wat gemaak het, of hy baie bly was om hom weer te sien. Ali het hom eers ’n tydjie van sy reisondervindinge gesit en vertel, en toe na sy pot verneem.

„O ja, dis waar!” roep Hassan uit, „ek het die pot al amper skoon vergeet. Maar gaan kyk maar self. Hier is die sleutel. Ek dink, die pot staan nog op dieselfde plek, waar jy hom destyds neergesit het.”

Ali het die sleutel gevat, pakkamer-toe gegaan, en die pot daar gekry, skynbaar nog onaangeroerd. Hy het vir Hassan bedank, en die pot huis-toe geneem; maar wie sal sy teleurstelling beskrywe, toe hy vind, dat al sy geld daaruit verdwyn het.

Hy het dadelik weer na Hassan toe teruggegaan, en hom gevra, wat van sy goud geword het.

„Goud?” sê Hassan ewe verwonderd, „ek weet niks van jou goud af nie. Jy het my ’n pot met olywe gegee om vir jou te bewaar, en dit het jy mos weer hier kom haal, of nie?”

„Ja, maar daar was duisend goudstukke in die pot!”

„Daar weet ek niks van nie. Jy het self die pot in my pakkamer gaan sit, en dit self weer daar gaan uithaal. En daar was niemand anders by nie.”

„Dan sal ek maar die saak by die regter gaan aan-gee,” sê Ali, en hy gaan kla by die kadie, wat toe vir Hassan laat voorkom. Ali het sy saak bepleit, maar hy kon natuurlik geen getuie bring wat gesien het, dat hy die geld in die pot gesit het nie. En Hassan het gesweer, dat hy nooit die pot aangeraak het nie, en daar was ook niemand om te bewys, dat hy onwaarheid praat nie. Die gevolg was dat Hassan vrygekom het, en verheug na sy huis teruggegaan het.

Maar Ali was nie tevrede nie. Hy het 'n versoekskrif opgetrek, waarin hy die kalief self gesmeek het om hom reg te laat geskied.

Toe dit die aand begin donker word, het die kalief en sy visier of minister 'n wandeling gemaak deur die stad, altwee soos gewone mense aangetrek. Na 'n tydjie kom hulle by 'n groot plein, waar 'n klompie kinders besig was om te speel. „Kom, ons luister wat hulle daar speel,” sê die kalief, en hy en die visier gaan sit op 'n bank, wat in die skaduwee van 'n muur staan.

„Ek ken 'n mooi speletjie,” roep een van die seuns. „Kom, ons speel vandag regter.”

„Ja, dis goed!” sê sy maats. „Wie sal kadie wees?”

„Ekke,” sê die seun, wat eerste gepraat het. „Een van julle is Ali, en 'n ander is Hassan.”

Hy gaan sit ewe deftig en styf, en die twee kinders,

wat gekies was vir Ali en Hassan, kom ewe eerbiedig nader, en buig voor hom neer.

„Nou toe nou, Ali,” sê die klein regtertjie, „kom vertel my nou mooi, wat jou klagte is.”

Die seun vertel die hele geskiedenis van die pot met olywe, maar toe die andereen aan die woord kom, stry hy hoog en laag, dat hy niks van die goud afweet en die pot nooit aangeraak het nie.

„So,” sê die jong regter, „nou ja, laat ek nou bietjie die pot met olywe sien.”

„Dit staan nog by my huis,” sê Ali.

„Stuur dan dadelik iemand om dit te gaan haal.”

Een van die jongetjies loop na 'n hoek van die plein en kom kort daarna terug met 'n blokkie hout, wat kastig die pot moet voorstel. Die klein kadie maak of hy die deksel opla. „Dit is pragtige olywe, Ali,” sê hy, „die pot is propvol. Hoe het jy gesê, hoe lank gelede is dit, dat jy die olywe daarin gepak het?”

„Sewe jaar gelede,” antwoord Ali, „dit was net die dag, voor ek na Mekka toe vertrek het.”

„Dan moet ek sê, dat hulle wonderlik goed gebly het,” vervolg die kadie. Hy maak, of hy aan een proe. „Die olywe smaak so lekker vars, of hulle nog nie 'n jaar oud is nie. Ek het nooit geweet, dat olywe so lank goed kon bly nie. Is hier miskien olyfkwekers in die hof?”

Twee van die seuns kom nader.

„Hoe lank sal olywe goed bly, as 'n mens hulle inpak?” vra die kadie.

„Drie jaar, op sy allèrhoogste.”

„Ondersoek die olywe in hierdie pot. Hoe oud kan hulle wees?”

Die twee seuns neem die pot aan, en maak of hulle die olywe daarin sorgvuldig ondersoek. „Die olywe is ongetwyfeld nog in hierdie somer gepluk,” verklaar hulle eindelijk, „en is seker nie meer as drie maande oud nie.”

„So,” sê die kastige kadie, „dan is dit tog duidelik, dat dit nie die olywe is, wat Ali daarin gesit het nie. Die man wat hierdie olywe in die pot gegooi het, is ook die man, wat die geld daaruit gesteel het. Hassan, wat het jy nou te sê?”

Die seun, wat Hassan moet voorstel, val meteens op sy knieë voor die kadie om sy misdaad te bely en om genade te smee.

„Jou ellendige dief!” roep die jong kadie met ’n kwaai gesig, „jy het jou skuldig gemaak aan een van die gemeenste misdade. Jy het jou vrind besteel, wat jou vertrou het. Ek veroordeel jou om opgehang te word.”

Dadelik gryp die ander seuns die kastige Hassan, en sleep hom daar weg, terwyl hulle die slim regter hardop toejuig vir sy uitspraak, en daarmee was die speletjie op ’n end.

28. 'n Jong regter. II.

„Wat dink jy van die seuns?” vra die kalief vir sy visier.

„Ek het nooit gedink, dat daar soveel wysheid in so 'n jong seun kon sit nie,” antwoord die visier.

„Môre moet dieselfde saak voor my kom,” sê die kalief weer, „dan moet jy dieselfde seun ook in die hof laat kom. Ek sal hom dan self die saak van die egte Ali en Hassan op sy eie manier laat ondersoek. Sorg nou, dat daar 'n paar olyfkwekers teenwoordig is, en bring die kadie ook, dan kan hy van die seun leer om sy gesonde verstand te gebruik, as hy agter die waarheid wil kom.”

Die anderdagmôre het die seun 'n boodskap ontvang, dat die kalief hom wou sien. Hy het lelik geskrik, en kon maar nie dink, watter kwaad hy dan gedoen het nie. Sy hart het net onrustig geklop. Maar die kalief het hom vrindelik ontvang. „Ek het jou gister regter sien speel,” sê hy, „en jy het dit net knap gedoen. Vandag sal ek die saak van Ali en Hassan in volle erns voor jou laat kom, en dan kan jy hulle uitvra. Moenie bang wees nie. Jy kan maar vrae stel en orders gee, net soos jy wil. Ek sal sorg, dat jou bevele uitgevoer word.”

Hy laat die seun op sy regterstoel sit, en kort daarna kom die aanklaer en die beskuldigde ook in die hof.

„Hierdie seun sal julle saak ondersoek,” sê die kalief. „Julle moet hom met dieselfde eerbied behandel, wat julle aan my sou betoon.”

En toe kom die saak in die hof op dieselfde manier

voor, as die vorige aand op die plein. Die seun was in die begin baie skaam. Hy het gebloos en gesukkel om te praat, maar hy het gou op stryk gekom, en ewe kalm en bedaard die saak ondersoek.

Ali het weer sy klagte voorgebring, en Hassan het homself verdedig. Daarna moes die pot met olywe vertoon word, en moes die olyfkwekers dit ondersoek.

„Is dit moontlik dat hierdie olywe al sewe jaar lank in die pot is?” vra die klein regter.

„Nee, dis onmoontlik,” roep die twee kwekers albei gelyk. „As olywe so lank bewaar word, dan krimp hulle in en word droog. As hierdie vrugte sewe jaar gelede in die pot gesit was, sou hulle nou so ingekrimp wees, dat die pot skaars half sou wees. Maar soos julle self sien, is die pot propvol.”

Toe Hassan sien, dat sy misdaad ontdek is, het hy op sy knieë geval en om genade geroep. „Genade!” smee hy, „ek sal die goud teruggee. Ek het dit in ’n sak in my kelder. O, skenk my genade, en spaar my lewe!”

Die regtertjie kyk met medelye na hom, maar hy praat niks. Eindelik word die stilte verbreek deur die kalief. „Spreek die vonnis uit!” gebied hy die seun.

„Nee,” antwoord die klein kadie, terwyl hy van die regterstoel opstaan. „Gister was dit maar speletjies, maar vandag is dit erns. Dit sou my nie pas om die ongelukkige man te veroordeel nie.”

„Dit is ook waar,” stem die kalief in. „Dan sal ek dit vir jou part doen.” Hy spreek die vonnis uit, en die dief word weggelei. Die kadie, wat ook in die hof was, en na alles geluister het, was glad nie op sy gemak nie.

„Ek hoop, dat jy vandag 'n les geleer het,” sê die kalief vir hom, „en dat jy in vervolg geen moeite sal ontsien om 'n saak grondig te ondersoek nie. Hierdie seun het homself 'n beter regter getoon as jy.”

En die kalief was so ingenome met die seun, dat hy hom op sy koste laat opvoed het, en hom later 'n uitstekende betrekking aan sy hof gegee het.

29. Die Museum.



Die Portugese rig 'n kruis op aan die Kaap.

Dit was al teen die aand, toe die gaste weer met die trein in Kaapstad terugkom. Die weer was ook heeltemal verander. Die dik wolke, wat die agtermiddag uit die see opgekom het, het hoër en hoër geklim, en sò stadigaan die hele lug bedek. Toe begin daar 'n onplesierige motreën te val en 'n koue windjie te waai.

Fanie het somar in die losieshuis geëet, en hulle het verder saam die aand met lekker gesels oor die „goeie oue tyd” deurgebring.

Die volgende môre was die lug ook nog somber. Dit was maar goed, dat hulle besluit het om dié dag die Museum te gaan besoek, want 'n motortog of 'n wandeling sou hulle tog nie kon geniet het nie. Fanie het die famielie tot by die ingang van die Museum gebring, op die bo-ent van die Botaniese Tuin, en daar van hulle afskeid geneem, om volgens afspraak saam met Jan na die kantoor van die mailbote te gaan.

Meneer Potgieter moes dus maar weer die baantjie van gids op hom neem. „Ons moet nou almal bymekaar bly,” sê hy vir die kinders, „en julle moet nêrens aan vat nie.”

In die voorste saal van die Museum staan 'n hele paar posstene teen die muur, net soos die een, wat hulle al in die poskantoor gesien het. Dit was vir die geselskap 'n aardigheid om te probeer uitmaak, watter skepe daar briewe agtergelaat het, en waarheen hulle op reis was.

'n Mens kon ook sien, dat sommige van die stene nie briewe bedek het nie, maar dat 'n streep, wat daarin gekap was, aangewys het in watter rigting die briewe moes gesoek word.

„Kyk bietjie hier,” sê meneer Potgieter, „hierdie steen is die oudste gedenkteken, wat Europeane hier agtergelaat het. Dit is 'n stuk van die kruis, wat Bartholomeus Dias opgerig het, toe hy by Angra Pequena geland het. Weet jy nog in watter jaar dit was, Lettie?”

„Dit sou regtig 'n skande wees, as ek dit nie eers weet nie,” antwoord sy, „in 1486 natuurlik.”

„Sien Pa nou? Lettie is nie so dom soos sy lyk nie,” pla Willem haar.

„Nee, en dit is nou juis die verskil tussen ons twee,” is Lettie se snipperige antwoord.

„Stil, kinders, moenie sulke onvrindelijke dinge sê nie,” waarsku Pa. „Ek weet, julle meen dit nie so erg nie, maar Salomo sê: 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af; maar 'n smartende woord laat die toorn oprys.”

„En waar is die ander stuk van die kruis?” vra Willem.

„In 'n museum in Lissabon,” antwoord sy vader. „Kom, ons gaan nou verder.”

Hulle kom nou in die afdeling van die insekte en seediere. Allerhande soorte insekte, afkomstig uit Afrika sowel as uit ander lande, is netjies in groot glaaskaste met spelde vasgesteek. Daar is krappe met knypers soos knyptange; groot kewers en torre uit Indië en Amerika; spinnekoppe en skerpioene. Daar is ook skoelappers, so groot soos 'n mens hier nooit sien nie en met die pragtigste kleure. Die seediere is meeste in groot fesse, en Lettie het die aanmerking gemaak, dat dit 'n mens laat dink aan Moeder se spens, as die inmaaktyd net verby is, en die fesse met konfyt en jam sulke rye staan op die rakke.

„Maar jy sal seker nie vir hierdie soort konfyt lus kry nie,” sê Annie.

„Nee, dankie tog, vir my nie. Kyk watter aaklige gedierte is hier in die groot fles.”

„Dit is die oktopus of inkvis,” is meneer Potgieter se uitleg. „Kyk, hy het 'n bek, wat na 'n pappegaaï

s'n lyk, en daar rondom sit ag voelarms of pote soos slange, vol suiers, waarmee hy sy prooi vassuig. As die dier vervolgt word, dan spuit hy 'n donkerbruin vog uit, wat hom onsigbaar maak, omdat dit die water donker kleur. Van die ink word 'n soort bruin verf gemaak, wat die mense Sepia noem. Daar bestaan inkvisse in die see, wat so groot word, dat hulle selfs 'n man in hul suigarms kan vasklem, en in die diepte aftrek. Seeliede noem dié soort die duiwelsvis."

„Dit is net 'n goeie naam daarvoor," sê Moeder. „Kom, laat ons nou maar verder gaan, anders droom ek nog vannag van al die nare goggas."

In 'n volgende kamer is allerhande oudhede *) te sien, onder andere 'n boog, waar die groot Napoleon mee teiken geskiet het, toe hy 'n banneling was op St. Helena; en 'n draagstoel, waarin een of ander meneer, of miskien 'n aanstellerige jong dametjie haar laat rondra het, as sy op besoek wou uitgaan.

„Ek sit liewers in 'n motorbus," sê Annie. „As 'n mens in so'n draagstoel sit, dan het jy ook nie veel plek om jou te beweeg nie. Watter ou stoel staan daar?"

„Dit is die stoel wat goewerneur Noodt in gesterf het."

„O ja," val Willem in, „ek ken daardie geskiedenis. Dit word vertel, dat die goewerneur vier soldate ter dood veroordeel het. Toe hulle sou opgehang word,

*) Party van die oudhede, wat hier genoem is, is later na die Koopmans—De Wet Museum oorgebring.

het een van hulle uitgeroep: „Noodt, ek daag jou vandag voor die regterstoel van God!” En toe die mense vir Noodt gaan vertel, dat die doodvonnis uitgevoer is, toe kry hulle hom dood in sy stoel.”

„Ja, ja, dit is wat ons vertel word,” sê Vader, „maar ek twyfel daar baie aan, of daar veel waarheid in die storie sit.”

In hierdie kamer is verder ’n slaweklok te sien, soos daar vroeër op elke groot plaas was, om die slawe bymekaar te roep; ou geldkiste met koper beslaan; pragtige geslypte bokale of drinkbekers; goue geldstukke, gewigte, beeldjies, ens, uit die ruïnes van Simbabwe; allerhande huisraad en versiersels, wat in en by die piramiedes van Egipte gevind is, en nog baie ander dinge.

Hulle het ’n oomblik stil gestaan by die lewensgroot beelde van Boesmans en Hottentotte. Mooi was die beelde nie. „Hulle lyk net soos ape,” sê Japie, maar Vader het vir hulle uitgelê, dat dit darem die moeite werd is om die beelde te bewaar, te meer nou dat die rasse amper uitgesterf is, al was dit nou maar net om vir die nageslag te wys, hoe die eerste bewoners van Suid-Afrika daar uitgesien het.

Toe hulle by die ertse en gesteentes kom, het meneer Potgieter vir hulle die stukke blou grond gewys, waar diamante in gevind word. Daar is ook ’n stuk glas, wat die vorm en grootte het van die grootste diamant van die wêreld, wat hulle in die Premier Myn naby Pretoria gekry het, die sogenoemde Cullinamdiamant. Die stuk glas is ’n namaaksel van die

diamant, soos hy gelyk het, toe hy uit die grond kom. Daar is ook 'n klompie modelle, wat die verskillende diamante moet voorstel, wat gemaak is van die ou grote, nadat dit in stukke gekloof, en elke stuk weer apart geslyp is.

„Hier is iets besonders,” sê meneer Potgieter, en hy neem hulle na 'n paar groot stukke en brokke sandklip.

„Wat is dit?” vra Lettie.

„Kom kyk,” sê haar vader, „in hierdie stukke sandsteen kan 'n mens die bene van diere sien, en die afdruksels van plante, wat nou lankal nie meer bestaan nie. Lank voor die sondvloed, toe die wêreld nog baie jonk was, het daar diere geleef, en was daar plante, wat nou al eeue gelede uitgesterwe is, maar waarvan ons van tyd tot tyd, nog oorblyfsels in die grond vind. Die versteende oorblyfsels of fossiele toon ons, dat daar destyds olifante was, goed tweekeer so groot soos die wat teenswoordig nog bestaan; akkedisse, wat veertig voet of nog langer was; en voëls, wat eiers gelê het so groot soos 'n maatammer.”

„Goed, dat ek tog nie toe geleef het nie,” sê Annie. „Sê nou 'n mens kry so 'n reusagtige dier langs die pad, as jy skool-toe gaan!”

Op die boonste verdieping van die Museum kom hulle by 'n menigte opgestopte diere.

„Ons land is tog maar ryk aan allerhande soorte van diere,” kon meneer Potgieter nie help om te sê nie. „Kyk tog net hoeveel soorte van bokke! En so verskillend van mekaar. Kyk nou net die onderskeid tussen hierdie allerliefste bloubokkie, wat skaars 'n